

**Die ver-Suid-Afrikanisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie:
'n Studie van SANLAM (1918-1980)**

Randall Adams

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenboch.



Studieleier: Professor G. Verhoef

Mede-studieleier: Doktor W.P. Visser

Desember 2011

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat my eie oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyrechte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 12 April 2011

Kopiereg © 2011 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Bedankings

Hiermee wil ek graag my dank en waardering uitspreek teenoor diegene wat 'n sterk bydrae tot die realisering van hierdie verhandeling gelewer het. Eerstens, baie dankie aan professor Grietjie Verhoef en doktor Wessel Visser vir julle uitstekende leiding, insig en bystand. Baie dankie aan Verity Rossouw en haar span by die SANLAM-argief vir ondersteuning gedurende die navorsingsperiode. Baie dankie aan Corinne Harmsen vir die bemoediging en die hulp met die versorging van die finale dokument. En laastens, dankie aan familie en vriende, met spesiale verwysings na mamma en Petra, vir julle ondersteuning en verdraagsaamheid.

Opsomming

Gedurende die twintigste eeu het SANLAM as bron van finansiële stabiliteit en -hulpverlening sterk ontwikkeling en 'n belangrike rol in die ekonomie van Suid-Afrika gespeel. Daardie rol is moontlik gemaak deur die doeltreffende versameling en bestuur van finansiële bates asook die ondersteuning wat sy polisse onder die breër Suid-Afrikaanse bevolking geniet het. Maar wat het hierdie goeie vertoning van SANLAM vir die bevolking ingehou en hoe het die maatskappy gehelp om Suid-Afrikaners se aandeel in die land se ekonomie uit te brei?

Hierdie vrae vorm die middelpunt van hierdie verhandeling en daar sal probeer word om te bewys dat SANLAM deur middel van beide sy diens- en winsmotief 'n groter aandeel aan Afrikaners, in die eerste instansie en Suid-Afrikaners in die breër verband, in die Suid-Afrikaanse ekonomie kon bewerkstellig. Dit is in 'n groot mate verwesenlik teen die agtergrond van 'n kontroversiële identiteit waar SANLAM deur meeste mense as 'n simbool van hoop, deur sommige as 'n produk van kapitalisme en deur ander as 'n regerings-instrument beskou was. SANLAM se invloed was teen 1980, direk of indirek, in byna alle sektore van Suid-Afrika se ekonomie sigbaar. Dit maak vir SANLAM dus een van Suid-Afrika se ekonomiese suksesstories.

Summary

During the twentieth century, SANLAM developed as an important source of financial stability and assistance and played an important role in the economy of South Africa. That role was made possible through the effective collection and management of financial assets as well as the support of its policies to the broader South African population. But what did this performance of SANLAM hold for the population and how did the company assist South Africans to gain access to a larger share in the country's economy?

These and other questions are the focus of this study which attempt to prove that SANLAM, through the use of its services and profit motive, could in fact help Afrikaners and later the broader South African public, to acquire a share in the country's economy. This was achieved to a large extent despite a 'controversial' identity where many people viewed SANLAM as a symbol of hope, while others saw it as a product of capitalism or as an economic puppet of the government. However, by the 1980's, SANLAM had visible influence in nearly all sectors of the South African economy, either in a direct or indirect fashion. This makes SANLAM one of South Africa's economic success stories.

Inhoudsopgawe

Inleiding	Bladsy 1
Hoofstuk 1: Die aanloop tot en stigtingsperiode van SANLAM	10
1.1 Die statutêre omgewing van die stigting van SANLAM	10
1.2 Die behoefte aan selfstandigheid	21
1.3 Die stigting van SANLAM	24
Hoofstuk 2: Die ontwikkelingsfase van SANLAM (1918-1940)	30
2.1 Die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1910 en 1940	30
2.2 Die verhouding tussen SANLAM en Santam	31
2.3 Die beginjare van SANLAM (1918-1933)	33
2.2.1 <i>Die industriële afdeling</i>	36
2.3.2 <i>Die Depressie (1929-1933)</i>	39
2.4 'n Nuwe beleggingstrategie: African Homes Trust and Insurance Company (AHT) en SANLAM, 1934-1940	41
2.4.1 <i>African Homes Trust</i>	41
2.4.2 <i>Uitbreiding van beleggings en Federale Volksbeleggings (FVB)</i>	42
Hoofstuk 3: SANLAM se risikokapitaal vir snelle groei (1940 – 1960)	50
3.1 Maatreëls in oorlogsomstandighede en die struktuur van aandeelbeleggings tussen 1940 en 1950	51
3.2 Kapitaalvoorsiening vir na-oorlogse ontwikkeling	55
3.3 'n Verdere verandering in die beleggingsbeleid nà 1950	61
3.3.1 <i>Beginsels waarvolgens aandele aangekoop is</i>	62

3.4	SANLAM se belangrikste filiaalmaatskappye, 1950-1960	65
3.4.1	<i>Federale Mynbou Beperk</i>	67
3.4.2	<i>Sentrale Finansiële korporasie</i>	69
3.5	Verdere uitbreidings aan filiaalmaatskappye	73
Hoofstuk 4: SANLAM: Risikokapitaal en ekonomiese afplating, 1960 – 1980		78
4.1	Die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1960 en 1980 en die rol wat SANLAM daarin gespeel het	78
4.2	Mankor	84
4.3	SANBES	86
4.4	SANLAM se beleggings in ander verwante maatskappye, 1960-1980	89
4.5	Beleggingsoorsig, 1960-1980	94
Hoofstuk 5: SANLAM se eiendoms-, polisher-, buitelandse en ander beleggings		97
5.1	Die uitbreiding van SANLAM se eiendomsportefeulje sedert 1940	97
5.1.1	<i>Die terugverhuringskema en die ontwikkeling van behuising</i>	100
5.2	Ander belangrike beleggings	105
5.3	SANLAM se buitelandse beleggings	108
Hoofstuk 6: Slot - SANLAM se beleggings		117
Bibliografie		124

Inleiding

Suid-Afrika is 'n land met 'n ryk geskiedenis van nie net die verskeie kulture en rasse nie maar ook dié van die instellings en ondernemings van daardie groepe. Sodanige instellings en ondernemings het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die groei en vooruitgang van Suid-Afrika se sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling het die karakter van Suid-Afrika oor tyd sterk beïnvloed en bygedra tot belangrike pogings vir die opheffing en volhoubare opbou van die land se bevolking en ekonomie, beide in die openbare en privaatsektore. Sodanige ontwikkeling is gewoonlik doelbewus deur sakeleiers aangemoedig wat die waarde van sekere instellings en ondernemings besef het. Dit het gelei tot die stigting van verskeie maatskappye, soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens- en Assuransie Maatskappy (SANLAM), om 'n leidende rol in die ekonomie te speel om aan Suid-Afrikaners gedurende die twintigste eeu 'n groter aandeel in hul eie ekonomie te gee.

SANLAM kon daardie rol eers 'n paar jaar ná sy stigting in 1918 aanneem. Dit is bereik deur die ontwikkeling van 'n sterk finansiële- en kliëntebasis waaruit verdere vooruitgang doeltreffend kon vloei. Daardie vooruitgang was egter nie eenvoudig nie en was sterk beïnvloed deur die dinamiese Suid-Afrikaanse ekonomiese en politieke omgewing van die twintigste eeu. SANLAM het verander vanaf 'n filiaal-maatskappy met sy stigting tot 'n sakekonglomeraat teen die einde van 1980. Die strewe na 'n groter aandeel aan die ekonomie en Afrikaner-selfvoorsiening het verder invloed op die maatskappy uitgeoefen en het van die belangrikste dryfvere vir die bevordering van ekonomiese welvaart van die Afrikaners in die besonder, asook die groter Suid-Afrikaanse samelewing geword.

a) Probleemstelling

Die vraag wat ontstaan is, hoe het SANLAM dit reggekry om teen 1980 so 'n groot rol in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika te speel? Die antwoord lê opgesluit in die probleemstelling wat hierdie navorsingstesis ondersoek naamlik:

Het SANLAM deur die aanwending van die fondse tot sy beskikking daartoe bygedra om aan Afrikaners in die besonder, en Suid-Afrikaners in die breër verband, 'n groter aandeel aan die hoofstroom ekonomie van Suid-Afrika te besorg?

Hierdie vraag vorm die kern van hierdie studie. Dit is die perspektief van waaruit SANLAM se beleggingstrategie vanaf 1918 tot 1980 ondersoek word. Hierdie tydperk is relevant om die

maatskappy se ontwikkeling sedert stigting tot voor die proses van demutualisering vanaf die middel 1980's te volg. Hierdie studie vorm 'n geheel ten opsigte van SANLAM se beleggingsaktiwiteite sedert 1918 tot 1980. Daarna het SANLAM 'n ander beleggingsstrategie gevolg met die stigting van Sankorp in 1985. Daardie fase is uitgesluit van die studie. Die verhandeling sluit ook nie 'n studie van Federale Volksbeleggings en Federale Mynbou se ontwikkeling in besondere in nie, omdat SANLAM nooit daardie ondernemings bestuur het nie. SANLAM het sleg portefeuljebeleggings in sodanige maatskappye gemaak. Hierdie studie verwys wel na daardie portefeuljebeleggings. Met die herstrukturering van SANLAM se beleggings deur middel van Sankorp, is die weg gebaan vir die uiteindelijke demutualisering in die 1980s.

Dié raamwerk maak dit ook moontlik om ander verwante vrae te ondersoek soos: Wat was die doel met die stigting van SANLAM? Hoe het die maatskappy bygedra tot die ekonomiese ontwikkeling van die samelewing? Watter groepe in die samelewing het die meeste gebaat by die aktiwiteite van SANLAM? Watter strategieë is geïmplementeer om groter ekonomiese selfstandigheid te bewerkstelling?

Dit sluit ook aan by die titel van die verhandeling, "Die ver-Suid-Afrikanisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie: 'n Studie van SANLAM (1918-1980)". Die konsep van die 'ver-Suid-Afrikanisering van die ekonomie' verwys hier na die rol wat SANLAM deur middel van die aanwending van fondse tot sy beskikking in die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel het. Dit is gedoen om aandeelhouding in sleutelsektore van die ekonomie in die hande van Suid-Afrikaners (polishouers) te plaas, teenoor die beheer wat buitelandse kapitaal in die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het. Hierdie rol omsluit die besit, beheer en belang by verskillende sektore van die ekonomie om aan Suid-Afrikaners self 'n groter aandeel in die land se ekonomie te gee.

b) 'n Taksering van die gepubliseerde literatuur oor SANLAM

Om bogenoemde vrae te beantwoord, moet daar eers 'n oorsig van bestaande literatuur, wat moontlik betrekking op die vraag kan hê, gedoen word.

Daar is oorwegend drie historiografiese skole wat die rol van SANLAM in die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersoek, naamlik nasionalistiese geskiedskrywers soos J.P. Scanell, E.P. Du Plessis en W.P.G. Koen; revisionistiese/neo-Marxistiese geskiedskrywers soos D.

O'Meara, J. Iliffe, D. Lewis en R.G. Stokes, sowel as ander krities onverbode skrywers soos S. Tereblanche, G. Verhoef en H. Giliomee.

Scannell se studie van 1969, *Uit die Volk gebore; SANLAM se eerste vyftig jaar*, is byna 'n volledige opsomming van navorsing wat deur 'n SANLAM-werknemer, W.J. Bezuidenhout, gedoen is. Die vraag na die objektiwiteit van Scannell se studie kom egter dadelik na vore, vanweë die noue verbintenis tussen Bezuidenhout en SANLAM. Die eerste nege hoofstukke van hierdie werk bestaan uit 'n kronologiese opsomming van SANLAM se aktiwiteite, asook persoonlikhede en instansies wat 'n invloed op die maatskappy uitgeoefen het. Slegs die laaste hoofstuk is Scannell se oorspronklike werk en dit verstrek 'n breër oorsig oor SANLAM se beleggings tot ongeveer 1967. Hier is 'n duidelike poging aangewend om die verspreiding van SANLAM se fondse, veral onder sy filiale, uit te wys, maar die studie bied geen tekens waar ander bevolkingsgroepe as Afrikaners by sodanige beleggings gebaat het nie.¹

In Du Plessis se werk, *'n Volk staan op: Die ekonomiese volkskongres en daarna*, word net kortliks verwys na SANLAM, Santam en die KWV en die ekonomiese opkoms van hierdie maatskappye. Die besonderhede in verband met die stigting van die maatskappy en die raamwerk waarin hul bedrywighede begin is, word uiteengesit. Dit wil voorkom of Du Plessis se studie standpunt inneem ten gunste van die stigters van SANLAM en Santam. Hy gee aan die stigters van hierdie Afrikaanse maatskappye 'n "ereplek in die heldegallery van die Afrikaanse ekonomiese beweging."² Die spesifieke konteks van Du Plessis se werk moet egter in ag geneem word. Hy bespreek die armblankevraagstuk en die wyse waarop die "volk homselfgered het." Dit is hoofsaaklik verwesenlik deur ondersteuning aan Afrikanerbeheerde maatskappye soos Volkskas, KWV, SANLAM en Santam. Hy gee egter min aandag aan sodanige maatskappye se beleggingsaktiwiteite. Daar word ook geen melding van moontlike sake-inisiatiewe tussen Afrikaners en ander organisasies of maatskappye gemaak nie. Hier was die Afrikaner en sy ekonomiese doen en late gewoonlik die sentrale fokuspunt. Die doel van hierdie boek was om die Afrikaner se ekonomiese ontwikkeling tot ongeveer 1960 te ondersoek.³

¹ J.P. Scannell: *Uit die volk gebore: SANLAM se eerste vyftig jaar*, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1969.

² E. P. Du Plessis: *'n Volk staan op: Die ekonomiese volkskongres en daarna*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1964, p.52.

³Ibid.

Koen se studie behels 'n meer omvattende ondersoek oor SANLAM se geskiedenis. Hy bespreek nie slegs die besigheidsaktiwiteite van die maatskappy nie, maar ook die aktiwiteite van diegene in diens van SANLAM. Hy ondersoek die agtergrond waarteen die maatskappy gestig is, die probleme wat tydens die ontstaan daarvan voorgekom het, die verloop van SANLAM se wordingsjare en die bydrae wat die maatskappy gelewer het tot die bevordering van Afrikaners se ekonomiese belange. Hy onderneem 'n in-diepte ondersoek na 'n spesifieke tydperk (1918 tot 1939) wat as fokuspunte vir sy navorsing dien. Hy meet SANLAM se vordering in terme van die persentasie polisse uitgereik en inkomste wat daardeur ingevorder is. Die verspreiding van SANLAM se fondse tussen sy beleggingsafdelings kry egter min aandag.⁴

Skrywers soos D. O'Meara, J. Iliffe, D. Lewis en R.G. Stokes val in die revisionistiese/neo-Marxistiese skool en sien SANLAM as 'n produk van Afrikaner-nasionalisme waardeur die Afrikaner-besigheidselite gedurende die twintigste eeu fondse kon mobiliseer om die Afrikaner kapitalistiese klas se ekonomiese belange in 'n Engels-gedomineerde ekonomie uit te brei. Volgens O'Meara het SANLAM doelbewus 'n nasionalistiese strewe sedert sy stigting aangeneem om Afrikaners se spaargeld te mobiliseer wat slegs tot voordeel van daardie etniese groep se ekonomiese posisie gebruik is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat 'n Afrikaner-gesentreerde ideologiese raamwerk deur SANLAM gevolg is en dat dit die maatskappy se doel was om slegs die Afrikanerkapitalisme te bedien. Hy staan verder krities teenoor die ongelyke ontwikkeling van kapitaal wat hy as 'n produk van Afrikanernasionalisme bestempel. Hierdie skewe ontwikkeling van kapitalisme is volgens O'Meara verder aangehelp deur die apartheidstaat wat deur middel van verskeie beleidsrigtings en beskermingsmaatreëls 'n gunstige ekonomiese raamwerk vir Afrikanerbesighede daar gestel het. O'Meara noem dit "Afrikaner-begunstiging (Afrikaner favouritism)"⁵ waar Afrikaners se belang in die nywerheidssektor vanaf 6% in 1948 tot 23% in 1975 gegroei het.⁶

Stokes en Iliffe staan ook krities teenoor Afrikanernasionalisme. Stokes kyk spesifiek na die rol wat Afrikanernasionalisme in die stimulering van industriële entrepreneurskap gespeel

⁴ W.P.G. Koen: SANLAM: "Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939," Ongepubliseerde M-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1987.

⁵ D. O'Meara: *Forty lost years: The Apartheid state and politics of the NP, 1945,1994*, Rowan Press, Randburg, 1996, p.80.

⁶ D. O'Meara: *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948*, Cambridge University Press, Cambridge, 1983.

het. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat Afrikaner-entrepreneurs in ondernemings soos SANLAM baie nou geïntegreer is met die Afrikaanse sosiale en nasionalistiese beweging.⁷ Dit het daartoe gelei dat sodanige maatskappye groot blokke aandele onder mekaar kon versprei wat beperkings op die ontwikkeling van ander nie-Afrikaner maatskappye geplaas het. Op sy beurt het dit gelei tot die ontwikkeling van groot konglomerate, aldus Iliffe.⁸ Die revisioniste plaas sterk klem op die diensmotief (in diens van die volk) van SANLAM en gee min aandag aan die maatskappy se winsmotief (die strategie om 'n winsgewende beleggingsbeleid te volg) in belang van al sy aandeelhouders.

Sampie Tereblanche, 'n sterk kritikus van Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing, vind aansluiting by die revisioniste waar hy die oneweredige verspreiding van politieke, ekonomiese en ideologiese mag in die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersoek. Volgens hom word ekonomiese mag slegs in 'n paar groot korporasies, soos SANLAM, gekonsentreer. Daardie ekonomiese mag is geregverdig deur Afrikaner-ideologieë wat geargumenteer het dat sodanige maatskappye die ekonomiese belange van “alle” Suid-Afrikaners op die hart gedra het. Tereblanche spreek hom sterk uit teen sodanige ideologieë en is van mening dat dit slegs 'n rookskerm was om Afrikaners se ekonomiese belange verder uit te brei.⁹

Hierdie studie wys juis hoe SANLAM sy bates aangewend het om Afrikaners en ander Suid-Afrikaners se belang in die ekonomie te vergroot in teenstelling met buitelandse aandeelhouders. Teen 1950 het Afrikaners slegs 'n 4% belang in mynbou en 'n 6 % belang in nywerhede gehad.¹⁰ In hiërdie studie word dus geargumenteer dat Afrikaners, of te wel Afrikaners as SANLAM se polishouders, in die sentrum van die maatskappy se bedrywighede gestaan het. So het SANLAM 'n direkte en indirekte bydrae tot die groei van die land deur middel van sy filiale gelewer. Waar sulke beleggings in nie-Afrikaanse maatskappye gemaak is, was dit om 'n groter aandeel in daardie markte te verkry. Dit het wel 'n aansienlike bydrae gelewer tot 'n toename in die Afrikaner se aandeel in die ekonomie, maar hulpbronne is ook oorgedra na nie-Afrikaner-beheerde maatskappye wat daardie maatskappye se ontwikkeling aangehelp het.

⁷ R.G. Stokes: “The Afrikaner industrial entrepreneur and Afrikaner nationalism,” in *Economic Development and Cultural Change*, 22(4), University of Chicago Press. 1974.

⁸ J. Iliffe: “The South African Economy, 1652-1997,” in *The Economic History Review*, 52(1), February, 1999, pp.84-103.

⁹ S. Tereblanche: *A History of inequality in South Africa: 1652-2002*, University of Natal Press, Pietermaritzburg, 2002.

¹⁰ C. Dalcanton: “The Afrikaners of South Africa: A Case study of Identity formation and change,” Ongepubliseerde PhD tesis, Universiteit van Pittsburgh, 1973, p.128.

Wat die kritiese sieninge van Herman Giliomee en Grietjie Verhoef betref, beskou hulle SANLAM as 'n goeie voorbeeld van wat die suksesvolle mobilisering van spaarfondse vir 'n gemeenskap kan inhou. Dié skrywers is bewus van die nasionalistiese kragte wat hierdie kapitalistiese masjien gedryf het, maar gee krediet aan SANLAM se bydrae gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu om die Afrikaner se armoedevraagstuk te help verlig. Verhoef ondersoek SANLAM se beleggingsaktiwiteite tot 1960 en argumenteer dat fondse primêr gemobiliseer is om die Afrikaners se ekonomiese marginalisering aan te spreek. Sy gebruik die teorie van sosiale kapitaal om haar argument te versterk. Dit is gebaseer op die aanname dat sosiale netwerke waarde het en gebruik kan word om sekere gemeenskaplike doelwitte te bevorder. Hierdie netwerke hou voordele in vir die lede en bied toegang tot hulpbronne wat hulle as individue self nie kon bekom nie. SANLAM word aan die voorpunt van so 'n netwerk geplaas waar die maatskappy, deur die ondersteuning van die lede, gegroei het vanaf 'n spaarmedium-maatskappy (1918) tot 'n beleggingskonglomeraat (1960). Dit het SANLAM in staat gestel om die ekonomiese belange van lede binne die sosiale netwerk in alle sektore van die ekonomie te help uitbrei.¹¹

Giliomee deel ook hierdie sieninge waar hy die Afrikaners se ekonomiese en politieke posisie tussen 1910 en 2010 analiseer. Waar sy bespreking oor die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner handel, spits hy hom toe op die armblankevraagstuk en die projekte wat daarmee gepaardgegaan het om dit aan te spreek, die Afrikaner se beperkte aandeel aan die Suid-Afrikaanse ekonomie en die oprigting van maatskappye soos SANLAM, Santam en Nasionale Pers. Dit wys hoe suksesvol die Afrikaner sy armoedeprobleem deur 'n kollektiewe eenheid gedurende die twintigste eeu kon oplos.¹² Ook in hierdie geval word die bydrae tot die ontwikkeling van ander nie-Afrikaanse maatskappye en nie-Afrikaanse gemeenskappe buite rekening gelaat.

Die grootste leemte in aanwending van die sosiale kapitaal-teorie is dat lede wat buite sodanige groepe staan, en wat moontlik ook voordele sou kon trek uit die hulpbronne wat binne sogenaamde netwerke opgebou is, geïgnoreer word. Hier word verwys na Engels-beheerde maatskappye (EBM's) wat teen 1980 steeds 'n dominante aandeel in die moderne Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het. Daar sal gepoog word om aan te dui dat SANLAM

¹¹ G. Verhoef: "Nationalism, social capital and economic empowerment: SANLAM and the economic upliftment of the Afrikaner people, 1918-1960," in *Business History*, 50(6), November 2008, pp.695-713.

¹² H. Giliomee: "Die Afrikaners van 1910 tot 2010," in *Solidariteit: Helpende Hand, Reddingsdaadkongres*, Kraal Uitgewers, Pretoria, 2009, pp. 4-14.

beleggings in sodanige maatskappye gemaak het om toegang tot daardie markverskeidenheid te verkry. In hierdie proses is risikokapitaal, wat binne die sosiale netwerk opgebou is, na maatskappye (EBM's) buite daardie netwerk verprei. Die risikokapitaal het dus bygedra tot die ontwikkeling van sodanige maatskappye. Die voordele van die sosiale netwerk was egter dat SANLAM deur sulke beleggings 'n sterk basis daargestel het waarop toekomstige ontwikkeling kon plaasvind. Dit sluit aan by die probleemstelling wat hierdie studie beoog om te ondersoek.

Daar moet egter uitgewys word dat Giliomee wel 'n duidelike poging aanwend om die verandering in SANLAM se doelstellings ná die 1960's uit te lig in "*The Afrikaners*." Hier is hy van mening dat SANLAM meer kapitalisties-gedrewe geword het en toenemend meer besigheid met ander nie-Afrikanerbeheerde maatskappye gedoen het. Giliomee stel dit soos volg: "SANLAM had abandoned the old ideas of Afrikaners capturing a greater share of the economy through companies wholly owned by them."¹³ Die pogings tot 'ver-Suid-Afrikanisering' word dus duidelik hier vervat en Giliomee maak 'n belangrike verwysing na SANLAM as 'n maatskappy wat deur kapitalistiese ideale gelei is en nie net in diens van die Afrikaners was nie. Giliomee maak breë veralgemenings oor SANLAM en gee nie 'n breedvoerige argument oor hoe die proses van ver-Suid-Afrikanisering ontvou nie.

Bogenoemde bronne gee dus in 'n mindere mate aandag aan die wyse waarop SANLAM bygedra het tot die ekonomiese ontwikkeling van ander bevolkingsgroepe, nie net Afrikaners nie. Baie van hierdie skrywers gaan van die standpunt uit dat SANLAM 'n suiwer Afrikanermaatskappy was wat slegs die Afrikaner se belange op die hart gedra het. Hul kritiek teen SANLAM is egter gebaseer op aannames en afleidings, omdat feitlik geeneen van hulle, op enkeles na, primêre argiefbronne van SANLAM tydens hul studies gebruik het nie. Dit gee aanleiding tot die formulering van wanpersepsies om sommige van die genoemde skrywers se eie doelwitte en idees te versterk sonder om lig op belangrike primêre bronne oor SANLAM te werp.

Hiërdie studie ondersoek dan ook die verhouding tussen SANLAM en ander groepe in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit word gedoen om vas te stel of SANLAM se beleggings ook meegewerk het tot die ekonomiese ontwikkeling van nie-Afrikaners. Dit probeer om die idee van die "ver-Suid-Afrikanisering" van die Suid-Afrikaanse ekonomie te versterk deur aandag

¹³ H. Giliomee: *The Afrikaners: biography of a people*, Second Edition, Tafelberg, Cape Town, 2009, p.543.

te skenk aan die wyse waarop SANLAM se beleggings 'n groter aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie vir 'n groter aantal Suid-Afrikaners bewerkstellig het.

Hierdie studie handhaaf die uitgangspunt dat SANLAM wel bygedra het tot ekonomiese opheffing van 'n groter deel van die Suid-Afrikaanse samelewing en nie net dié van die Afrikaners nie.

c) **Metodologie**

Die studie word volgens die kritiese metode onderneem en is 'n kwalitatiewe studie, gebaseer op primêre bronne-ontleding. Bronne wat ondersoek is sluit in SANLAM se stigtingsdokumente, notules, jaarverslae, memorandumms aan die SANLAM-Raad, koerantberigte en bestaande literatuur oor die maatskappy. Hierdie bronne is geskik om die hoofrolspelers te identifiseer, die redes vir die stigting te ondersoek en die raamwerke vir vooruitgang vas te stel. Dit bied 'n goeie oorsig oor SANLAM se voorgeskrewe beleggings (fondse wat die maatskappy verplig is om te belê in die staats- en ander openbare instellings) en diskresionêre beleggings (fondse wat op eie diskresie van die bestuur in enige bate belê kon word) tussen 1918 en 1980. Hierdie bronne belig die veranderinge in strategie wat deurgevoer is om die maatskappy se kapitaalkragtigheid te bevorder. Dit bied dus 'n doeltreffende oorsig van die belangrikste beleggingsbedrywighede wat SANLAM teen 1980 uitgevoer het om die Suid-Afrikaanse ekonomie te “ver-Suid-Afrikaniseer,” dit wil sê, 'n groter aandeel aan Suid-Afrikaners te verseker teenoor buitelandse beheer.

Dit is waarom ook kwantitatiewe metodes (die gebruik van tabelle en grafieke) van groot waarde vir die studie is. Dit vergemaklik die identifikasie van die belangrikste veranderlikes in SANLAM se voorgeskrewe en diskresionêre batestruktuur en illustreer die wyse waarop dit oor tyd verander het. Dit weerspieël watter bates in watter stadium van die maatskappy se bestaan die belangrikste was en hoe beleidsveranderinge en strategieë dit beïnvloed het. Verder genereer hierdie benadering waardevolle data wat help om verskeie afleidings aangaande SANLAM se bate-ontwikkeling te maak. Sodanige afleidings help weer om nuwe patrone te identifiseer of bestaandes te versterk. Die kwalitatiewe metodologie is die enigste metode wat die verbintenis tussen konteks en handeling kan opklaar. Dit word dus gebruik om te verstaan waarom die bestuur van SANLAM in 'n bepaalde konteks sekere besluite geneem het en op 'n bepaalde strategie besluit het. Die kwalitatiewe benadering is ook nuttig om die rasionalisering van SANLAM se ondersteuning van sy polishouers en later die breër Suid-Afrikaanse bevolking te ondersoek. Dit help verder om die raamwerk van SANLAM se

leiers te identifiseer om hul strategiese beplanning en die rigting waarin hulle die maatskappy gestuur het, te verstaan.

Die grootste problematiek in die navorsing van hierdie studie is die gebrek aan statistiese bewyse vir die persentasie-aandeel van die swart bevolking (Kleurlinge en swart Afrikane) in die ekonomie van Suid-Afrika. Daar word aangeneem dat daardie aandeel teen 1980 waarskynlik so gering was as gevolg van die Nasionale Party se apartheidsbeleid, onvoldoende vaardighede om aan sekere ekonomiese sektore deel te neem en die moderne ekonomiese omgewing wat beperkings op swart mense se ekonomiese ontwikkeling geplaas het. Verdere aanduidings van hierdie bevolkingsgroepe se beperkte aandeel in die ekonomie, word gesien in die vergelyking van hul persoonlike inkomste met dié van blanke Suid-Afrikaners (Afrikaners en Engelssprekendes). Hoewel die swart bevolking 82% van die totale Suid-Afrikaanse samelewing teen 1980 uitgemaak het, was hul persoonlike inkomste 36,7% teenoor die 60% van blankes, alhoewel laasgenoemde net 16% van die bevolking in daardie stadium was.¹⁴ Dit wil sê dat 'n groot gedeelte van die land se rykdom in die hande van blanke Suid-Afrikaners gekonsentreer was. As daar dus gepraat word van “ver-Suid-Afrikanisering” word daar in die eerste instansie verwys na die ontwikkeling van blanke Suid-Afrikaners se aandeel in die ekonomie en SANLAM se bydrae tot daardie tendens. Daar is wel enkele gevalle, deur direkte of indirekte beleggings, waar SANLAM se invloed ook na swart mense uitgebrei is, terwyl hulle ook verskeie polisse by SANLAM of by sy filiale uitgeneem het.

¹⁴ L. Thompson: *A History of South Africa*, Yale University Press, London, 1995, pp.278-280.

Hoofstuk 1

Die aanloop tot en stigtingsperiode van SANLAM

In hierdie hoofstuk word die behoefte aan groter ekonomiese selfstandigheid onder Afrikaners en gevolglik die stigting van SANLAM ondersoek. Dit geskied teen die agtergrond van 'n ontevredenheid onder die Afrikaners met hul ekonomiese posisie aan die begin van die twintigste eeu. Die ontwikkeling van hierdie probleem word hier belig omdat dit aanleiding tot die mobilisering van kapitaalbronne gegee het wat aangewend is vir die ontwikkeling van Afrikanerbesighede, onder andere SANLAM en Santam.

Alvorens die verdere ontplooiing en ontwikkeling van SANLAM bespreek kan word, moet daareers gekyk word na die statutêre omgewing waarin dié maatskappy homself gedurende sy stigtings- en ontwikkelingsperiodes bevind het. Die versekeringswette wat die stigting van Santam en SANLAM voorafgegaan het, asook die wetgewing van 1923 en 1943, is hier van groot belang omdat dit raamwerke geskep waarbinne SANLAM sy bedrywighede beoefen het. Daarna word die omstandighede wat die stigting van Santam en SANLAM voorafgegaan het belig alvorens die stigting van laasgenoemde bespreek word.

1.1 Die statutêre omgewing van die stigting van SANLAM

Die versekeringsbedryf het in 1820 sy eerste verskyning in Suid Afrika gemaak. Britse sakelui was aan die voortou van hierdie verwickeling en het die mark betree met maatskappye soos die “United Empire and Continental Life Assurance Association and the Alliance British” en die “Foreign Fire and Life Assurance Company.” Die bedryf het in die daaropvolgende jare vinnig uitgebrei namate die behoefte aan besparing en versekering begin groei het. Die eerste plaaslike maatskappy, die “South Africa Life Assurance Company,” het in 1831 sy verskyning gemaak.¹⁵

Die uitneem van versekering was egter nie vir almal gedurende die 1800's moontlik nie weens die gebrek aan surpluskapitaal en die hoë risiko van oorloë of konflik, byvoorbeeld inheemse stamgevegte en gereelde grensoorloë gedurende die tydperk en die Groot Trek (1834-1854) en die Anglo-Zoeloe-oorlog (1879) wat die Suid-Afrikaanse bevolking

¹⁵ H. Spyrou: “The development of insurance businesses in the union of South Africa,” *South-African Journal of Economics*, 23(4), 1987, pp. 325-340.

gedurende hierdie tydperk beïnvloed het.¹⁶ Nietemin kon 'n gesamentlike versekerde bedrag van meer as £12 miljoen (R24 miljoen)¹⁷ met 31 873 polisse deur die betrokke maatskappye teen 1897 uitgereik word.¹⁸

Voor 1910 was daar verskillende wette wat versekering in die vier koloniale gebiede in Suid-Afrika gereguleer het. Dit beteken dat versekeringsmaatskappye in die Kaapkolonie nie noodwendig aan dieselfde reëls en regulasies as versekeraars in die ander kolonies in Suid-Afrika gebonde was nie. Hierdie verskille was gesetel in die regte wat polishouers en versekeringsmaatskappye in die betrokke gebiede geniet het, maar die uitkomst van die verskillende wette het ooreenstemming getoon. Dit het berus op die pogings wat deur wetgewing aangewend is om deposito's en belasting in te samel. Die verskeie wette het verder probeer om polishouers te beskerm, finansiële deursigtigheid onder versekeringsmaatskappye af te dwing en persone aan te moedig om versekering uit te neem. Die belangrikste van hierdie versekeringswette vir SANLAM was dié van toepassing op die Kaapprovinsie tydens die stigting van die maatskappy in 1918.¹⁹

In die voormalige Kaapkolonie was twee versekeringswette van belang. Die eerste wet was die Versekeringswet No. 13 van 1891, wat handel het oor die beskerming van polishouers, terwyl mense aangemoedig is om versekering uit te neem. Hierdie wet het ook bepaal dat 'n gekwalifiseerde aktuaris elke vyf jaar ondersoek moes instel na versekeringsmaatskappye se finansiële toestand. Die doel van die wet was om maatskappye te verplig om die korrekte state van hul besighede aan die regering bekend te maak in 'n poging om beter beskerming aan die polisher te bewerkstellig.

Die ander was die Wet op Versekerings- en Leningsmaatskappye, No. 30 van 1908. Dit het maatskappye verplig om 'n deposito van R10 000 by die Tesourie te deponeer en 'n verdere R10 000 as maatskappye se hoofkantoor nie in die Kaapkolonie was nie. Alle

¹⁶ C.F.J. Muller: *Vyfhonderjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Academia, Pretoria, 1985, pp.153, 156, 197.

¹⁷ Vir die doeleindes van hierdie studie word alle geldwaardes in Pond (£) verwerk na die moderne Suid-Afrikaanse geldeenheid, naamlik die Rand-en Sent-stelsel. Hierdie stelsel is gedurende 1961 geïmplementeer en het 'n amptelike verwerkingskaal gehad van £1 = R2. Hierdie verwerking het gevolg op 'n verslag van die Desimale Munt Kommissie van Augustus 1958, wie se aanbeveling van 'n 10-sjieling (R1) en sent-stelsel goedkeuring gekry het. Dit was ontwerp om die verwerking vanaf die Pond na die nuwe stelsel te vergemaklik na Suid-Afrika se uittrede uit die Britse Statebond. Vgl. J.J. Rossouw: "Inflation in South-Africa 1921-2006: History, measurement and credibility," Ongepubliseerde PhD tesis, Universiteit van Kwazulu Natal, 2008, p.165.

¹⁸ H. Spyrou: "The development of insurance businesses in the union of South Africa," pp. 325-340.

¹⁹ B.C. Benfield: "South-African life assurance legislation: A survey," *South-African Journal of Economics*, 65(4), 1997, pp. 569-574.

versekeringsmaatskappye in die land was in beginsel onderhewig aan dieselfde verpligtinge in die Kaap en in 1923 is die Versekeringswet No. 37 van 1923 gepromulgeer in 'n poging om die onderskeie provinsiale wette oor versekering in die verskillende provinsies onder een enkele wet te konsolideer.²⁰ Hierdie wet was een van die gevolge van Uniewording in 1910. Uniewording is toe Suid-Afrika se selfregerende kolonies in 1910 gekonsolideer is. Dit het tot die harmonisering van koloniale wetgewing, onder andere ook versekeringswette gelei. 'n Nuwe grondwet is gevolglik gepromulgeer en die verskeie kolonies is verenig. Dit is gedoen om die ekonomiese en politieke ontwikkeling van Suid-Afrika beter te koördineer.²¹

Die belangrikste bepalings van Versekeringswet No. 37 van 1923, wat van toepassing is op hierdie studie, was die volgende: alle maatskappye wat versekering voorsien het, moes geregistreer word, 'n vaste deposito moes by die Tesourie geplaas word en 'n aktuaris-gesertifiseerde verslag van die besigheid moes jaarliks voorgelê word. Maatskappye was ook verplig om kontant of sekuriteit by die Tesourie te deponeer vir elke kategorie waarvoor hulle geregistreer was. Dit het as sekuriteit vir die betaling van polisse gedien.²²

Die Versekeringswet No.37 van 1923 het egter geen voorskrifte vir die aanwending van fondse neergelê nie. Dit het aan versekeringsmaatskappye 'n groot mate van vryheid ten opsigte van die aanwending van beleggings verleen. Versekeringsmaatskappye was slegs verplig om 'n vaste deposito by die Tesourie te plaas en het hul eie diskresie in besluite oor hul beleggingstrategieë gebruik. Hierdie maatskappye was ook nie verplig om gereelde en volledige verslae van hul bates aan die publiek bekend te maak nie.²³

E.H.D. Arndt was baie krities oor hierdie relatief onvoorskriftelike wetgewing, omdat daar gewoonlik onvoldoende verspreiding van beleggingsfondse oor 'n wye spektrum bates was. Versekeringsmaatskappye het in hierdie vroeë stadium hoë standaarde van sekuriteit op kapitaal nagestreef en hul fondse meestal in prima-staatseffekte belê. Verbande en lenings aan polishouers het ook voorkeur bo ander diskresionêre- en voorgeskrewe bronne geniet as gevolg van die “veiligheid eerste” beleggingsbenadering onder versekeringsmaatskappye.

²⁰ B.C. Benfield: “South-African life assurance legislation: A survey,” *South-African Journal of Economics*, 65(4), 1997, pp. 569-574.

²¹ C.F.J. Muller: *Vyfhonderjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.377-378; C.W. De Kiewiet: *A history of South Africa: Social and economic*, Oxford Press, 1941, p.151.

²² M. Bernstein: “The Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives,” Ongepubliseerde PhD tesis, Universiteit van Witwatersrand, Johannesburg, 1976, p.35.

²³ E.H. Arndt,; *An analysis of the investment policies of life insurance companies in the union of South Africa. (The need for more constructive legislation)*, Tweede uitgawe, Universiteit van Pretoria, 1937, p.48.

Hul vlak van sekuriteit was egter nie so hoog soos die wat eersterangse- of prima-effekte gebied het nie, maar was veilig genoeg om in te belê weens die rentedraende eienskappe van hierdie soort beleggings.²⁴

Arndt was verder van mening dat die grootste tekortkoming van Versekeringswet No. 37 van 1923, tesame met die daaropvolgende wetswysigings, die feit is dat dit nie voorsiening vir die wisseling in die deposito's gemaak het nie wat deur die versekeraar betaal moes word. Volgens hierdie wet behoort maatskappye, ongeag hul kapitaalkragtigheid, 'n vasgestelde eenmalige bedrag van R20 000 by die Tesourie te deponeer. Hierdie deposito's is nie in ooreenstemming met die netto laste van die maatskappye aangepas nie. Dit het 'n groter verpligting op kleiner versekeringsbesighede geplaas omdat hulle nie noodwendig oor die nodige fondse beskik het nie.²⁵

Die Versekeringswet No. 37 van 1923 het egter in 1937 'n aantal wysigings ondergaan wat veral op nywerheidsgeoriënteerde versekeringsmaatskappye gerig was. Dit was 'n poging om hierdie maatskappye te help omdat hulle in baie opsigte veel kleiner was as dié soort versekeringsmaatskappye wat nie hul fokus primêr op industriële versekering geplaas het nie. Die rede vir hierdie verskynsel spruit uit die feit dat Suid-Afrika gedurende die 1930's oor 'n onderontwikkelde sekondêre sektor (15,4% van BBP in 1932)²⁶ beskik het in vergelyking met die primêre (31,4%) en tersiêre sektor (53,2%).²⁷ Maatskappye met 'n primêre besighheidsfokus in die sekondêre sektor het dus vanselfsprekend baie beperkings ten opsigte van volhoubare groei ervaar. Die wysiging het maatskappye wat industriële versekering voorsien het, verplig om 'n eenmalige deposito van R10 000 by die Tesourie te plaas wat hulle in paaiemente kon afbetaal terwyl ander maatskappye, waarop hierdie kriteria nie van toepassing was nie, steeds R20 000 moes deponeer.²⁸

Hierdie wysiging het egter geen invloed op beleggingsverspreiding gehad nie omdat versekeringsmaatskappye steeds in 'n posisie was om hul fondse te versprei soos hulle goed gedink het. Die vryheid van versekeringsmaatskappye ten opsigte van beleggingsbeleid, het

²⁴ E.H. Arndt.: *An analysis of the investment policies of life insurance companies in the union of South Africa. (The need for more constructive legislation)*, Tweede uitgawe, Universiteit van Pretoria, 1937, p.48

²⁵ Ibid., pp.45-50.

²⁶ Die primêre sektor is bedrywe soos landbou en bosbou; die sekondêre sektore is nywerhede en handel; die tersiêre sektor is die dienstesektor, insluitende banke en ander finansiële instellings.

²⁷ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, Macmillan Academic and Profesional,Ltd, London, 1992, p.22. Vgl. ook J. Nattrass: *The South African economy: Its growth and change*, Oxford University Press, Cape Town, 1983, p.25.

²⁸ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, p.49.

veroorzaak dat die regering sekere beperkings of voorskrifte ontwikkel het aangaande die wyse waarop versekeringsmaatskappye hul fondse moes belê. Die voorskrifte het versekeraars onder 'n groter wetlike verpligting geplaas. Dit het gelei tot die vervanging van die 1923 verskeringswet met Versekeringswet No. 27 van 1943.²⁹

Die saadjie vir hierdie voorskrifte is alreeds so vroeg as 1924 geplant tydens die vorming van die Pakt-regering. Hierdie regering het uit die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty (meestal blanke werkers) en die Nasionale Party (meestal plattelandse Afrikaners) bestaan en was primêr gefokus het op die oplossing van die armblanke probleem. Gevolglik is 'n aantal beheermaatreëls geskep om indiensneming van blanke arbeid te bevorder terwyl nywerheidsontwikkeling ook sterk aangemoedig is. Dit het onder andere gelei tot die oprigting van Yskor deur die regering in 1928 om nywerheidsontwikkeling te stimuleer. Daar was 'n geloof dat plaaslike fabriek die land se ekonomie meer selfstandig sou maak en hoë invoertariewe is gevolglik op sekere buitelandse goedere gehef om plaaslike markte te ontwikkel.³⁰ Vir volhoubare ontwikkeling is meer fondse, beter regulasies en voorskrifte vereis en Versekeringswet No. 27 van 1943 is gevolglik geskep om in daardie konteks by te dra tot ekonomiese ontwikkeling.

Die nuwe versekeringswet is onder andere opgestel met die gedagte om beter beskerming aan polishouers te bied. Hier volg 'n opsomming van die belangrikste aspekte van die nuwe wet wat op hierdie studie van toepassing is: Die wet het elke versekeraar verplig om 'n verslag van alle bates aan die Registrateur van Versekeringsmaatskappye te stuur waarin duidelik uiteengesit moes word watter soort bates binne die land en op ander plekke gehou is.³¹ Dit het verder alle geregistreerde versekeringsmaatskappye verplig om kapitaal ten bedrae van tussen R20 000 vir korttermynversekering en R100 000 vir langtermynversekering by die Tesourie te hou, afhangende van die soort besigheid wat gedoen is.³² Artikel 6 van die wet het in 1951 'n wysiging ondergaan wat versekeraars die opsie gegee het om hierdie kapitaal te kon

²⁹ E.H. Arndt: *An analysis of the investment policies of life insurance companies in the union of South Africa*, pp.48-49. Vgl. ook E.H. Arndt: *Insuring our insurance – A survey of insurance legislation with recommendations for the union*. Union Booksellers, Pretoria, 1941.

³⁰ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, p.71; J. Natrass: *The South African economy: Its growth and change*, pp. 77, 231; C.F.J. Muller: *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.425.

³¹ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Versekeringswet, no. 27 van 1943, Artikel 14.

³² Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Versekeringswet, no. 27 van 1943, Artikel 6.

onttrek. Hulle moes slegs bewyse aan die Registrateur lewer dat hulle 'n gesonde finansiële posisie gehad het en besigheid vir langer as tien jaar in die land gedoen het.³³

Die probleem wat deur die 1923 versekeringswet vir kleiner maatskappye geskep is ten opsigte van die deponering van 'n vasgestelde deposito aan die Tesourie, het egter ook in die nuwe versekeringswet van 1943 voorgekom. Dit was gebaseer op dieselfde onderliggende beginsels as die versekeringswet van 1923 en het weer eens nie die kapitaalkragtigheid van kleiner maatskappye in ag geneem nie. Bernstein het Arndt se mening oor hierdie vasgestelde kapitaalbeleid gedeel en is van mening dat dit nie 'n geskikte manier was om hoë sekuriteit aan polishouers te verseker nie. Die bepaling van 'n minimum kapitaalvereiste vir privaat maatskappye en 'n “geskikte standaard van solvensie (die vermoë van 'n maatskappy om langtermyn groei en ontwikkeling te verseker) in verhouding tot sulke maatskappye se bates en laste,” is gesien as 'n doeltreffende oplossing vir die probleem.³⁴

Die Versekeringswet van 1943 het verder bepaal dat die waarde van 'n versekeraar se bates binne die land gelyk moes wees aan al sy laste ten opsigte van sy binnelandse besigheid, dit wil sê, sy netto laste. Bernstein argumenteer dat hierdie vereiste om bates gelyk aan netto laste te hou ook 'n minimum standaard van solvensie verseker het.³⁵ Die bates binne die land moes aan bepaalde vasgestelde voorskrifte voldoen. Hierdie voorskrifte het bepaal dat bates tussen 35% en 75% van alle laste moes uitmaak, afhangend van die aard van die onderneming se besigheid. Die verhouding het soos volg daar uitgesien:

Verhouding van binnelandse bates tot verpligtinge:

<input type="checkbox"/>	35%	6 maande besigheid
<input type="checkbox"/>	40%	18 maande besigheid
<input type="checkbox"/>	45%	30 maande besigheid
<input type="checkbox"/>	50%	42 maande besigheid
<input type="checkbox"/>	60%	54 maande besigheid
<input type="checkbox"/>	75%	meer as 66 maande besigheid (6½ jaar). ³⁶

³³ H. Spyrou: “The development of insurance businesses in the union of South Africa,” *South-African Journal of Economics*, 23(4), 1987, pp. 325-340.

³⁴ M. Bernstein: *The Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives*, p.39.

³⁵ *Ibid.*, p.37.

³⁶ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Versekeringswet no. 27 van 1943.

Dit beteken dat jong maatskappye (6 maande) 'n laer mate van likiditeit gehad het as daardie maatskappye wat langer besigheid (meer as 6 jaar) in die land gedoen het. Dit het aan jonger maatskappye minder beleggingsvryheid gegee om die mees winsgewende of veiligste beleggings na te streef terwyl ander maatskappy verplig was om 'n kleiner persentasie van hul fondse in voorgeskrewe bates aan te wend. Dit beteken dat ondernemings wat langer as 6 jaar in besigheid was minder riskant is omdat 'n groter deel van hul laste deur bestaande bates gedek word teenoor jonger ondernemings wat 'n groter risiko in hierdie verband het aangesien hulle verpligtinge teenoor hul batepersentasie groter was.

Die wet het verder bepaal dat 53 $\frac{1}{3}$ % van bogenoemde bates uit die volgende moes bestaan: geld in die bank of by 'n bouvereniging, effekte wat deur die regering uitgereik of gewaarborg is, skuldbriewe of effekte van plaaslike owerhede, skuldbriewe of effekte van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie of 'n ander wat deur die Minister van Finansies aangestel of opgerig is, lenings aan polishouers wat gewoonlik deur hul polisse gewaarborg is of enige ander effekte wat deur die Minister van Finansies goedgekeur is.³⁷ Hierdie tipe beleggings het die regering, plaaslike instellings en selfs die polishouer van die nodige kapitaal voorsien om verdere ontwikkeling te ondergaan. Dit was ook 'n belangrike bron van kapitaal vir die openbare sektor sodat daardie dienste doeltreffend uitgebrei kon word. Verder kon geen bate uit die land verwyder word as die Registrateur van Versekeringsmaatskappye van mening was dat dit tot nadeel van die polishouer sou wees nie. Hy kon enige versekeraar skriftelik verbied om dit te doen.³⁸

Ingevolge die oorspronklike Versekeringswet van 1943 moes versekeraars 40% van hul bates in sekuriteite van die regering en bepaalde prima-effekte belê. Die wysiging van hierdie artikel in 1959 het bepaal dat voorgeskrewe bates, as persentasie van totale laste, oor 'n periode van vyf jaar vanaf 40% tot 30% verminder kon word. Hierdie wysiging was die gevolg van kritiek vanaf versekeringsmaatskappye oor die hoë persentasie van hul fondse wat belê moes word in voorgeskrewe beleggings. Volgens W.A. Hofmeyr (een van SANLAM se stigters en die eerste voorsitter van die maatskappy) was dit 'n onekonomiese wyse waarop lewensversekeringsmaatskappye se fondse aangewend is.³⁹

³⁷ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Artikel 17 en 18 van Versekeringswet no. 27 van 1943.

³⁸ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Artikel 21 van Versekeringswet no. 27 van 1943.

³⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM. 1948, p.5.

Sulke beleggings genereer gewoonlik kleiner opbrengs as byvoorbeeld hoër risiko-beleggings. Sulke beleggings het ook beperkings op die ontwikkeling van die verskeie sektore in die ekonomie geplaas. In 1965 is hierdie vermindering verder aangepas tot 25%, terwyl polislennings en uitstaande premies nie meer deel uitgemaak het van hierdie kategorie nie. 'n Verdere wysiging van die artikel in 1970 het bepaal dat die bates (gelykstaande aan die netto laste) prima-effekte moes insluit wat 30% uitgemaak het van die laste. Verder moes hierdie 30% uit ongeveer 15% regeringseffekte bestaan. Skuldbriewe of effekte wat deur regerings van ander lande aangebied en deur die Registrateur van Versekeringsmaatskappye goedgekeur is, het in 'n wysiging gedurende 1970 ook deel geword van hierdie artikel.⁴⁰

Hierdie veranderinge het twee belangrike gevolge vir versekeringsmaatskappye gehad. Die eerste gevolg was die aanpassing van beleggings in voorgeskrewe bates volgens die bepaalde persentasies wat deur die bogenoemde wysiging van die versekeringswet vasgestel is. Dit het veroorsaak dat maatskappye tekorte op sekere voorgeskrewe beleggingsposte ondervind het. 'n Voorbeeld hiervan kom voor in 1970 waar SANLAM self 'n tekort ondervind het op die verpligte persentasie wat in regeringseffekte belê moes word. Dit beteken dat SANLAM meer fondse in voorgeskrewe bates gehou het as wat die wet in daardie stadium vereis het. Dit het gelei tot die stelselmatige vermindering in die maatskappy se totale voorgeskrewe bates om kapitaal beskikbaar te stel om die tekort op regeringseffekte aan te vul. Maatskappye is egter die geleentheid gegee om enige tekort op regeringseffekte oor 'n periode van vyf jaar aan te vul.⁴¹

Die ander gevolg van die wysigings aan die versekeringswet was die uitwerking wat dit op die beleggingsbeleid van versekeringsmaatskappye uitgeoefen het. Die stelselmatige vermindering in die persentasie voorgeskrewe beleggings het meer fondse beskikbaar gestel wat gewoonlik aangewend is om ander meer winsgewende beleggings te maak. In Tabel 1 byvoorbeeld, sien mens duidelik hierdie uitwerking op versekeringsmaatskappye se beleggingsbeleid tussen 1959 en 1968. Dit is nie bedoel om die hele periode te illustreer nie, maar word net gebruik om die ooglopende veranderinge uit te wys van die wyse waarop dié gewysigde artikel versekeringsmaatskappye se beleggingsbeleid beïnvloed het.

⁴⁰ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Artikel 17 en 18 van Versekeringswet no. 27 van 1943.

⁴¹ SANLAM Argief (hierna SA): B10: J.J. Heymann & W.S. Pretorius: "Memorandum insake beleggingsoorsig," 18/03/1972, pp.1-4.

Tabel 1: 'n Bate-vergelyking van die grootste versekeringsmaatskappye: 1959-1968⁴²

Bate	Maatskappye	Persentasie verdeling									
		1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
Regeringseffekte	SANLAM	4,9	5,0	5,0	4,8	4,5	2,9	2,7	3,7	5,3	6,1
	S.A Mutual	9,0	9,3	9,3	9,2	9,2	9,3	8,8	8,6	9,5	11,3
	African Life	8,5	8,5	7,9	7,7	9,2	8,4	7,7	7,4	8,0	8,0
	Southern Life	5,2	5,7	5,5	5,4	5,8	6,3	5,8	7,1	8,3	10,1
Effekte en lenings aan plaaslike owerhede en openbare liggame	SANLAM	22,0	21,5	19,9	18,6	19,5	18,4	17,5	17,2	18,2	19,7
	S.A Mutual	20,7	18,1	16,8	16,0	15,3	16,5	16,2	16,6	16,7	16,6
	African Life	17,9	16,8	16,1	15,2	16,6	13,3	14,6	14,2	13,8	15,0
	Southern Life	37,1	36,3	33,4	32,3	31,1	30,8	28,5	26,7	25,6	25,0
Polislenings	SANLAM	8,0	8,0	8,0	7,9	7,3	6,8	6,5	-	-	-
	S.A Mutual	8,0	8,0	8,1	8,7	8,6	8,1	8,0	-	-	-
	African Life	7,6	7,5	7,4	7,5	7,3	7,0	6,6	-	-	-
	Southern Life	6,4	6,2	6,2	6,2	5,9	5,6	5,1	-	-	-
Deposito's en Kontant	SANLAM	1,9	0,9	1,3	1,6	2,4	1,4	1,2	-	-	-
	S.A Mutual	1,8	1,7	0,9	0,6	2,9	1,1	1,2	-	-	-
	African Life	2,3	2,9	2,1	2,5	1,3	5,4	2,9	-	-	-
	Southern Life	1,8	1,3	0,8	1,2	1,8	1,3	0,4	-	-	-
Persentasie van totale bates bestee aan voorgeskrewe beleggings	SANLAM	36,8	35,4	34,2	32,9	33,7	29,5	27,9	20,9	23,5	25,8
	S.A Mutual	39,5	37,1	35,1	34,5	36,0	35,0	34,2	25,2	26,2	27,9
	African Life	36,3	35,7	33,5	32,9	34,4	34,1	31,8	21,6	21,8	23,0
	Southern Life	50,5	49,5	45,9	45,1	44,6	44,0	39,8	33,8	33,9	31,1
Persentasie beskikbaar vir diskresionêre beleggings	SANLAM	63,2	64,6	65,8	67,1	66,3	70,5	72,1	79,1	76,5	74,2
	S.A Mutual	69,5	62,9	64,9	65,5	64,0	65,0	65,8	74,8	73,8	72,1
	African Life	63,7	64,7	66,5	67,1	65,6	65,9	69,2	78,4	78,2	77,0
	Southern Life	49,5	50,5	54,1	54,9	55,4	66,0	60,2	66,2	66,1	68,9

SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Toename in bates van die 4 grootste Suid-Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappye, 1962, 1968. (Verskeie bylaes)

Uit die voorafgaande tabel kan 'n duidelike afname waargeneem word in die voorgeskrewe bates van al die betrokke maatskappye, uitgedruk as 'n persentasie van hul totale bates vir die periode. In 1959, 1964 en 1968 het SANLAM onderskeidelik 36.8%, 29.5% en 25.8% van sy beleggingsfondse in hierdie bates belê. Hierdie persentasies van SANLAM se voorgeskrewe beleggings is in direkte verhouding met die wysigings wat die Versekeringswet ondergaan het. Southern Life het die grootste persentasie in voorgeskrewe bronne belê. Dit was onderskeidelik 50.5%, 44.0% en 31.1% vir dieselfde jare wat deur SANLAM gebruik is. Verder blyk dit ook dat hierdie maatskappye hul beleggings in dié bates bo die statutêre voorgeskrewe persentasies gehou het, terwyl net African Life effens onder die 25% vlak in die tydperk tussen 1966 (21.6%) en 1968 (23%) gedaal het. Eersgenoemde verskynsel loop gewoonlik hand aan hand met hoë rentekoerse wat op hierdie beleggings verdien is. Die beleggingsbeleid wat in 1953 deur SANLAM ten opsigte van voorgeskrewe beleggings aangeaan is, het bepaal dat die maatskappye sy beleggingsposisie so likied moontlik moes

⁴² Bates is uitgedruk as persentasies van totale beleggingsfondse. Die gapings by "polislenings en kontant op deposito's" na 1965 is in verhouding met die wysiging van die Versekeringswet in 1965 waar die betrokke beleggingsposte nie meer onder voorgeskrewe bronne bereken is nie.

hou om volle voordeel uit enige moontlike styging in rentekoerse te kry. Die strategie was om onmiddellik optimaal te belê en so min asmoontlik kontantgeld op te gaar. Die maatskappy het dus 'n beleid van volle nakoming van beleggingsvoorskrifte probeer handhaaf. Dit het beteken dat soos gereelde fondse na die maatskappy gevloei het, dit so gou as moontlik aan 'n beleggingspos bestee is.⁴³

Wat die verskeie maatskappye se beleggingsbeleid betref, kan daar duidelike tekens gevind word dat hierdie maatskappye verskillende strategieë gevolg het. Voorkeur is aan sekere beleggings verleen terwyl daardie kategorie beleggings nie 'n groot prioriteit vir SANLAM was nie. In die geval van Southern Life was “effekte en lenings aan plaaslike owerhede en openbare liggame” veral 'n hoë prioriteit, terwyl “Regeringseffekte” gedurende hierdie tydperk vir SANLAM van minder belang was. In 1953 het J.J. Marais (Assistent Hoofbestuurder) en D.J. Malan (beleggingsbestuurder) hierdie verskil toegeskryf aan die feit dat die maatskappye bewustelik die persentasie beleggings in “ander soort beleggings” waar hulle voorheen groot blootstelling gehad het, verminder. So byvoorbeeld is daar minder diskresionêre beleggingsfondse aan regeringseffekte (18,24%) teen 1955 teenoor 1950 (40,08%) bestee. Beleggings is eerder verskuif om plek te maak vir 'n persentasie vermeerdering in ander soort beleggings, byvoorbeeld in 1950 is 18% van die totale diskresionêre beleggingsfonds in plaaslike owerhede teenoor 38% in 1955 belê.⁴⁴ Hoewel hierdie stelselmatige vermindering in die persentasie op voorgeskrewe beleggings ook 'n positiewe uitwerking op maatskappye se diskresionêre beleggingsportefeulje gehad het, was versekeringsmaatskappye en veral SANLAM steeds bewus van die veiligheid wat hierdie soort beleggings vir hul fondse gebied het.⁴⁵ Hulle was ook steeds bewus van die noodsaaklikheid van sulke fondse vir die regering. Die voorgeskrewe beleggings het nie net gesorg vir 'n gereelde rente-opbrengs (winsmotief) nie, maar is ook gesien as 'n doeltreffende manier om die ontwikkeling van plaaslike en staatsinstansies (diensmotief) te bevorder.

Skrywers soos Bernstein is egter krities oor die hoë persentasie voorgeskrewe beleggings voor 1959 waaraan versekeringsmaatskappye gebonde was. Volgens hom was die hoofdoel

⁴³ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum aan die raad insake rentekoerse,” 29/07/1953, pp.1-3.

⁴⁴ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: J.J. Marais & D.J. Malan: “Bate en beleggingsbeleid van die 4 grootste Suid-Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappye,” (Bylae).

⁴⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1944, p.3; SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Jaarverslae en Inkomstestate: 1950-1955.

van hierdie maatskappye om groter opbrengste te genereer op die fondse van hul polishouers ontvang, maar die verpligte aard van bogenoemde bates het beperkinge op sulke maatskappye geplaas om hul wins te verhoog.⁴⁶ Die SANLAM voorsitter het in sy voorsittersverslae oor die periode 1948-1951 hierdie sentiment gedeel en betoog dat die hoë presentasie wat versekeringsmaatskappye aan voorgeskrewe beleggings moes bestee, beperkinge op die verskaffing van risikokapitaal aan bestaande en nuwe ondernemings geplaas het. Hierdie soort kapitaal was noodsaaklik vir die ontwikkeling van talle sektore van die ekonomie en die land is deur die hoë vlak van voorgeskrewe beleggings (40% voor 1959) benadeel.⁴⁷

Tog het daar ook sterk begrip in SANLAM bestaan oor die belangrikheid van voorgeskrewe beleggings omdat SANLAM simpatiek gestaan het teenoor die verantwoordelikheid van maatskappye om die owerheidsektor se dienste te help uitbrei.⁴⁸ Deur die ontwikkeling en uitbreiding van plaaslike strukture en instellings het versekeringsmaatskappye 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die bevolking gelewer. Dit het 'n gunstige klimaat geskep waarin ekonomiese ontwikkeling kon plaasvind en was dus nou aan die ekonomiese strewe van polishouers gekoppel. Dit is een van die redes waarom 'n sterk verantwoordelikheid by SANLAM voorgekom het en dié siening word regdeur die maatskappy se dokumentasie, veral in die voorsittersredes, bespeur.

Die belangrikste bewys van hierdie verantwoordelikheid word duidelik verwoord in die voorsittersrede van 1944 waar W.A. Hofmeyr hom oor die bestaansbeveiliging en kapitaalvormende rol van 'n lewensversekeringsmaatskappy uitgelaat het.⁴⁹ Volgens Hofmeyr was lewensversekeringsmaatskappye goeie voorbeelde van groeppvorming vir onderlinge steun en bystand aan die staat en die bevolking. Die rede daarvoor was die feit dat hierdie maatskappye 'n medium was waardeur die samelewing doeltreffende voorsiening (deur die koop van polisse) vir hulle toekoms en die toekoms van daaropvolgende generasies kon maak. “Die fondse het versekeringsmaatskappye weer die geleentheid gegee om die staat in die voorsiening van omvangryker en beter gekoördineerde maatskaplike dienste in verband met gesondheid, behuising en opvoeding van die volksmassa te help.”⁵⁰ In die lig van bogenoemde redes is dit dus belangrik om 'n aanduiding te gee van SANLAM se

⁴⁶ M. Bernstein: “The Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives,” pp.37-48.

⁴⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1948-1951, p.2.

⁴⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1944, p.3.

⁴⁹ Ibid., p.2.

⁵⁰ Ibid., p.2.

voorgeskrewe beleggings vir die tydperk van 1922 tot 1980 ten einde 'n geheel beeld te kry van die bydrae wat deur die maatskappy tot die ontwikkeling van die land gelewer is. Tabel 2 bied dus 'n oogopslag-weergawe van SANLAM se totale voorgeskrewe beleggings.

Tabel 2: SANLAM: struktuur van voorgeskrewe beleggings vir die tydperk 1922 tot 1980 (R)⁵¹

Tydperk	Totaal R'000	Regeringseffekte (Unieregering en ander) R'000	Lenings aan Polishouers R'000	Lenings aan Plaaslike owerhede R'000	Ander lenings en Kontant op deposito's R'000	Effekte van Nutsmaatskappe soos Eskom, SAUK en ander R'000
1919	50	50	0	0	0	0
1925	208	114	30	0	64	0
1935	1 078	288	474	136	40	240
1940	3 510	880	422	306	150	1 243
1950	14 720	5 900	2 760	2 620	900	2 540
1955	31 800	5 800	6 000	12 200	1 400	6 400
1960	62,320	8 400	13 200	28 400	2 400	12 180
1965	85 273	7 592	18 220	27 298	10 700	21 463
1970	128 196	35 750	-	44 276	-	48 170
1975	257 773	111 392	-	79 128	-	67 253
1980	773 271	423 694	-	128 379	-	221 198

SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Jaarverslae en Inkomstestate: 1918-1980.

Hier kan duidelik gesien word dat SANLAM 'n belangrike bydrae tot die finansiering van 'n uitgebreide staatsprogram tussen 1918 en 1980 gemaak het. SANLAM het veral beleggings in regeringseffekte, openbare maatskappye en lenings aan plaaslike owerhede soos munisipaliteite gemaak. Regeringseffekte (R423 miljoen) het teen 1980 meer van SANLAM se voorgeskrewe beleggingsfonds in beslag geneem teenoor die R221 miljoen bestee in openbare maatskappye en R128 miljoen, in lenings aan plaaslike owerhede. Sulke beleggings het sodanige instansies gehelp om dorpe en stede van water, elektrisiteit, strate en ander noodsaaklike infrastruktuur en geriewe te voorsien terwyl dit die regering ook gehelp het om die spoorweë, hawens, openbare geboue en paaie te ontwikkel.⁵²

1.2 Die behoefte aan selfstandigheid

Om SANLAM se diens- en winsmotief te begryp, moet die oorsprong van hierdie behoefte eers ondersoek word. Die oorsprong begin met die aanvang van die 20ste eeu, waar die Afrikaner homself in ekonomiese en sosiale agterstand binne die Suid-Afrikaanse

⁵¹ Die gapings by 'polislenings en kontant op deposito's' na 1965 is in verhouding met die wysiging van die Versekeringwet in 1965 waar die betrokke beleggingsposte nie meer onder voorgeskrewe bronne bereken is nie.

⁵² SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1944, p.2.

samelewing bevind het. Hierdie agterstand is grotendeels veroorsaak deur faktore soos die gevolge van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 en die onafwendbare verstedeliking daarna.⁵³ Die oorlog het nie net gesorg vir emosionele skade as gevolg van lewensverliese nie, maar het ook grootskaalse ekonomiese skade, veral aan die kant van die burgers van die gewese Boererepublieke, veroorsaak. Daar is ook bereken dat die oorlog 'n verlies aan baie vee en lewensbesittings meegebring het as gevolg van Brittanje se “verskroeiende-aardebeleid,” terwyl talle Afrikaners hul totale lewensonderhoud verloor het. Wasserman het bevind dat “*the burning of houses was from March 1901 until the end of the war, followed by orders to also destroy farm equipment and Dutch crops.*”⁵⁴

Die verwoestende aard van die oorlog het die Afrikaner dus binne die kort bestek van drie jaar in grootskaalse armoede gedompel wat baie van hulle na die stede in die hoop op 'n beter heenkome gedwing het. Die tempo waarteen die verstedeliking plaasgevind het, was hoog. Die getal Afrikaners in stede het tussen 1891 en 1911 met 203% toegeneem, terwyl meer as 40% van die Afrikanerbevolking teen 1926 in stedelike gebiede woonagtig was. Hierdie tempo van verstedeliking het die soeke na werk egter baie bemoeilik en boonop het baie Afrikaners oor beperkte kennis of vaardighede beskik om doeltreffend in 'n stedelike omgewing en ekonomie te oorleef. Dit is veroorsaak deur die feit dat die meeste Afrikaners voor die 1900's geboer of in hierdie bedryf gewerk het. Droogtes en peste op die platteland het die soeke na werk nog moeiliker gemaak weens die kompetisie met andere wat hul wonings in hierdie omstandighede verlaat het. “Nou het die Afrikaner hom in 'n posisie bevind waar hy 'n werknemer moes word van die Engelsman of Jood.”⁵⁵

Ander faktore wat bygedra het tot die Afrikaner se armoede was die beheer deur Engelssprekendes in die ekonomie en die Afrikaner se beperkte vermoë om aan 'n moderne ekonomie deel te neem. Een van die redes daarvoor was dat die meeste Afrikaners teen 1900 op die platteland woonagtig was waar boerdery die primêre ekonomiese aktiwiteit was. Die nodige vaardighede om doeltreffend deel te neem aan 'n moderne ekonomie het egter ontbreek en 'n groot agterstand geskep. Daar is bereken dat die Afrikaners verantwoordelik

⁵³ W.P.G. Koen: “SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939,” pp.15-18.

⁵⁴ J.M. Wasserman: “The Natal Afrikaner and the Anglo-Boer war,” Ongepubliseerde D.lit et Phil proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2005, p.406.

⁵⁵ W.P.G. Koen: “SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939,” pp.17-21; Vgl. ook J. Nattras: *The South African economy. Its growth and change*, p.62.

vir slegs 3% van die jaarlikse opbrengs op beleggings in 1922 was, alhoewel hulle toe meer as 60% van die totale blanke bevolking uit gemaak het.⁵⁶ Hierdie feit is egter vanselfsprekend omdat ervaring en kapitaal by Afrikaners, veral op die gebied van handel, in groot mate nog ontbreek het.

Bogenoemde tekortkominge en veral die blanke armoede-vraagstuk is bespreek by die NG-kerkkongres wat in November 1916 op Cradock plaasgevind het. Ernstige besprekings oor die ekonomiese agterstand van die Afrikaner was aan die orde van die dag, terwyl statistiek in verband met hierdie toestand aan die kongres voorgelê is. Daar is vasgestel dat daar in daardie stadium meer as 100 000 armblankes uit 'n totaal van 1,4miljoen in die samelewing aanwesig was terwyl amper 40 000 van die armes as “dood-armen” beskou is.⁵⁷ Gevolglik het geweldige tekorte aan noodsaaklike goedere soos klere, voedsel en behuising bestaan. Hierdie probleme is vererger deur die tekort aan werksgeleenthede, geskoolde arbeid en die onvoldoende ontwikkeling van die land se nywerhede. Die oplossing was groter deelname aan die landseconomie as werknemer en werkgever, maar hiervoor sou ondernemingskapitaal, opgeleide tegnisi en sterk leiers benodig word om die dringende vraagstukke doeltreffend aan te spreek. In daardie stadium het hierdie veranderlikes nog ontbreek en boonop was die konsentrasie van rykdom in die hande van veral Engelssprekendes. Die armoede-vraagstuk het Afrikaners van hul agterstand bewus gemaak.⁵⁸ Hulle het geleidelik tot die besef gekom dat ekonomiese bemagtiging die volk ekonomies sou kon bevry. Die kongres het dus Afrikaners se sosiale en ekonomiese agterstand onderstreep.

'n Verdere stimulus wat groter selfvertroue aan die Afrikaners se vermoë gegee het om aan moeilike omstandighede te ontkom, het ontwikkel uit die sukses van die Helpmekearbeweging van 1917. Hierdie beweging is aan die gang gesit om die skuld te delg wat veroorsaak is deur die Rebelle van 1914. Swaar strawwe is die beskuldigdes en hul families opgelê vir skade aangerig, en hulle kon dit nie betaal weens gebrek aan kapitaal. Dit het gelei tot die stigting van 'n fonds om die skuld te verlig en wat heelhartig deur baie Afrikaners ondersteun is. Teen November 1917 is genoegsame fondse ingesamel om die

⁵⁶ R.G. Stokes: “The Afrikaner industrial entrepreneur and Afrikaner nationalism,” in *Economic Development and Cultural Change*, 22(4). University of Chicago Press, 1974, p.561.

⁵⁷ W.P.G. Koen: “SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939,” pp.26-28.

⁵⁸ H. Giliomee: “Western Cape Farmers and the Beginnings of African Nationalism. 1870 – 1915,” *Journal of South African Studies*, 14(1), 1987, pp. 38-63.

skulde te dek.⁵⁹ Afrikaners het ook 'n dieper besef ontwikkel dat hulle deur “die vereniging van hul kapitaal in staat was tot 'n kapitaalkragtigheid waarmee hulle beheer oor hul ekonomiese toekoms kon kry.”⁶⁰

Gebeure soos die Cradock-kongres en die Helpmekaarbeweging was treffende bewyse dat die Afrikaner stadig maar seker groter selfvertroue, of selfstandigheid, ontwikkel het om knellende probleme doeltreffend aan te pak. Dit het duidelik begin word dat hulle gesamentlik meer kon vermag as individue en sodoende 'n groter deelname aan die ekonomie sou kon bewerkstellig. Alhoewel kapitaalbronne en geskoolde arbeid tot 'n groot mate nog beperk was gedurende die vroeë 1900's, is die nodige ywer en moed gemobiliseer om stelselmatig weg te breek van 'n tradisionele boerderymodel en na groter deelname in die besigheidsomgewing oor te beweeg. Dit is dus teen hierdie agtergrond van 'n strewe na selfstandigheid waar die grondslag gelê is vir maatskappye wat Afrikanerkapitaal doeltreffend kon mobiliseer en aanwend ter bevordering van Afrikanerbelange. SANLAM sou een van hierdie maatskappye wees.

1.3 Die stigting van SANLAM

Van die eerste ondernemingspogings wat Afrikaanse besigheidslui na die Rebelle van 1914 aangepak het, was die oornam van 'n handel- en ysterware maatskappy, die Afrikaanse Handelshuis, met WA Hofmeyr as voorsitter. Hierdie onderneming het voorheen aan Duitsers behoort wat dit verkoop het weens vrees vir aanvalle deur persone wat Duitsland nie goedgesind was as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog nie. Die onderneming was egter nie 'n sukses nie weens die aankoop van voorraad teen die hoë pryse wat die Eerste Wêreldoorlog tot gevolg gehad het. Gedurende die oorlog was voorrade moeilik bekombaar, mededinging tussen maatskappye was hoog en ander ondernemings wou nie graag 'n nuwe Afrikaanse onderneming help nie. Teen 1918 het pryse egter skerp gedaal wat groot verliese vir hierdie maatskappye tot gevolg gehad het. Gevolglik is daar besluit om die saak te verkoop, maar Hofmeyr het dit gesien as 'n “eerlike eerste poging en 'n eerlike mislukking.”⁶¹

⁵⁹ W.P.G. Koen: “SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939,” 1987, pp.26-28.

⁶⁰ A. Ehlers: “Die geskiedenis van Trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank beperk tot 1971,” ongepubliseerde DPhil proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2002. pp.154.

⁶¹ N.J. le Roux: *WA Hofmeyr – Sy werk en waarde*. Nasionale Boekhandel (bpk). Kaapstad, 1953, p.126.

Die mislukking van bogenoemde saak het egter nie die Afrikaners se entrepreneurs-vermoë gedemp nie. Hofmeyr was van mening dat die Afrikaanse sakelui nie lank sou neem om oor hierdie mislukking te kom nie, want hulle het geweet die ‘volk se gemoed was reg.’ Die Helpmekearbeweging het getoon dat die Afrikaner se kapitaalkrag doeltreffend gemobiliseer kon word en daar was ’n gevoel dat so ’n kapitaal mobilisering weer suksesvol gedoen kon word.⁶² Dit het gelei tot hernude idees oor die stigting van ’n Suid-Afrikaanse versekeringsmaatskappy wat prominente sakelui se aandag begin trek het. Hierdie sakelui het die volgende persone ingesluit:

- W.A. Hofmeyr, wat ’n prokureur en ’n voorstander in die stryd vir die ekonomiese opheffing van die Afrikaner was. Hy was ’n natuurlike leier en het onder andere die voortou geneem in die stigting van die Nasionale Pers;
- C. Fichardt, wat meestal gewerk het met trust-, boedel- en assuransiesake in die Oranje-Vrystaat;
- F.H. Dormehl, wat ’n rekenmeester was en hom beywer het vir die bevordering van die Afrikaanse taal;
- C.R. Louw, ’n prokureur wat ’n groot belangstelling in sake-ondernemings en die bestuurswese gehad het. Van sy eerste projekte was die oprigting van ’n suksesvolle boere-koöperasie en ’n Afrikaansmediumskool ter bevordering van die Afrikaanse taal;
- P.A. Malan, ’n prokureur met ’n sterk Afrikanersentriese politieke dryfveer;
- A.J. Benning, wat ’n gevestigde ambagsman was wat talle suksesvolle bouwerk onderneem het. Hy het oor ’n uitgebreide sakekennis beskik en belange in verskeie ondernemings gehad; en
- A. MacDowell, ’n bankier wat die groot potensiaal vir die mobilisering van spaarfondse onder die Afrikaners raakgesien het.⁶³

⁶² A. Ehlers: “Die Helpmekearbeweging in Suid-Afrika: die storm en dragjare 1915-1920,” Ongepubliseerde M-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch. 1986.

⁶³ G. Verhoef: “Nationalism, Social capital and economic empowerment; SANLAM and the economic upliftment of the Afrikaner people, 1918-1960,” p.699-701; vgl. ook J.P. Scanell: *Uit die volk gebore: SANLAM se eerste vyftig jaar*, pp. 3-8

Al hierdie persone was oor die nuwe verwickelinge baie entoesiasies. Die oorspronklike plan was om die maatskappy polities neutraal te hou deur direkteure uit die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party en die Arbeiders Party aan te stel. Afrikaners uit die noorde van die land was egter nie gretig om saam te werk nie en die gevolg was dat daar aanvanklik slegs Afrikaners uit die suide van die land betrek is.⁶⁴

Op 5 Desember 1917 het dié persone by die Royal Hotel in Kaapstad bymekaar gekom. Daarvan getuig die baie vooraf samesprekings gehou tussen MacDowall, Fichardt, Dorhmehl en Hofmeyr. 'n Voorlopige prospektus is voorgelê.⁶⁵ Verder het die persone by die vergadering een hoofdoel in gedagte gehad, naamlik om die ekonomiese agterstand van die Afrikaner uit te wis en die klein aandeel wat hulle in die landseconomie gehad het, om te keer. Gevolglik is daar besluit om die Suid-Afrikaanse Trust en Assuransie Maatskappy (Santam) grootliks met Afrikanerkapitaal te stig. Op 1 Mei 1918 het Santam met sy bedrywighede begin.⁶⁶

Daar is egter gou beseft dat Santam sou sukkel indien dit sou probeer om 'n lewensversekeringsafdeling ook in hierdie enkele onderneming te bedryf. Lewensversekering het 'n aansienlike groeipotensiaal weens die gereelde invloei van premies wat oor 'n lang tydperk opgegaan en belê kan word. Sodanige beleggings kon teen 'n gunstige koers belê word wat groot winspotensiaal vir die maatskappy en sy polishouers sou kon inhou. Weens die lae risiko verbonde aan lewensversekeringspolisse (dit wil sê premies wat oor 'n aantal jare opgegaan kon word voordat die polishouer dit sou benodig) kon hierdie fondse maklik ter bevordering van die maatskappy en polishouers se belange aangewend word. Dit was van die belangrikste redes waarom die prokureur J.S. de Villiers in Maart 1918 voorgestel het dat 'n aparte maatskappy gestig word om net op lewensversekering te konsentreer.⁶⁷

Tydens 'n vergadering van Santam, gehou op 3 Mei 1918, is eenparig besluit om 'n afsonderlike maatskappy te stig om lewensversekering– gewone en industriële – te verkoop. Die gewone lewensversekering sou op 'n onderlinge wyse geadministreer word wat beteken dat al die wins aan die polishouers sou behoort terwyl die wins wat uit die industriële afdeling

⁶⁴ N.J. le Roux: *WA Hofmeyr – Sy werk en waarde*, p.127.

⁶⁵ *Ibid.*, p.128.

⁶⁶ *Ibid.*, pp.128-129.

⁶⁷ SA: Notules van Santam se Hoofbestuurvergaderings, 03/05/1918; Vgl. ook N.J. le Roux: *WA Hofmeyr – Sy werk en waarde*, p.127.

sou vloei, na die aandeelhouders (Santam) sou gaan.⁶⁸ Dit is waarom besluit is dat die gewone lewensafdeling eerder 'n afsonderlike maatskappy moes wees as gevolg van die aard van die besigheid. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappy (SANLAM) is gevolglik in die lewe geroep en is op 28 Mei 1918 amptelik geregistreer. Op 20 Junie is die volgende aanstellings gemaak: W.A. Hofmeyr is aangestel as voorsitter, C.M.T. Wilcocks as onder-voorsitter, F.H. Dormehl as besturende direkteur, G.W. Patterson as aktuaris en A. MacDowall as algemene bestuurder en sekretaris. Daarby is Hofmeyr, Dormehl en C.R. Louw aangewys as die dagbestuur om sake van die maatskappy namens die Raad van Direkteure te behartig.⁶⁹ SANLAM het 'n oprigtingskapitaal van R50 000 gehad, waarvan R49 974 van die uitgereikte aandele deur Santam opgeneem is en die res versprei is onder Hofmeyr, Dormehl, Benning, McDowall, Patterson, T.J. Louw, C.R. Louw, W.A. Malan, T.J. de V. Roos, C.F. Steijn, P.W. Grobler, P.A. Malan en C.T.M. Wilcocks, wat elkeen een aandeel ontvang het. SANLAM het dus 'n aparte, suiwer onderlinge maatskappy en 'n volle filiaal van Santam geword met sy hoofkantoor in Kaapstad.⁷⁰

Die Akte van Oprigting het die belangrikste beginsels en oogmerke, waarvolgens die maatskappy sy daaglikse bedrywighede beoefen het, beliggaam. 'n Opsomming van die belangrikste bepalinge van die Akte van Oprigting kom op die volgende neer:

Artikel 1 van die Akte van Oprigting bepaal dat SANLAM gewone lewensversekering (assuransie op lewenspolis op enige lewe) en industriële lewensversekering ('n dekking op enige lewe wat in die industriële sektor werksaam is) kon uitreik by al sy takke, asook die uitbetalings van bepaalde fondse aan 'n polishouer by dood, besering of by die bereiking van 'n bepaalde ouderdom behartig. Artikel 8 bepaal dat die maatskappy se bedrywighede die koop, verkoop of aanname van aandele, effekte, skuldbriewe of ander sekuriteite insluit. Die maatskappy was verder in 'n posisie om spesiale fondse te stig, byvoorbeeld 'n pensioenfonds, en kon enige besigheid, eiendom, verpligtinge of kontrakte verkoop of oordra wat goedgekeur is volgens Artikels 4 en 6. Kapitaal wat nie dadelik benodig is nie kon vrylik geleen word aan ander maatskappye, plaaslike owerhede en individue en enige eiendom kon aangekoop word wat die maatskappy sou benodig om sy eie geboue op te rig. Hierdie geboue kon ook gebruik word om inkomste te genereer deur middel van huurinkomste.⁷¹ Volgens

⁶⁸ SA: Notules van Santam se Hoofbestuurvergaderings, 03/05/1918.

⁶⁹ SA: Notule van SANLAM se Hoofbestuurvergadering, 20/06/1918.

⁷⁰ SA: Notule van Santam se Hoofbestuurvergadering, 05/12/1917.

⁷¹ SA: 5/1/1: Stigting:Akte van oprigting van SANLAM, Artikels 7 en 10, 8/06/1918.

Artikel 11 en 12 kon SANLAM ook enige filiaalmaatskappye stig en hulp vir die beskerming van assuransiesake in Suid Afrika en elders verleen. Die maatskappy kon deposito's ontvang (met of sonder rente daarop) en kon takke, agentskappe en adviserende komitees vir die uitbreiding van sy besigheid stig. Verder was SANLAM ook gemagtig om finansiële ondersteuning aan persone in diens van die maatskappy te gee.⁷² In sommige gevalle het SANLAM byvoorbeeld motors aangekoop vir sy verkoopsagente⁷³ en behuising aan sommige van sy verteenwoordigers regoor die land verskaf (In hoofstuk 5 word dit verder bespreek).

Die Statute en Akte van Oprigting van SANLAM in 1918 het 'n doeltreffende raamwerk gebied waarbinne die maatskappy sy bedrywighede kon begin. Die dryfkrag agter hierdie ontwikkeling was die begeerte onder Afrikaners om hul ekonomiese omstandighede uit eie middele te verbeter. Sterk leiers was nodig om die leisels te vat en hiervan het SANLAM genoeg gehad. Persone soos Hofmeyr, P.A. Malan en andere het die potensiaal gehad om 'n sukses van so 'n instelling te maak gegewe hul besigheidservaring. Hierdie sakelui was bewus van die behoefte aan 'n instelling wat die Afrikaner se ekonomiese belange kon bevorder en het die kennis gehad om geskikte fasiliteite te ontwikkel wat hierdie ekonomiese selfstandigheid doeltreffend kon bevorder.

Die toetrede van SANLAM tot die Suid-Afrikaanse ekonomie is dus die gevolg van die Afrikaanse strewe na ekonomiese vryheid. SANLAM was nie net 'n simbool van kollektiewe Afrikanerbelange nie, maar was ook 'n medium waardeur Afrikaners hul ekonomiese strewe doeltreffend kon bestuur. Dit is waarom SANLAM klem op die winsmotief (uitbreiding van kapitaal) en 'n diensmotief (in diens van die polishouers deur hulle teen risiko te dek) geplaas het. Eersgenoemde was egter die belangrikste omdat dit die maatskappy in staat gestel het om 'n aktiewe rol te speel in die opbou en versterking van die volksinkome, asook om deur beleggings hulp aan die staat te bied om die binnelandse groei te bevorder. Hierdie twee doelwitte omsluit die fundamentele rede vir die stigting van die maatskappy, naamlik die beskerming en die uitbreiding van polishouers se belange om uiteindelik aan hulle 'n groter aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie te gee. Dit is waarom W.A. Hofmeyr, voorsitter

⁷² SA: 5/1/1: Stigting: Akte van oprigting van SANLAM, Artikels 21 en 22, 8/06/1918.

⁷³ SA: Notule van Dagbestuursvergadering, 18/10/1922.

van SANLAM, teen 1919 gevoel het dat daar wel “groot ruimte en groot noodsaaklikheid vir nog ’n Suid-Afrikaanse versekeringsmaatskappy in die samelewing was.”⁷⁴

⁷⁴ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1919, p.1.

Hoofstuk 2

Die ontwikkelingsfase van SANLAM (1918-1940)

Na die amptelike registrasie van die maatskappy in 1918 as 'n filiaal van Santam,⁷⁵ is SANLAM se sakebedrywighede in die lewensversekeringsbedryf met groot ywer aangepak. SANLAM was gereed om sy plek in die Suid-Afrikaanse ekonomie in te neem en was gemotiveerd om die ekonomiese posisie van die Afrikaner te verbeter. Sedert die stigting van die maatskappy in 1918 is baie klem op veilige lae risiko beleggings geplaas. SANLAM het 'n groot deel van sy beskikbare fondse in regeringseffekte en ander openbare liggame, lenings aan polishouers en munisipaliteite, vaste deposito's, verbande en vaste eiendomme belê. Hierdie soort beleggings is as lae risiko beskou omdat dit in goeie rentedraende sekuriteite was.

Hoewel die plan van aksie (soos dit in SANLAM se prospektus en statute van oprigting staan) vanaf die begin met groot ywer toegepas is, het die suksesse van die maatskappy gedurende die ontwikkelingsfase van 'n hele aantal faktore afgehang. Hierdie faktore sluit onder andere die verhouding met sy moedermaatskappy (Santam) in, die gewilligheid van die Afrikaner om die maatskappy te ondersteun, die vermoë van die maatskappy om sy besigheid onder normale en moeilike omstandighede uit te brei, asook die ontwikkeling wat sy beleggingstrategieë ondergaan het.

Hierdie hoofstuk ondersoek al bogenoemde faktore en probeer om vas te stel tot watter mate SANLAM suksesvol was daarmee. Eers is dit belangrik om die vernaamste kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1910 en 1940 uiteen te sit om die ekonomiese omgewing waarin SANLAM sy bedrywighede begin het, te identifiseer.

2.1 Die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1910 en 1940

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het tussen 1910 en 1940 vinnige vooruitgang in die nywerheid-, mynbou- en finansiële sektore getoon. Hierdie vooruitgang is veral aangehelp deur die vinnige uitbreiding van goudmyne, sedert die einde van die Anglo-boere oorlog in 1902, die diamantvelde Kimberley en die Pakt-regering wat nywerheidsontwikkeling gestimuleer het deur hoë invoertariewe op sekere buitelandse goedere te hef. Die primêre

⁷⁵ In hierdie verhandeling word SANLAM in hoofletters en Santam in klein letters geskryf om verwarring te vermy.

funksie van laasgenoemde beheermaatreëls was om werk aan arm blankes te verskaf en om plaaslike nywerhede teen buitelandse mededinging te beskerm. Dit het byvoorbeeld tot 'n toename in die aantal fabriek vanaf 6009 in 1924 na 6238 in 1929 gelei.⁷⁶

Hierdie aansporing van nywerhede en die produksie van die goudmyne het die nasionale inkome diensooreenkomstig vanaf R265 miljoen in 1912 tot R427 miljoen in 1933 en tot R780 miljoen teen 1940 laat toegeneem. Hiervan het nywerhede 17,7%, mynbou 20,6% en die finansiële- en handelsektor 13,6% teen 1940 bygedra. Die Afrikaners se aandeel in die nasionale inkome was teen 1940 in sektore soos die nywerhede (1%), mynbou (3%), finansies (5%) en die handelsektor (8%) nog gering.⁷⁷ Hul grootste aandeel aan die ekonomie was in die primêre sektor (landbou-, bosbou- en visbedryf) teen 1940 en het op 87% gestaan. Dit het die Afrikaners se totale bydrae tot die ekonomie op minder as 10% geplaas.⁷⁸

SANLAM het dus probeer om teen hierdie agtergrond sy bedrywighede in sy aanvangsjare voor te sit. Voor verdere aandag egter aan daardie aktiwiteite geskenk word moet die maatskappy se verhouding en afhanklikheid van sy moedermaatskappy gedurende hierdie eerste fase van sy bestaan eers aandag geniet. Dit is belangrik om vas te stel of Santam 'n invloed op SANLAM se vroeë ontwikkeling gehad het al dan nie.

2.2 Die verhouding tussen SANLAM en Santam

SANLAM is deur Santam as 'n suiwer onderlinge maatskappygestig. SANLAM kon sy eie besigheidsplan ontwikkel en het totaal apart van Santam besigheid gedoen. Hoewel laasgenoemde tot in die vroeë 1950's 'n behorende aandeel in SANLAM behou het, het hierdie twee maatskappye van die begin af hul eie kapitaal besit en elkeen sy eie wins behou. SANLAM het volgens artikels 41, 42 en 46 van sy statute duidelik tussen die wins van sy Gewone Tak en sy Industriële Afdeling onderskei. Dit kom daarop neer dat die wins van SANLAM se Gewone Lewensversekeringstak uitsluitlik aan sy polishouers sou behoort. Geen ander belangegroep sou aanspraak kon maak daarop nie. Die wins van die Industriële Lewensversekering sou weer na die verskeie aandeelhouers geallokeer word, dit wil sê Santam.⁷⁹ Laasgenoemde reëling was egter nie lank van krag nie, omdat SANLAM die

⁷⁶ C.F. Muller: *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.516-517, p.425.

⁷⁷ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, pp.20-21 en 129-131.

⁷⁸ C. Dalcanton: "The Afrikaners of South Africa: A case study of identity formation and change," p.128.

⁷⁹ SA: 5/1/1: Stigting: Statute van SANLAM, p.12, (Santam was die enigste aandeelhouer van SANLAM vanaf 1918 tot 1954).

Industriële Tak teen die einde van 1920 moes prysgee. Die Industriële Tak het verliese gely en 'n jong SANLAM kon nie hierdie afdeling red nie, soos later aangedui sal word. Dit het veroorsaak dat SANLAM geen dividende of wins aan Santam as aandeelhouer betaal het nie. Alle wins is dus na die belange van sy polishouers geallokeer.⁸⁰

SANLAM het wel gereeld ander fondse aan Santam in die vorm van kommissie betaal. Die motivering vir die uitbetaling van hierdie fondse was omdat SANLAM, in die vroeë stadium van die besigheid, nie in staat was om alle dienste te lewer nie. Hierdie fondse het die volgende direkte betalings vir gelewerde dienste ingesluit: (a) salarisse vir Santam-amptenare wat dienste aan SANLAM verleen het, (b) 'n kommissie van 1% vir die plaas van verbande en lenings by openbare liggame soos munisipaliteite en afdelingsrade, (c) 'n kommissie van 5% vir die invordering van rente op verbandlenings en lenings aan openbare liggame, (d) 'n kommissie vir die invordering van premies teen 5% waar Santam-takke gebruik is as plaaslike agente van SANLAM, asook (e) 'n kommissie van 5% vir die invordering van huur.⁸¹

Afgesien van hierdie direkte betalings vir administratiewe doeleindes, het Santam ook kommissie op die aankoop van skuldbriewe, aandele en effekte ontvang. Verder is kommissie ontvang in verband met die koop en verkoop van eiendom, asook op brandversekering van geboue waarop SANLAM 'n verband gehad het. In sommige gevalle het Santam wel afgesien van sekere kommissie, byvoorbeeld waar SANLAM effekte of aandele onderskryf het. Santam het selfs 'n deel van sy vergoeding vir dienste gelewer laat vaar gedurende die vroeë stadium van SANLAM se bestaan.⁸² Hierdie ooreenkoms vir die lewering van dienste deur Santam was van groot waarde vir 'n jong SANLAM omdat dit gehelp het met die snelle uitbreiding van die maatskappy se besigheid en belange gedurende die eerste aantal jare.

Soos SANLAM egter jaarliks gegroei het, het die administrasiekoste en kommissie wat aan Santam vir gelewerde dienste betaal is, aansienlik toegeneem. Hierdie toename het ongeveer parallel geloop met die groei in besigheid en het later tot kritiek op bogenoemde ooreenkoms gelei. Dit het druk geplaas op die pogings van die SANLAM-bestuur om administrasiekoste te verminder toe die maatskappy alreeds goed gevestig binne die Suid-Afrikaanse ekonomie

⁸⁰ SA: 5/1/3: Santam/ SANLAM: "Verhouding tussen SANLAM en Santam deur die algemene bestuurder en sekretaris van Santam en SANLAM," p.1.

⁸¹ SA: 5/1/3: Santam/ SANLAM: "Memorandum insake finansiële verhouding tussen SANLAM en Santam," p.1.

⁸² Ibid., p.1.

was. Daar het 'n gevoel ontstaan dat SANLAM nie baie van die bogenoemde dienste benodig het nie omdat die maatskappy volhoubare groei kon bewerkstellig, veral na die depressie van die 1930's (soos later bespreek gaan word).

SANLAM was in 'n posisie om self meer administratiewe verantwoordelikheid te behartig en die bestaande reëlins het baie duplikasie van werk asook onnodige betalings aan Santam veroorsaak. 'n Voorbeeld hiervan was die begeerte om self die invordering van paaiemente op polisse te behartig en om self direkte aankope van effekte te doen.⁸³ Santam het egter voortgegaan met die verskaffing van dienste aan SANLAM teen 'n vasgestelde kommissie, maar in 1954 het hierdie ooreenkomste tot 'n einde gekom toe SANLAM se Privaatwet, No.3 van 1954 gepromulgeer is.⁸⁴ SANLAM kon in daardie jaar die onderhandeling om sy eie aandele van Santam vir ongeveer R100 000 te koop, suksesvol afhandel. Gevolglik het SANLAM 'n nuwe status gekry as 'n onafhanklike versekeringsmaatskappy en sy administrasie is deur al sy takke self behartig.⁸⁵

Dit is dus belangrik om die verhouding tussen SANLAM en sy moedermaatskappy Santam te verstaan omdat dit 'n groot impak op die groei van SANLAM gehad het. Dit het SANLAM gehelp om sy aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie uit te brei wat weer tot die versterking van sy polishouers se belange bygedra het (meestal Afrikaners in daardie stadium).

2.3 Die beginjare van SANLAM (1918-1933)

Sedert die stigting van SANLAM, het die maatskappy groot ondersteuning vanaf die publiek gekry. Dit word duidelik gedurende die maatskappy se eerste bedryfsjaar (1919) weerspieël

⁸³ SA: 5/1/3: Santam/ SANLAM: "Memorandum insake finansiële verhouding tussen SANLAM en Santam," p.3.


⁸⁴ SANLAM het onder die Privaatwet, no.3 van 1954 'n onderlinge lewensversekeringsmaatskappy geword. Hierdie wet het die belangrikste beginsels en oogmerke, waarvolgens die maatskappy sy bedrywighede beoefen het, beliggaam. Afdeling 5 van hierdie wet omsluit SANLAM se primêre doel en kom op die volgende neer: a) Die maatskappy sal voortaan gewone lewensversekering asook nywerheids- en begrafnisversekeringsbesigheid asook siekte- en persoonlike ongevalversekeringsbesigheid doen. b) SANLAM is ook geregtig om enige eiendom aan te koop, te verhuur of te verkoop en SANLAM kan enige eiendom of ander bate oordra na nuwe maatskappye wat deur hom opgerig word. c) Verder het SANLAM die vryheid om gelde op deposito te kan mobiliseer terwyl hy ook sy eie fondse op deposito kan plaas by enige maatskappy wat dit kan ontvang. d) SANLAM kan ook handel in aandele, skuldbriewe, effekte of sekuriteite van enige aard terwyl SANLAM ook geregtig is om pensioen- en ander fondse in die lewe te roep. e) Laastens is die maatskappy geregtig om as bestuurder van enige ander maatskappy, fonds of organisasie op te tree.

SA: 5/1/4: SANLAMwet: Unie van Suid-Afrika: Private Wet, No.3 van 1954, Artikel 5, ABC Pers, Kaapstad, 1964.

⁸⁵ SA: 5/1/3: Santam/ SANLAM: "Memorandum insake finansiële verhouding tussen SANLAM en Santam," p.3.

waartydens SANLAM 3 228 polisse vir 'n versekerde bedrag van R2 279 288 teen 'n jaarlikse premie van R78 892 kon uitreik.⁸⁶ In die daaropvolgende jare het die jaarlikse premie verdere groei getoon en op R89 542 (1921), R100 000 (1927) en R642 714 (1933), onderskeidelik, te staan gekom.⁸⁷ Hierdie groei dui op tekens van snelle vooruitgang in die hoeveelheid polishouers wat jaarliks by SANLAM aangesluit het. Hierdie polishouers was meestal die relatiewe armer Afrikaners en boere wat 'n behoefte gehad het aan 'n spaarmiddel waarin klein bedrae opgegaan kon word.⁸⁸

Hierdie gereelde toevloei van premie-inkomste het SANLAM in staat gestel om daardie fondse in 'n paar uitgesoekte beleggings te plaas. Hierdie beleggings het bates soos regerings- en munisipale effekte, lenings aan polishouers, kontant op deposito's, vaste eiendomme en verbande (kapitaal wat beskikbaar gestel word op sekuriteit van vaste eiendomme) ingesluit. Dit is gedoen om die maatskappy se kapitaalkragtigheid verder uit te brei. Die groei van daardie beleggings word beter deur die volgende grafiek vertoon.



SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM 1919-1933.

SANLAM het gedurende sy beginjare 'n baie konserwatiewe beleggingsbeleid gevolg. Dit word bewys deur die voorkeur wat die maatskappy aan rentedraende bates soos verbande, vaste eiendom, lenings aan polishouers, regerings- en munisipale effekte en kontantop deposito's gegee het. Hierdie bates is oor die algemeen as veilige beleggings beskou weens

⁸⁶ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1919, p.1

⁸⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1921, 1927, 1933.

⁸⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1919, p.1.

die lae risiko waarmee dit gepaard gaan. Dit beteken dat die belegger gewoonlik 'n mate van versekering in sulke beleggings geniet omdat dit 'n gereelde rente-opbrengs genereer het.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat SANLAM gedurende sy beginjare nie deur die versekeringswetgewing verplig was om in enige voorgeskrewe bate te belê nie. Die maatskappy het sy eie diskresie in daardie verband gebruik en sy beskikbare fondse hoofsaaklik op 'n konserwatiewe wyse versprei. So byvoorbeeld is 'n hoë persentasie van die totale beleggingsfonds teen 1933 aan verbande (48,8%), vaste eiendomme (17,1%), regerings- en munisipale effekte (17%) en lenings aan polishouers (17,6%) bestee.

Die rasionaal vir hierdie beleggings is in ooreenstemming met SANLAM se wins- en diensmotief. In die geval van regerings- en munisipale effekte is dit as 'n noodsaaklike bron van kapitaal vir die staat beskou. Sodanige beleggings het 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling en uitbreiding van plaaslike strukture en instellings, terwyl dit SANLAM van lae risiko beleggingsgeleenthede voorsien het. Hierdie lae risiko aard van dié beleggings was vir SANLAM belangrik omdat dit 'n versekerde kapitaaltoevloei, as grondslag vir verdere ontwikkeling, gelewer het.

Net so is ander lae risiko beleggingsgeleenthede soos vaste eiendomme, verbande en lenings aan polishouers ook deur SANLAM benut. Beleggings in eiendomme is hoofsaaklik gemaak om die maatskappy se fisiese struktuur uit te brei en om huurinkomste te genereer. SANLAM se eerste amptelike gebou, die Oranjegebou in Bloemfontein, is in 1923 vir 'n bedrag van R22 200 gekoop. Die doel van hierdie gebou was om van SANLAM se personeel in daardie gebied met kantoorspasie te bedien terwyl die res daarvan aan ander besighede soos Wolfabriek verhuur is.⁸⁹

Eiendomme is ook aangekoop indien SANLAM die verbandhouer was en die eienaars nie finansieel sterk was om die lenings terug te betaal nie. So is plase in distrikte soos Marquard en Senekal in 1923 vir R1 300 en R2 000, respektiewelik aangekoop.⁹⁰ Dit is gedoen om die maatskappy se beleggings daarin te beskerm. Dit blyk egter dat daardie eiendomme in 'n latere stadium weer van die hand gesit is sodra SANLAM sy belegging daarin kon verhaal. In

⁸⁹ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 24/10/1923; 30/04/1924. Wolfabriek is 'n maatskappy wat wolprodukte verskaf het. Tydens die verhuring van kantore in die Oranjegebou het SANLAM verdere veranderinge aan die gebou gebring om vir Wolfabriek beter te kon akkommodeer. Die veranderinge is teen R40 aangebring waarvan die huurder die helfte moes betaal.

⁹⁰ SA: Notules van die Hoofbestuurvergaderings, 20/04 1923; 22/06/1923; 24/10/1923.

1927 is die plase in die Senekal-distrik byvoorbeeld aan ene mnr. Visser vir R2 100 verkoop.⁹¹

Verder is verbandenings volgens die direksienotules deurlopend op polishouers se vaste eiendom soos plase, fabriek, kantoorgebou, kerke en woonhuise toegestaan. SANLAM se eerste beleggings in hierdie kategorie was in 1922 vir 'n netto bedrag van R51 134.⁹² Teen 1925 is meer as R130 000 en teen 1930 meer as R840 000 byvoorbeeld aan verbande bestee.⁹³ Die hoë aktiwiteit met verbande was die gevolg daarvan dat SANLAM die meeste van sy besigheid op die platteland gedoen het. Verbande op plase kom in die vroeë notules dikwels voor. Dit was in ooreenstemming met SANLAM se doel om Afrikaners ekonomies aktief te maak en te hou.

Hierdie rentedraende bates het ook SANLAM se kapitaalbasis, gedurende sy beginjare, verstewig en het die grondslag vir latere ontwikkeling gelê. Dit het SANLAM dus toenemend in 'n posisie geplaas om die belange van sy polishouers uit te brei om sodoende groter aandeel aan Afrikaners in die ekonomie te bewerkstellig. Verskeie probleme wat SANLAM gedurende sy beginjare ervaar het, moes eers die hoof gebied word om bogenoemde raamwerk doeltreffend uit te kon brei. Hierdie probleme het te doen gehad met die afstanddoening van die maatskappy se industriële lewensafdeling aan African Homes Trust in 1920, asook die impak van die depresie op SANLAM se bedrywighede gedurende 1930-1933.

2.3.1 Die industriële afdeling

Die statute en Akte van Oprigting van SANLAM verwys na die twee hoofafdelings waarin die maatskappy sy bedrywighede sou beoefen, naamlik gewone lewensversekering en industriële lewensversekering. Beide hierdie afdelings is in aparte fondse gehuisves en SANLAM was verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur daarvan. Hierdie polisse is meestal deur Blanke- en Kleurlingwerkers in die mynbedryf aangekoop.⁹⁴ Die waarde van die premie was 6d in 1920 en op dag- en weekloners gerig.

⁹¹ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 26/10/1927.

⁹² SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1922.

⁹³ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1925 en 1930.

⁹⁴ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 28/07/1919.

Hierdie polisse het uitbetaal in die geval van ongeskiktheid en by die dood van 'n polishouer en was 'n onbekende rigting vir 'n jong maatskappy soos SANLAM.⁹⁵ Dit is een van die redes waarom SANLAM se gewone lewensversekeringsbesigheid bestendige groei getoon het teenoor die verliese wat deur die industriële lewensversekeringstak ondervind is, soos tabel 3 aandui.

Tabel 3: Besigheid gedoen in die afdeling van die industriële lewensversekering vir die tydperk Junie 1919 tot Desember 1920.⁹⁶

Periode	Polisse uitgereik	Hoeveel verval	Netto posisie	Periode	Polisse uitgereik	Hoeveel verval	Netto posisie
1919				1920			
				Januarie	1 201	674	527
				Februarie	2 381	1 545	836
				Maart	2 663	2 235	428
				April	2 987	2 786	201
				Mei	2 459	1 402	1057
Junie	1 754	688	1066	Junie	2 443	1 602	841
Julie	2 086	1 164	922	Julie	2 383	3 438	- 1055
Augustus	2 572	2 781	- 209	Augustus	2 177	2 755	- 578
September	2 528	1 235	1293	September	2 720	2 383	337
Oktober	2 638	1 282	1356	Oktober	1 920	1 601	319
November	2 509	1 353	1156	November	2 040	1 959	81
Desember	1 531	1 173	358	Desember	2 406	2 130	276
Totaal polisse uitgereik: Jun 1919/Des 1920: 43 398				Totaal polisse verval: Jun 1919/Des 1920: 34 186			
Netto posisie: Jun 1919/Des 1920: 9219							

SA: Notules van die Dagbestuurvergaderings. Junie 1919- Desember 1920.

Die belangrikste afleidings wat hieruit gemaak kan word, is dat daar nie 'n groot verskil in die totale aantal polisse uitgereik (43 398) teenoor dit wat verval het (34 186) vir dieselfde tydperk was nie. Dit het beteken dat daar geen stabiele vordering in hierdie afdeling opgebou kon word nie. Dit het gelei tot 'n verlies aan volhoubare wins omdat die afdeling na agtien maande in bedryf meer as 75% van sy besigheid verloor het. Die vernaamste rede vir die verlies was die onbestendigheid van die polishouers. Mense wat klein lone verdien het, was meer geneig om polisse te kanselleer of te versuim om premies te betaal.

Verdere toedrag van sake kan toegeskryf word aan ander kwessies waarmee die bestuur van hierdie afdeling geworstel het, soos onkunde op die gebied van industriële versekering en die struktuur van die afdeling. Die bestuur het hard probeer om hierdie kwessies op te los en

⁹⁵ SA: 1/2/13/2: Produk promosiemonsters 1918-1934: 'n Brosjyre van SANLAM se industriële lewenspolis, 1920.

⁹⁶ Alle 'weeklikse' en 'maandelikse' industriële polisse wat uitgereik is, is bymekaar gevoeg om die totale polisse uitgereik per maand, te bepaal.

probeer om die afdeling op dieselfde wyse as dié van African Homes Trust (AHT), 'n maatskappy wat primêr gefokus het op industriële lewensversekering, te organiseer.⁹⁷ AHT is in 1899 as 'n lewensversekeringsmaatskappy gestig wat industriële, asook gewone lewensversekering en begrafnisversekering verkoop het. Sy aanvanklike beleid was om die laer inkomstegroepe te help om vaste eiendom te koop. Daardie beleid is egter in 1900 laat vaar waarna daar met industriële-, begrafnis- en lewensversekering begin is. Die geldskaarste nà die Eerste Wêreldoorlog het egter die maatskappy 'n finansiële knou toegedien maar die toetrede van Santam tot die bedryfin 1918, het nuwe vooruitsigte vir die maatskappy ingehou.⁹⁸ Dit het gelei tot onderhandelings tussen AHT en Santam waar Santam R240 per aandeel vir AHT aangebied het. Op 2 Augustus 1918 het Santam die suksesvolle eienaar van AHT geword wat fondse meestal van Kleurlingpolishouers ontvang het. Om laasgenoemde rede het kompeterende maatskappye soms na AHT verwys as 'n "only Hottentot's Company."⁹⁹ Dit het dus vir Santam belangrike toegang tot die versekeringsmark van die Kleurlinggemeenskap gegee.

Die suksesse van AHT op die gebied van industriële lewensversekering het egter tot besluite in die SANLAM raad om die 'blanke' en die 'gekleurde' afdelings apart te hou, gelei. Dit het beteken dat blanke persone en agente aangestel is om polisse onder ander blanke mense te bemark en nie onder gekleurdes nie. P.A. Malan, 'n direksielid, was teen 1919 van mening dat dit sou sorg vir groter industriële besigheid in Johannesburg waar 80% van die mynwerkers Afrikaners was. Die Raad van Direkteure het ook in Julie van dieselfde jaar die dagbestuur versoek om doeltreffende inligting oor industriële versekering in Transvaal en die Oranje-Vrystaat te versamel.¹⁰⁰

Bogenoemde strategieë was egter nie doeltreffend om die besigheid van die industriële tak uit te brei om dit 'n winsgewende belang vir SANLAM te maak nie. Alhoewel daar sterk gevoelens in 1919 was om die industriële tak van SANLAM apart te hou van AHT, het ene mnr. Grobler, 'n lid van die direksie, in November 1920 voorgestel dat SANLAM sy industriële tak aan AHT oormak. Die Raad van Direkteure het daarna besluit om die voorstel te aanvaar en opdrag aan die dagbestuur gegee om met AHT te onderhandel oor die

⁹⁷ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 28/07/1919.

⁹⁸ SA: *Die Fakkel*: April 1966, pp.28-29 (Ons kuier by die familie).

⁹⁹ SA: Metropolitan Life 1898-1989, pp.27, 28, 53. (Hierdie boek is gepubliseer as 'n 100 jaar herdenking van Metropolitan Life se bestaan en is gebaseer op die navorsing van Eric Rosenthal wat in 1956 'n ongepubliseerde geskiedenis van AHT geskryf het).

¹⁰⁰ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 28/07/1919.

oorname en die beskerming van die SANLAM -personeel van die industriële tak. Dit het gelei tot die besluit dat AHT alle bates en laste, asook alle lenings wat die afdeling verskuldig was aan Santam, sou oorneem. AHT het die opsie gekry om die lenings in paaiemente aan Santam te betaal, maar kon geen dividende verklaar totdat daardie lenings ten volle vereffen was nie. Die oornome het op 1 Januarie 1921 geskied.¹⁰¹

2.3.2 *Die depressie (1929-1933)*

Die ander probleem wat SANLAM gedurende sy aanvangsjare moes trotseer, het sy kop op Vrydag 29 Oktober 1929 uitgesteek. Hierdie datum staan ook bekend as Swart Vrydag, toe die New Yorkse aandelebeurs in duie gestort het. Dit het 'n wêreldwye depressie tot gevolg gehad. Die ontwrigting is veroorsaak deur die nagevolge van Eerste Wêreldoorlog, die oorlogskuld, die oorproduksie van landbouprodukte en die wanbestuur van die Amerikaanse ekonomie.¹⁰² Dit het veroorsaak dat wêreldhandel met meer as 60% afgeneem het en baie beleggers het hul spaargeld in die proses verloor. Groot druk is op die finansiële stabiliteit van talle ekonomieë geplaas en teen die einde van 1931 was die Suid-Afrikaanse ekonomie onder geweldige druk.¹⁰³

Die landbousektor is die hardste deur die depressie getref weens die ineenstorting van alle primêre produkte se pryse. Dit het groot geldskaarste, werkloosheid en groot ontevredenheid onder die boeregemeenskap veroorsaak. Die Suid-Afrikaanse regering het spoedig ingegryp en maatreëls in werking gestel om die boere te probeer help. 'n Wetsontwerp op spesiale hulpverlening aan boere is in 1931 in die parlement ingedien. Die doel van hierdie wetsontwerp was om finansiële steun aan boere te verleen om hul skuld te delg. Dit was om te verhoed dat daardie boere nie hul produkte teen buitensporige lae pryse sou verkoop in 'n poging om hul skuld te vereffen nie.¹⁰⁴ Die boeregemeenskap in Suid-Afrika was van die belangrikste kliënte van SANLAM gedurende die maatskappy se vroeë geskiedenis. Hierdie gemeenskappe het groot verband- en persoonlike lenings by SANLAM gehad en die omstandighede het dit moeilik gemaak vir sommige om hulle verpligtinge na te kom. Ten spyte van pogings deur die bestuur van SANLAM om die geesdrif vir die organisasie

¹⁰¹ SA: Notules van die Hoofbestuurvergadering: 28/07/1919 en 22/12/1920.

¹⁰² S. Jones & A. Müller: *The South African Economy, 1910-1990*, p.108; Vgl. ook C.F.J. Muller: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.431.

¹⁰³ Muller, CFJ: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1985, p. 431 & A, Ehlers: "Die geskiedenis van Trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank beperk tot 1971," 2002. pp.154.

¹⁰⁴ *Die Burger*, 12/02/1930, p. 4 (Volksraad: Spesiale hulpverlening aan boere).

konstant te hou in hierdie moeilike tye en om 'n gees van kompetisie onder sy agente te probeer bewerkstellig, was die impak van die depressie ná 1931 vernietigend.

Die depressie het kliënte se fondse vir die aankoop van nuwe en die instandhouding van bestaande lewenspolisse ingekort. Dit het ook 'n toename in die aansoeke om verbandlenings meegebring, hoewel die regering boere ook finansiëel bygestaan het. Selfs met die ekstra hulp kon baie boere egter nie hul verbande betaal nie. Dit het gelei tot die verlies van eiendom wat dan deur maatskappye soos SANLAM opgekoop is. Wat SANLAM betref moet egter uitgewys word dat die maatskappy in daardie stadium meestal plase aangekoop het waarvan die eienaars veral verbandlenings by SANLAM gehad het en bankrot gespeel het. Die belangrikste redes was om SANLAM se belegging te beskerm. Dit het dikwels gedurende die depressiejare gebeur dat SANLAM die ingekoopte plase nie teen 'n billike bedrag kon verkoop nie en dit is dan verhuur. Voorbeelde van sulke gevalle kom voor in 1933 waar SANLAM die plase Langberg, Holvlei, Rooiland en Rietfontein in die Wes-Kaap, onder andere, verhuur het.¹⁰⁵

Dit verduidelik die snelle toename in die maatskappy se eiendomsbeleggings tussen 1930 (R100 092) en 1933 (R384 266) soos in grafiek 1 weerspieël is. Dit is 'n persentasievermeerdering van 73,95%. SANLAM was onder die indruk dat die ingekoopte eiendomme in 'n latere stadium weer aan die boere teen 'n wins terugverkoop sou kon word. In baie gevalle het dit egter nie gebeur nie omdat die waarde van die eiendomme baie gedaal het. 'n Voorbeeld hiervan was die plaas Rooifontein (Wes-kaap) wat in Februarie 1933 deur SANLAM gekoop is en waarop die maatskappy geen wins kon maak met die verkoop daarvan nie.¹⁰⁶ In ander gevalle het SANLAM selfs die skuldenaars op hul betrokke plase laat aanbly as huurders met die verstandhouding dat die plaas teruggekoop kon word sodra die skuld vereffen sou word. So byvoorbeeld het SANLAM in Maart 1933 die plaas Burgerspos (Wes-kaap) gekoop en die algemene bestuur opdrag gee om die beste moontlike huurkontrak vir die eenaar, ene mnr. Berhardi, op te stel.¹⁰⁷ Hierdie strategie was egter nie in alle gevalle moontlik nie en die maatskappy moes voorsiening maak vir beleggingsverliese omdat sommige kliënte nie in staat was om hul skuld te betaal nie. Dit het gelei tot die skeep van beleggings- en ander tipes reserwes wat sodanige verliese kon dek.

¹⁰⁵ SA: Notule van die Dagbestuurvergadering, 8/03/1933; 2/11/1933 & 20/12/1933.

¹⁰⁶ SA: Notule van die Dagbestuurvergadering, 23/02/1933.

¹⁰⁷ SA: Notules van die Dagbestuurvergadering, 8/03/1933 en 23/03/1933.

SANLAM kon egter 'n positiewe groeikoers in sy premie-inkomste gedurende die depressie handhaaf. Hierdie premie-inkomste was R540 234 (1930), R567 318 (1931), R594 316 (1932) en R625 534 (1933),¹⁰⁸ onderskeidelik. Dit wil sê dat die premie-inkomste tussen 1930 en 1933 met 13,64% verhoog het. Dit is egter aansienlik minder as die persentasievermeerdering tussen 1925 en 1930 wat 55,16% was. Nietemin het SANLAM steeds genoegsame fondse gedurende die depressie gehad om te belê in sektore om die impak van hierdie ekonomiese toestand vir die boeregemeenskap te verlig.

2.4 'n Nuwe beleggingstrategie: African Homes Trust and Insurance Company (AHT) en SANLAM, 1934-1940

Vir die doel van hierdie studie word die tydperk 1934 tot 1939 beskou as die jare waarin die maatskappy stelselmatig van 'n konserwatiewe beleggingstrategie verander het na 'n beleggingstrategie wat voorsiening vir risiko-beleggings in die vorm van aandele en skuldbriewe gemaak het. Gedurende hierdie tydperk kon SANLAM sy beleggingstrategie aanpas om sy beskikbare fondse oor 'n breër beleggingspektrum te versprei as voorheen. Dit het meegebring dat die maatskappy nie net aandag gegee het aan veilige diskresionêre beleggings soos eiendomme en verbande nie, maar ook begin het om aan 'n groter verskeidenheid van beleggingsprodukte deel te neem. Hierdie verandering het gesorg vir doeltreffende uitbreiding van die maatskappy se belange in 'n verskeidenheid sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie (soos later in hierdie studie bespreek sal word). Hierdie verandering in beleidsrigting het sy eerste verskyning met die oorname van AHT in 1935 gemaak.

2.4.1 African Homes Trust

Soos voorheen genoem, het AHT, 'n maatskappy wat die meeste van sy besigheid onder die Kleurlinggemeenskap gedoen het, in 1918 'n filiaal van Santam geword. Hierdie beheerposisie het vir sewentien jaar voortgeduur en AHT het gereeld dividende aan Santam betaal. In 1934 het 'n gevoel egter ontstaan dat AHT beter by SANLAM as by Santam sou pas. Hierdie idee het baie sin gemaak aangesien beide SANLAM en AHT versekeringsmaatskappye was met lewensversekeringsprodukte en dus administratiewe ooreenkomste gehad het. Die belangrikste rede vir die skuif was dat alle lewensversekeringsbelange onder een sentrale bestuur geplaas sou word. Dit sou voorsiening

¹⁰⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1930-1933.

maak vir die koördinering van bedrywighede van hierdie twee maatskappye om besparings vir beide te bewerkstellig.¹⁰⁹

Die oornome het begin met die aankoop van gewone aandele in AHT. Die direkteure van SANLAM het in Desember 1934 op PA Brink se voorstel die saak bespreek en besluit om al die aandele in AHT teen 'n bedrag van R297 786 te koop. Die datum vir die koop van die aandele was 1 Januarie 1935 en die dagbestuur is opdrag gegee om die onderhandeling met Santam te begin.¹¹⁰ Al die direkteure het die bogenoemde voorstel aanvaar, maar CR Louw het daarteen gestem. Hy was van mening dat die direkteure te alle tye 'n gesonde verhouding tussen verskillende soorte beleggings moes handhaaf. As te veel fondse in een soort belegging gemaak sou word, kon dit ruimte vir kritiek van opposisiemaatskappye en van SANLAM se polishouers skep. Hy was van mening dat die maatskappy se lewensversekeringsfonds eers 'n bedrag van R4 miljoen moes bereik (dit was R3 miljoen in 1934) voordat so 'n groot aankoop van gewone aandele regverdig kon word.¹¹¹

WA Hofmeyr was weer van mening dat die tyd ryp was vir bogenoemde belegging en dat die konserwatiewe beleid van versekeringsmaatskappye hersiening nodig het. Volgens hom was AHT teen 1934 alreeds 'n goed gevestigde onderneming en is beskou as 'n redelike veilige belegging wat vir SANLAM winsgewend sou wees. Die direkteure het daarna besluit om die aandele van AHT te koop en in 1935 het laasgenoemde 'n filiaal van SANLAM geword.¹¹²

Deur hierdie transaksie het SANLAM ook 'n aantal nuwe polishouers, waarvan die meeste nie-blanke Suid-Afrikaners was, onder sy sambreel gebring. Dit het SANLAM se diens aan ander bevolkingsgroepe van die land verder uitgebrei. Dit dui op groter “ver-Suid-Afrikanisering” van SANLAM, omdat diversifikasie van SANLAM se polishouers plaasgevind het.

2.4.2 Uitbreiding van beleggings en Federale Volksbeleggings (FVB)

Na die oornome van AHT het SANLAM begin om op 'n klein skaal nuwe beleggings by die maatskappy se beleggingsportefeulje in die vorm van gewone- en voorkeuraandele, asook

¹⁰⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1935, p.3.


¹¹⁰ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 12/12/1934.

¹¹¹ Ibid.

¹¹² SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 12/12/1934.

skuldbriewe te voeg. SANLAM se oorwegings van die risiko's verbonde aan hierdie soort beleggings word in die volgende hoofstuk bespreek terwyl die volgende grafiek 'n oorsig bied van die ontwikkeling van SANLAM se beleggingsportefeulje vir die tydperk 1935-1940.

Grafiek 2: Die ontwikkeling van SANLAM se beleggingsportefeulje, 1935-1940 (R')



SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1935-1940.¹¹³

¹¹³ Wat die risikoverskil tussen skuldbriewe en voorkeur- en gewone aandele betref, het skuldbriewe 'n lae risiko omdat dit gekoop word met die verwagting dat die houer van die skuldbriewe die volle bedrag wat daarvoor betaal is, sal terugkry sodra die vasgestelde tydperk verby is. Die skuldbriefhouers is ook geregtig op gereelde rentebetalings vanaf die maatskappy wat dit uitgereik het. Hierdie aspek maak skuldbriewe 'n baie veilige beleggingsinstrument waar die maatskappy al sy fondse in 'n latere stadium sal terugkry. Aandelebeleggings is meer riskant omdat die maatskappy wat aandele by 'n ander koop, die gevaar loop om nie gereelde dividende op daardie belegging te ontvang nie. Sulke aandeelhouers is geregtig op 'n dividend wanneer die maatskappy waarin die aandele besit word een verklaar in hulle bedryfsjaar. Terwyl voorkeuraandele addisionele fondse aan 'n onderneming voorsien, kry die ontvanger van dié aandele egter geen belang in daardie onderneming nie. Die houer van hierdie aandeel se regte word ingeperk afhangend van die tipe voorkeuraandele aan hom uitgereik. Dit wil sê, in sommige gevalle het ondernemings geen verpligtinge teenoor hierdie houers ten opsigte van terugbetalings nie (tensy op likwidasië) maar in ander gevalle het hulle wel. Voorkeuraandeelhouers verkry egter dividende op hul beleggings voor gewone aandeelhouers. Vgl. M. Bernstein: *The Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives*, 1976.

Gewone aandeelhouers kry die grootte van so 'n belegging bepaal die invloed wat die houers in die betrokke onderneming sal hê. Hierdie belegging loop die grootste risiko omdat die houer wat die fondse verskaf, op geen dividende of terugbetaling van daardie fondse kan aanspraak maak nie. Dit beteken dat wanneer 'n onderneming nie presteer nie, die houers van gewone aandele geen opbrengs op hul beleggingsfondse sal ervaar nie. Gewone aandeelhouers is in 'n groot mate niks anders as risikokapitaal nie en direkteure van maatskappye probeer gewoonlik om dit oor 'n wye veld te versprei om risiko te verminder. SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: "Memorandum insake beleggings in gewone aandele," 09/02/1951, pp.1-2.

Voor 1935 het SANLAM sy beleggingsfondse hoofsaaklik in rentedraende bates soos verbande, eiendomme, regerings- en munisipale effekte en polishouerslenings belê soos grafiek 1 reeds aangedui het. Die grootste van hierdie beleggings was egter verbande wat teen 1934 34% van SANLAM se beleggings uitgemaak het, teenoor 23% in regerings-en munisipale effekte wat die tweede grootste kategorie van SANLAM se totale beleggingsfondse in daardie stadium was. Die veiligheid van sodanige rentedraende beleggings was die deurslaggewende faktor en dit is waarom verbande teen 1940 steeds die grootste gedeelte van die maatskappy se beleggingsfondse in beslag geneem het soos grafiek 2 duidelik aandui. Hierdie groot blootstelling aan verbande was egter nie net omdat dit'n mark vir lae risiko beleggings was nie, maar ook om die polishouers in die beskerming van hul vaste bates te help.

So ook is eiendomsbeleggings nie net gesien as 'n bron van huurinkomste en huisvesting vir SANLAM-personeel nie, maar ook as 'n belangrike middel wat ander besighede van kantoorruimte voorsien het. Dit het die nodige ondersteuning aan sodanige ondernemings gebied wat byvoorbeeld nie in staat was om hul eie geboue op te rig nie. Dit het 'n geleentheid aan sodanige maatskappye gebied om hul aktiwiteite ook na ander gebiede uit te brei. In 1934 is 'n tienverdiepinggebou in Johannesburg opgerig en uitbreidings aan die hoofkantoorgebou in Kaapstad gedoen, waar al die beskikbare ruimte teen 'n vaste rentekoers verhuur is. In 1935 het die dagbestuur verdere opdrag gekry om meer aandag aan die uitbreiding van verband- en boulenings in die stede te gee.¹¹⁴ Hoewel die beskikbaarheid van nuwe fondse vir beleggingsdoeleindes jaarliks toegeneem het (R1,2 miljoen in 1940), was die sentiment van die direkteure steeds diep in die leuse van “veiligheid eerste” gegrond.¹¹⁵ Eiendomme is in Kaapstad (1937), Pretoria (1938), Bloemfontein (1937) en Durban (1937) aangekoop waar nog geboue opgerig of uitgebrei is om hierdie huurinkomste aan te vul, terwyl kleiner eiendomme, veral plase, verkoop is. Hierdie belegging het ongeveer R774 000 in 1940 beloop teenoor R200 000 in 1930 en R70 000 in 1925.¹¹⁶ Hierdie beleggings het ook gehelp om SANLAM se eie fisiese struktuur uit te brei.

Beleggings in skuldbriewe en aandelebeleggings was 'n nuwe rigting waarin die maatskappy nà 1934 beweeg het. Soos bespreek is met die oortitel van AHT, was daar meningsverskille

¹¹⁴ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 25/01/1935.

¹¹⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM: 1940, p.2.

¹¹⁶ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM: 1934 – 1940 & SA: Notules van die Hoofbestuurvergadering: Januarie 1937 – Desember 1938.

in die direksie oor wanneer die geskikste tyd vir hierdie soort beleggings sou wees. CR Louw het in 1934 dit duidelik gemaak dat tydsberekening 'n belangrike faktor behoort te wees en die maatskappy het geleidelik op 'n klein skaal in hierdie soort beleggings begin belê. Die eerste gewone aandele is in 1935 aangekoop, maar beleggings in aandele het tot 1940 min of meer konstant gebly. Skuldbriewe en voorkeuraandele het ook nie grootskaalse uitbreiding ondergaan nie. Die vernaamste afdeling waarin gedurende hierdie tydperk belê is, was veral Spoorwegskuldbriewe en aandele in Federale Volksbeleggings (FVB).¹¹⁷ Die bestuur van SANLAM het dus doelbewus begin om die maatskappy in hierdie meer riskante beleggingsprodukte in te lei. Die waarde van hierdie risiko-beleggings was dat die Afrikaner se posisie in die handel- en nywerheidssektor bevorder is.

Die besluit om by FVB betrokke te raak, het met die Ekonomiese Volkskongres (EVK) van 1939 begin. Die Afrikanersakelui het die ekonomiese verbetering van die Afrikaner se ekonomiese posisie hoog op hul agenda geplaas en persone soos MS Louw, aktuaris van SANLAM, het die voortou met 'n konsepdokument oor beleggings in nywerheidsfinansiering geneem. Hy het reeds in 1938 talle gesprekke met Afrikaanse organisasies soos die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad gehad oor die stigting van 'n finansieringsmaatskappy wat die dringende kapitaalbehoefte van Afrikanerondernemings kon aanspreek.¹¹⁸ Louw was van mening dat 'n groot onderneming, gestig met Afrikanerkapitaal, noodsaaklik was om die voorsiening van die nodige kapitaal vir verdere ontwikkeling van ander Afrikanerondernemings te fasiliteer. "As die volk die versekering het dat so 'n onderneming die werklike belange van die Afrikaner sal behartig en dat die saak op gesonde besigheidsbeginsels gedryf word, dan sal die nodige kapitaal gevind word."¹¹⁹

Louw het verder voorgestel dat die maatskappy self geen besigheid doen nie. Dit sou net verantwoordelik wees vir die finansiering en oprigting van handels- en nywerheidsondernemings, asook tegniese bystand aan daardie maatskappye lewer. Die maatskappy sou ook probeer om aandele of die beherende belang in bestaande besighede deur die verskaffing van risikokapitaal te kry.¹²⁰ Die finansieringsmaatskappy sou 'n stigtingskapitaal van R600 000 benodig wat uit 100 000 voorkeuraandele en 200 000 gewone

¹¹⁷ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering: 20/04/1939.

¹¹⁸ W.J. Bezuidenhout: *Dr. Tinie Louw: 'n Kykie in die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner*, Afrikaanse Pers, Johannesburg. 1969, p.64.

¹¹⁹ SA: 16: M.S. Louw dokumente: "Memorandum aan die raad insake finansieringsmaatskappy:" 20/10/1938.

¹²⁰ M.S. Louw: "Die aanwending van die kapitaalkrag van die Afrikaner," in *Referate, Besluite en Presensielyste van die Ekonomiese Volkskongres*, Voortrekkers, Bpk, Johannesburg, 1939, pp.64-66.

aandele sou bestaan. Verder sou die gewone aandele aan die publiek en die voorkeuraandele aan 'n paar gevestigde maatskappye aangebied word.¹²¹ Santam het gevolglik 'n aantal voorkeuraandele in FVB opgeneem waarna SANLAM homself bereid verklaar het om self ook 50,000 voorkeuraandele vanaf Santam in FVB oor te koop.¹²²

Teen die tyd dat die EVK in Oktober 1939 aangebreek het, was die gesprekke oor die beoogde stigting van 'n finansieringsmaatskappy reeds vêr in Afrikanergeledere gevorder. Die EVK het ook 'n vertrekpunt vir gesprekke oor die Afrikaner se ekonomiese selfstandigheid, sy vooruitgang en die armblankevraagstuk geskep. Sprekers by die EVK, soos ds. P. Du Toit, prof. C.G.W. Schumann, dr.T.E. Dönges en dr. M.S. Louw, het dus die ontwikkeling van werkbare modelle vir die hantering van hierdie oogmerk op hulle agenda geplaas en die totstandkoming van Afrikanerondernemings in die handel en nywerhede sterk aangemoedig. Du Toit het hom uitgespreek oor die mislukking van vorige pogings soos die Volkskongres van 1934, om die Afrikaner se ekonomiese selfstandigheid te bevorder. Hy was krities oor die bydrae van die staat om armoede te verlig en was van mening dat die oplossing vir die Afrikaner se ekonomiese probleme primêr uit eie middele moes geskied. Vir hom was dit belangrik dat daar doeltreffende strukture en fasiliteite daargestel moes word waardeur die Afrikaner homself kon help. “Daar moet 'n inheemse eie Afrikaanse ekonomiese stelsel opgebou word.” Die kapitaalkragtigheid van die Afrikaner was doeltreffend om die ontwikkeling van hierdie strukture te fasiliteer.¹²³

Volgens Schumann was die land se nasionale inkomste vir 1937 ongeveer R560 miljoen waarvan meer as R200 miljoen deur Afrikaners bygedra is. Hierdie syfer was betekenisvol, want dit het gewys hoeveel kapitaal wel beskikbaar was om vir ontwikkeling gemobiliseer te word. Dit sou egter 'n bydrae van alle belanghebbendes binne Afrikanergeledere verg om tot die suksesvolle ontwikkeling van genoemde strukture by te dra, aldus Schumann.¹²⁴

Volgens Dönges sou die beskikbare Afrikanerkapitaal op verskeie maniere gemobiliseer kon word. Hy was van mening dat die aanmoediging van 'n goeie spaarsin en die voorsiening van spaarfasiliteite van groot belang was en dat die Afrikaner daardie ondernemings moes

¹²¹ *Die Burger*, 4/10/1939, p.3 (Skema om die Afrikaner ekonomies sterk te maak).

¹²² SA: Notule van Dagbestuurvergadering, 20/04/1939.

¹²³ P. Du Toit: “Van die breë beleid van die Volkskongres (1934) tot die ekonomiese selfstandigmaking as kernvraagstuk,” in *Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres*, Voortrekkers Bpk, Johannesburg, 1939, pp.25-29.

¹²⁴ C.G.W. Schumann: “Die huidige posisie van die Afrikaner op ekonomiese gebied,” in *Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres*, p.50.

ondersteun wat die fasiliteite verskaf het. Hy was ook 'n voorstander van die ontwikkeling van geskikte beleggings waarin ondernemings, individue en ander Afrikanerorganisasies hul fondse kon belê. Die ideaal was om die getal Afrikanerwerkgewers, sowel as -werknemers in die handels- en nywerheidsektor uit te brei in 'n poging om die sektore te ver-Afrikaans.¹²⁵

Hierdie verskillende standpunte het die rasionalisering vir die stigting van 'n finansieringsmaatskappy sterk aangehelp en teen die einde van die EVK is SANLAM die taak opgelê om die voortou in die stigting van die beoogde maatskappy te neem. Een van die redes daarvoor was omdat SANLAM teen 1939 'n goed gevestigde maatskappy met 'n getroue kliëntebasis was. Die ander rede was omdat die maatskappy goeie leiers gehad het wat die suksesse van SANLAM kon handhaaf. Daar was 'n gevoel dat hulle dit vir die finansieringsmaatskappy ook kon doen. Die winsmotief was egter die hoofdryfveer van hierdie onderneming terwyl die hoofdoel was om die posisie van die Afrikaner in die handel- en nywerheidsektor te versterk. M.S. Louw het byvoorbeeld verklaar: “Ons verlang immers dat die Afrikanervolk ekonomies sterk moet wees, dat hy hom op elke terrein van die ekonomiese lewe moet laat geld, en dat hy ook op die gebied van die handel en nywerheid sy kontribusie moet lewer tot die opbouing van ons land.”¹²⁶

FVB het gevolglik op 14 Oktober 1940 amptelik sy werksaamhede met 'n kapitaal van R40,000 begin wat vanaf duisende mense ingesamel is.¹²⁷ In Desember van die vorige jaar het SANLAM met die opstel van die prospektus en statute van die te stigte finansieringsmaatskappy gehelp. Die SANLAM-dagbestuur het opdrag gekry om R1 500 aan die promotors voor te skiet indien die dokument hul goedkeuring sou wegdra.¹²⁸ SANLAM het geen besware teen die prospektus en statute van FVB gehad nie, maar was bly dat daar 'n maatskappy met Afrikanerkapitaal opgerig is wat sou handel in risiko-beleggings vir die bevordering van Afrikanerbelange in alle fasette van die nywerheidswese. SANLAM was self nog nie gereed om so 'n beleggingsrigting alleen in te slaan nie, maar het geweet dat die maatskappy met die hulp van FVB 'n waardevolle tree in so 'n rigting kon gee.

¹²⁵ T.E. Dönges: “Die mobilisering van die Kapitaal- en spaarkrag van die Afrikaner,” in *Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres*, pp.59-60.

¹²⁶ M.S. Louw: “Die aanwending van die kapitaalkrag van die Afrikaner,” p.63.

¹²⁷ G. Verhoef: “Nationalism, social capital and economic empowerment: SANLAM and the economic upliftment of the Afrikaner people, 1918-1960” in *Business History*, 50(6). November 2008, pp.695-713.

¹²⁸ SA: Notule van die Dagbestuurvergadering, 6/12/1940.

SANLAM het dus teen die laat 1930's stelselmatig 'n verandering ten opsigte van sy beleggingsbeleid ondergaan wat voor 1935 uitsluitlik op rentedraende bates gefokus het. Een van die redes waarom SANLAM voorkeur aan daardie beleggings gegee het, was omdat SANLAM se kapitaal voor 1935 nog te klein was om uitgebreid in hoër risiko-beleggings, soos in aandele, te belê. Dit sou onnodige kritiek uitgelok het as die kapitaal onvoldoende was om sulke beleggings te regverdig.

Die ander rede vir die voorkeur aan rentedraende beleggings was dat SANLAM se besigheid meestal rondom die platteland gekonsentreer was. Dit word bewys deur die aansienlike beleggings in verbande, veral van plase, wat die maatskappy se belangrikste beleggingspos gedurende sy ontwikkelingsfase was. Volgens grafiek 2 het hierdie belegging teen 1940 ongeveer 35% van die totale beleggingsfonds in beslag geneem teenoor die 23% in regerings- en munisipale effekte en 11% in vaste eiendomme, wat van die maatskappy se grootste belegging was.

Nà 1935, met die oornome van AHT, het SANLAM egter tekens begin toon om in 'n meer riskante beleggingsrigting soos aandele en skuldbriewe te beweeg, maar selfs hier was die leuse van "veiligheid eerste" van kardinale belang. Die enigste gewone aandele wat die maatskappy teen 1940 opgeneem het, was in AHT en FVB, terwyl skuldbriewe van verskeie maatskappye in die nywerheidssektor, soos byvoorbeeld Anglo Transvaal Collieries aangekoop is.¹²⁹ Beleggings in skuldbriewe het goed gepas in die kategorie van veilige beleggings omdat dit 'n lae risiko belegging is wat niks anders as lenings aan maatskappye was nie. Vir SANLAM was hierdie soort belegging dus 'n geskikte middel waardeur die maatskappy kon begin om 'n bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse aandeelhouding in die nywerheidssektor te lewer.

Hoewel skuldbriewe en aandele slegs 2,8% en 4,4%, onderskeidelik, (volgens grafiek 2) van SANLAM se beleggingsfonds teen 1940 verteenwoordig het, was dit 'n belangrike stap om 'n groter aandeel aan Afrikaners en 'n indirekte aandeel aan ander polishouers, soos die Kleurlingpolishouers van AHT, in die hoofstroom ekonomie van Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdie aktiwiteit was 'n belangrike stap in die rigting om Suid-Afrikaanse fondse in Suid-Afrikaanse ondernemings te belê, dit wil sê te ver-Suid-Africaniseer. Dit beteken dat meer ondernemings minder afhanklik van buitelandse kapitaal moes raak.

¹²⁹ SA: Notules van Hoofbestuurvergaderings, 22/02/1937.

Afgesien hiervan, het SANLAM ook heelwat ‘ontwikkelings-suksesse’ in die periode van 1918 tot 1940 behaal, hoewel die omstandighede nie altyd gunstig was vir die maatskappy nie. Hierdie suksesse sluit in die ontwikkeling van ’n groot en lojale kliëntebasis wat gereelde fondse vir die instandhouding van bestaande polisse of die gereelde uitneem van nuwe polisse beskikbaar gestel het. Tweedens het die ontwikkeling van ’n volhoubare groeipatroon in die kapitaalkragtigheid van die maatskappy gehelp om SANLAM in staat te stel om sy eie geboue op te rig, ’n filiaal in die vorm van AHT te verkry, om die stelselmatige ontwikkeling van ’n meer diverse beleggingsportefeulje te bewerkstelling, asook om hulp met die stigting van ’n sentrale finansieringsmaatskappy, in die vorm van FVB, te verleen. Die grootste sukses wat die maatskappy egter behaal het, was om homself goed te vestig in die Suid-Afrikaanse ekonomie sodat alle polishouers, ook Afrikaners, uit hierdie posisie voordeel kon trek. In die volgende hoofstuk word hierdie posisie en tot watter mate dit die ekonomiese welvaart van die Afrikaners en die res van die Suid-Afrikaanse bevolking help uitbrei het, indringend ondersoek.

Hoofstuk 3

SANLAM se risikokapitaal vir snelle groei (1940 – 1960)

In hierdie hoofstuk word die aandeelbeleggings van SANLAM ondersoek. Daar word ondersoek ingestel na waar SANLAM hoofsaaklik belê het en tweedens na die wyse waarop hierdie beleggings tussen 1940 en 1960 gedoen is, ten einde die maatskappy se bydrae tot die verskaffing van risikokapitaal te ondersoek. Hierdie hoofstuk ondersoek nie die verandering in die intrinsieke waarde van gewone en voorkeuraandele oor tyd, dit wil sê winste en verliese wat hierdie beleggings oor 'n sekere tydperk behaal het nie, maar slegs die toename of afname in die totale beleggings gedurende die tydperk. Hierdie metode verskaf 'n doeltreffende manier om die groei in hierdie beleggings vas te stel en bepaal ook die mate van ontwikkeling wat dit in die Suid-Afrikaanse handel- en nywerheidsondernemings, finansiële instellings en later mynmaatskappye bewerkstellig het.

SANLAM se beleggingstrategie word in twee dele verdeel, naamlik die tydperk van voorbereiding vir groei tussen 1940 en 1950 en die tydperk van snelle groei tussen 1950 en 1960. Die rede vir hierdie verdeling is dat SANLAM sy beleggingstrategie verander het namate die ekonomiese konteks verander het. Hierdie veranderinge is beïnvloed deur 'n aantal faktore soos die toename in die beleggingsreserwes gedurende die 1940's as gevolg van die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog op versekeringsmaatskappye, die behoefte om 'n groter rol te speel in die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse nywerhede en ander sektore en die algehele ekonomiese omstandighede van die gegewe tydperke.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het tussen 1940 en 1960 vinnige vooruitgang getoon, veral in die nywerheidssektor. Volgens Natrass het die ekonomie vinnig vanaf 'n struktuur wat voorheen baie afhanklik was van landbou, ontvou. Teen 1960 was daar duidelike tekens van 'n moderne ekonomiese stelsel wat op 'n groeiende mynbou, nywerheids- en kommersiële sektor gesteun het.¹³⁰ Dit is te danke aan die volop geld in die ekonomie gedurende die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog wat die ontwikkeling van hierdie sektore positief beïnvloed het, terwyl die regering se beskermingsmaatreëls vir industrieë, die algemene toename in uitvoer en buitelandse beleggings verdere groei gestimuleer het. Dit het die netto nasionale inkome laat toeneem van R780 miljoen teen 1940 tot R2 000 miljoen in 1949 en

¹³⁰ J. Natrass: *The South African economy: Its growth and change*, p.24.

R4 511 miljoen in 1960. Dit is 'n persentasievermeerdering van 61% tussen 1940 en 1949 en 55,67% tussen 1949 en 1960. Verder het die nywerhede 17,7% teen 1940 en 23,3% teen 1960 tot die nasionale inkome bygedra. Dit was te danke aan die doelbewuste beleid om daardie sektor te ontwikkel. Mynbou se bydrae tot nasionale inkome was 23,8% teen 1940 en 18,9% teen 1960, terwyl die finansiële- en handelsektor 12,3% en 12,7% vir dieselfde tydperke kon bydra. Landbou se bydrae het egter effens afgeneem vanaf 13% in 1949 tot 12% in 1960.¹³¹ Al hierdie gegewens dui op 'n gesonde ekonomiese klimaat waar risikokapitaal toenemend 'n belangrike rol gespeel het. SANLAM het ook die belangrikheid van sulke kapitaal vir volhoubare ontwikkeling besef en ná 1940 'n meer prominente rol as 'n verskaffer daarvan begin speel.

Die eerste fase is kenmerkend van 'n versigtige beleggingsbeleid ten opsigte van aandelebeleggings, maar nie so konserwatief soos die jare voor 1940 waar beleggings in aandele slegs in enkele maatskappye soos AHT gemaak is nie. Die tweede fase word gekenmerk deur 'n meer aggressiewe beleggingsbeleid omdat die maatskappy besig was om aandele op 'n groot skaal en gereelde basis aan te koop. In hierdie tydperk was daar ook 'n verskuiwing ten opsigte van die soorte besighede waarin die maatskappy risikokapitaal belê het. Na 1954 het SANLAM byvoorbeeld ook begin om meer gereeld mynbou-aandele op te neem. Slegs die beginsel waarop aandelebeleggings goedgekeur is, word bespreek terwyl aandag ook aan filiale gegee word wat tydens hierdie fase opgerig is.

3.1. Maatreëls in oorlogsomstandighede en die struktuur van aandelebeleggings tussen 1940 en 1950

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 en die deelname van Suid-Afrika daaraan het talle veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing teweeg gebring. Hierdie omstandighede het 'n algehele skaarste aan verbruiksgoedere veroorsaak terwyl volop geld inflasie aansienlik laat toeneem het. Verder het die oorlog groter kommer vir die meeste bedrywe ingehou en lewensversekeringsmaatskappye was self baie kwesbaar. Dit is veroorsaak deur die hoë uitbetalings weens dood wat direk of indirek deur die oorlog veroorsaak is.

Hierdie sosio-ekonomiese omgewing het tot gevolg gehad dat lewensversekeringsmaatskappye in 1939 sekere maatreëls moes instel vir beskerming teen die risiko wat oorloë

¹³¹ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, pp.129-131.

vir sulke instellings ingehou het. Hierdie maatreëls het 'n beperking op nuwe besigheid of die uitreik van sekere polisse geplaas en het bonusse wat jaarliks op winsdelende polisse verdien is verminder of uitgeskakel. Dit het ook 'n verhoging van premies (5% op winsdelende polisse en 10% op nie-winsdelende polisse) op die polisse van alle versekeringsmaatskappye meegebring.¹³² SANLAM het eweneens hierdie maatreëls in werking gestel en die verhoogde premies aanvaar, asook by sy amptenare aanbeveel om geen nuwe aansoeke vir nie-winsdelende polisse te aanvaar nie. Die maatskappy het ook aanbeveel dat geen verdere besigheid met persone in militêre diens gedoen word nie.¹³³

Die rede vir laasgenoemde was dat die risiko heelwat hoër was vir diegene wat aktief aan oorloë deelneem terwyl artikel 21 van die Versekeringswet, No. 7 van 1923, versekeringsmaatskappye verplig het om hierdie risiko te dra. Hierdie artikel is in 1940 gewysig toe die regering besluit het om self die koste van vergoeding te dra van Suid-Afrikaners wat aan die oorlog deelgeneem het. Die beperking is egter slegs toegepas op polisse wat na die wysiging van die wetgewing uitgeneem en met hierdie endossement uitgereik is. Lewensversekeringsmaatskappye was steeds verantwoordelik vir die res van die polisse wat voor die wysiging van die wet uitgereik is.¹³⁴

Die belangrikste gevolg vir SANLAM was die uitreiking van 'n verminderde jaarlikse bonus op winsdelende polisse (1.1% tot 1944), hoewel die maatskappy 'n gemiddelde saamgestelde bonus van 2.5% vanaf 1940 tot 1945 kon vasstel. Hierdie vermindering van bonusse het die maatskappy in staat gestel om fondse op reserwe te plaas ter versterking van 'n gebeurlikheidsfonds, asook ander fondse wat voorsiening vir oorlogseise gemaak het. Sodanige fondse is gestig sodat SANLAM onder alle omstandighede sy verpligtinge kon nakom. In 1943 het die maatskappy sy finansiële posisie op hierdie manier met R716 000 versterk waarvan R100 000 aan oorlogseise, R50 000 aan die gebeurlikheidsfonds en R50 000 na beleggingsreserwes oorgedra is. Dit het meegebring dat hierdie fondse aan die einde van 1944 op R500 000, R300 000 en R150 000, onderskeidelik, te staan gekom het. Dit het reserwes na meer as R440 000 in 1940, teenoor meer as R900 000 in 1945 versterk.¹³⁵

¹³² SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1940 en 1945.

¹³³ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1945, p.2.

¹³⁴ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1940-1941, p.2.

¹³⁵ Ibid., p.2.

Die volgende syfers wys hoe hierdie maatreëls die groei van die maatskappy beïnvloed het:


	1939	1942	1945
Premie-inkomste	R1 593 816	R2 304 476	R2 766 876
Totale inkomste	R1 860 230	R2 736 348	R4 395 532
Wins	R424 530	R547 186	R938 632 ¹³⁶

Uit hierdie syfers kan afgelei word dat SANLAM se totale inkomste meer as verdubbeld het van 1939 tot 1945 wat 'n persentasiegroei van 136,29% was. Die maatskappy se premie-inkomste en wins het ook diensooreenkomstig toegeneem tussen 1939 en 1945, 'n toename van 73,6% en 121,10%, onderskeidelik. Hierdie groei in SANLAM se inkomste was 'n belangrike aanvulling tot die beleggingsfonds. Die wins verteenwoordig weer daardie bedrag wat die maatskappy oorgedra het na die daaropvolgende jaar nadat die nodige kapitaal reeds na die verskeie reserwefondse geallokeer is. Hierdie drie veranderlikes het dus gelei tot 'n versterking van SANLAM se algemene finansiële posisie wat sterk beïnvloed is deur die maatreëls wat versekeringsmaatskappye gedurende die verloop van die Tweede Wêreldoorlog ingestel het.

Hierdie stelselmatige opbou van reserwes het SANLAM ook in staat gestel om meer fondse te belê in beleggings waarin die maatskappy nie voor 1940 swaar belê was nie, soos grafiek 2 in die vorige hoofstuk aangedui het. Ná 1940 het daar dus 'n aansienlike toename in diskresionêre beleggings soos in gewone- en voorkeuraandele, asook in skuldbriewe van uitgesoekte maatskappye, plaasgevind. Hierdie beleid is op 21 April 1943 amptelik deur SANLAM se direksie aanvaar. Die voorsitter het vermeld dat dit tyd was vir die maatskappy om sy beleggingsbeleid te hersien en meer aandag aan beleggings in industriële en ander maatskappye in die vorm van aandele en skuldbriefbeleggings te skenk. Die volgende grafiek dui die patroon aan wat hierdie nuwe beleggingsbeleid ingeneem het.

¹³⁶ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1939, 1942 en 1945.

Grafiek 3: 'n Vergelyking tussen skuldbriewe, voorkeur- en gewone aandele vir die tydperk 1940-1950 (R'000)



SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balanstate van SANLAM, 1940-1950.

Dit is duidelik uit grafiek 3 dat daar ruimer beleggings in voorkeuraandele gemaak is as beleggings in gewone aandele of skuldbriewe vir die tydperk 1940-1950. Die laer risiko verbonde aan voorkeuraandele teenoor dié van gewone aandele het die styging van eersgenoemde na 1943 vinnig laat toeneem. Die risiko om gewone aandele op te neem in 'n ander maatskappy wat nie noodwendig verplig was om dividende uit te betaal as laasgenoemde nie wins kon maak nie, asook die genoemde verandering in SANLAM se beleggingsbeleid, het die toename verder aangehelp. Dit het tot 'n belegging van R2 440 000 in voorkeuraandele teen 1950 teenoor R98 000 in 1940 gelei.

SANLAM het hoofsaaklik in nywerheidsmaatskappye soos Wire Steel Industries, Amalgamated Packaging Industries, Barrat Industries en FVB belê, om net 'n paar te noem. Hierdie verskynsel word daaraan toegeskryf dat SANLAM nog nie gereed was om grootskaalse risiko-beleggings te doen nie. Die fondse wat wel hierin belê is, was vir die onderskrywing van nuwe uitgifte in verwante maatskappye soos AHT, Bonuskor, FVB en Saambou. Die skerp toename in beleggings in gewone nywerheidsaandele wat na 1944 voorkom, was die gevolg van die opneem van 45 000 aandele in FVB in Oktober 1945. Verdere beleggings in nywerheidsaandele is na die stigting van Bonuskor in 1946 gemaak. Die Hoofbestuurder was van mening dat "word hierdie maatskappye buite rekening gelaat, maak SANLAM se totale belegging in gewone aandele minder as 2% uit van die totale

gewone aandelefonds op 30 September 1950.”¹³⁷ Gewone aandeelbeleggings is dus slegs by wyse van uitsondering gedurende hierdie tydperk gemaak. Nietemin, het SANLAM wel ’n belangrike bydrae gelewer tot die voorsiening van risikokapitaal in die periode tussen 1940 en 1950. Hierdie tendens word duidelik weerspieël in ’n bespreking van sy vroeë filiaalmaatskappy soos Bonuskor en Saambou.

3.2 Kapitaal-voorsiening vir na-oorlogse ontwikkeling

Die jare 1945 tot 1947 was belangrike jare in die geskiedenis van SANLAM. Gedurende hierdie periode het SANLAM nie net sy bonusse gesien terugkeer na die “vooorlogse peil van £2.0.0% op alle winsdelende polisse nie,”¹³⁸ maar die maatskappy het ook ’n belangrike beleggingsverskuiwing ondergaan. Dit het tot die stigting van die SANLAM filiaalmaatskappy, Bonusbeleggingskorporasie (Bonuskor) op 20 Februarie 1946 gelei. Op 5 Maart van daardie jaar het Bonuskor amptelik met sake begin.

Toestande wat aanleiding gegee het tot die stigting van Bonuskor word duidelik uiteengesit in memorandum wat in 1954 aan SANLAM se Raad van direkteure deur M.S. Louw, aktuaris van SANLAM, voorgelê is. Louw het by verskeie geleenthede die voortou geneem in die gesprekke oor ’n “nuwe beleggingskanaal vir SANLAM en die noodsaaklikheid om kapitaal vir Suid-Afrikaanse nywerhede te vind.”¹³⁹ Hy was duidelik bewus van die spaarvermoë van die volk, asook die feit dat die meeste van hulle nie oor die nodige kennis beskik het aangaande die doeltreffende belegging van hulle fondse nie. Hierdie sentiment word ook duidelik weerspieël in die voorsittersrede van 1945 waar aangedui is dat die kleinspaarder sy fondse eerder aan handelsbanke, spaarbanke, bouverenigings, trustmaatskappye, lewensversekerings-maatskappye en ander finansiële instellings toevertrou het. Weens die versigtige finansiële beleid en tradisionele konserwatisme wat die beleggingsbeleid betref het, asook die vrees vir die onbekende wat by hierdie instellings voorgekom het, is daardie fondse nie vir risiko-beleggings beskikbaar gestel nie. Sulke instellings was egter geneig om hul fondse in voorgeskrewe bates te belê en die res aan rentedraende beleggings soos byvoorbeeld verbande en verskeie lenings te bestee. Dit het veroorsaak dat daar ’n aansienlike hoeveelheid fondse aan ‘veilige’ beleggings bestee is terwyl daar ’n tekort aan

¹³⁷ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake beleggings in gewone aandeel,” 09/02/1951, pp.1-5.

¹³⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1945, p.2.

¹³⁹ SA: Notules van die Direksievergadering, 25/07/1945 & 5, 26/10/1945.

risikokapitaal vir die ontwikkeling van die nywerhede en mynbou aanwesig was.¹⁴⁰ Dönges noem hierdie tendens die “onvrugbare aanwending van kapitaal” omdat daardie kapitaal beter aangewend kon word om die aandeel in die nywerhede en mynbou verder uit te brei.¹⁴¹

Hierdie probleem kon egter teengewerk word indien finansiële instellings meer van hul fondse vir risiko-beleggings beskikbaar sou stel. Die ander probleem wat bestaan het, was dat sommige van sodanige instellings onvoldoende kundigheid gehad het om ’n diverse beleggingsbeleidsrigting te volg. Banke en bouverenigings was sulke voorbeelde. Banke het die gevaar geloop dat hulle inflasie kon veroorsaak sodra daardie instellings die volume geld in sirkulasie sou vermeerder terwyl bouverenigings deur sekere wetsbepalings verbind was om hul fondse hoofsaaklik in verbande van eiendomme en staatseffekte te belê.¹⁴² Lewensversekeringsmaatskappye kon dus in hierdie verband ’n kardinale rol speel omdat die aard van hul besigheid dit moontlik gemaak het om ’n meer diverse beleggingstrategie te volg.

Hoewel SANLAM teen 1945 nog nie gereed was om ’n aggressiewe beleggingsbeleid te volg nie, was die maatskappy wel gewillig om ’n instansie te stig om ’n groter rol in die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse nywerhede en mynbou te speel. Die direkteur was “nie oortuig dat hierdie stap (die verskaffing van grootskaalse risikokapitaal) die algemene goedkeuring van die polishouers sou wegdra nie,” maar was bewus daarvan dat ’n beleggingskorporasie nodig is “wat die nodige bekwaamheid en ervaring besit om die regte seleksie te doen en waarbinne ’n genoegsame verspreiding en verskeidenheid van beleggings kan geskied.”¹⁴³

Gevolgtrek is daar tydens ’n hoofbestuurvergadering op 21 November 1945 besluit om voort te gaan met die stigting van ’n beleggingskorporasie, genaamd Bonuskor, met M.S. Louw as die besturende direkteur en W.A. Hofmeyr as lid van die direksie. Verder is opdrag aan die dagbestuur gegee om in samewerking met FVB die nuwe maatskappy te stig en te registreer, asook om 8 000 aandele van R50 elk op te neem.¹⁴⁴ Die nuwe onderneming is met ’n nominale kapitaal van R4 miljoen gestig en was ’n “skema wat gereelde toevloei van

¹⁴⁰ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1945, p.3.

¹⁴¹ T.E. Dönges: “Die mobilisering van die Kapitaal- en spaarkrag van die Afrikaner“, 1939, p.57.

¹⁴² Banke was onder die Bankwet van 1942 verplig om ten minste 30% van hul laste in voorgeskrewe sekuriteite te plaas, onder andere, regeringseffekte, goud en banknotas van die Reserwebank. Vgl. S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, p.201.

¹⁴³ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1945, p.3.

¹⁴⁴ SA: Notule van die Direksievergadering, 21/10/1945.

ondernemingskapitaal sal verseker wat skeppende werk kan doen, die rykdom van die land sal vermeerder en 'n sterk ekonomiese wapen in die hand van die Afrikaner sal wees.”¹⁴⁵

Daar is verder geoordeel dat slegs SANLAM-polishouers die reg sou hê om direk aandele in Bonuskor te koop deur die aanwending van hul kontantbonusse terwyl die res van die maatskappy se aandele op die effektebeurs verhandel sou word. Bonuskor sou voortgaan om sy kapitaal hoofsaaklik in gewone- en voorkeuraandele, skuldbriewe of enige ander effekte te belê en om sy fokus veral op die nywerheidssektor te plaas. Die maatskappy sou ook aktief aan die oprigting en uitbreiding van maatskappye deelneem, net soos FVB. Hier sou die maatskappy 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die nywerheidssektor speel, terwyl dit 'n geleentheid aan polishouers sou bied vir groter deelname aan die ekonomiese uitbreiding van die land. Op hierdie wyse sou die volksinkome dus verder vergroot word.¹⁴⁶

Bonuskor het tekens van stewige groei getoon en kon reeds aan die einde van sy eerste bedryfsjaar 'n dividend van 5% verklaar terwyl SANLAM self R200 000 vir aandele in hierdie maatskappy aangewend het.¹⁴⁷ Die gewildheid van Bonuskor se aandele het ook vinnig onder die SANLAM-polishouers gegroei en teen September 1947 het SANLAM meer as R100 000 aan Bonuskor oorbetal uit die bonusse van polishouers vir die aankoop van Bonuskor-aandele.¹⁴⁸ Die volgende tabel toon die totale aandele wat SANLAM jaarliks in Bonuskor vir die tydperk tussen 1950 en 1959 aangekoop het.

Tabel 4: Aankope van Bonuskor-aandele vir SANLAM en sy polishouers (1950-1959)

Jaar	Getal aandele aangekoop
1950	28 200
1952	52 250
1954	65 500
1956	140 800
1958	306 250
1959	364 750

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/Bonuskor verhouding.” 05/02/1960.

¹⁴⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1945, p.3.

¹⁴⁶ Ibid., p.3.

¹⁴⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1948, p.4.

¹⁴⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1947, p.3.

Bonuskor se aandelebeleggings het jaarliks toegeneem. Die rede hiervoor was dat meer SANLAM-polishouers hul kontantbonusse vir die aankoop van hierdie aandele beskikbaar gestel het. 'n Ander rede vir hierdie belangstelling was die versoeke wat Bonuskor aan SANLAM gerig het om Bonuskor-aandele op die mark aan te koop wanneer die markprys van die aandele gedreig het om onder pari (onder die uitgifprys) te daal. SANLAM het dit gedoen ten einde die markprys teen 'n sekere waarde te hou. Wanneer hierdie aandeelprys in die mark gedaal het onder die prys waarteen SANLAM dit aan sy polishouers verkoop het, het dit probleme veroorsaak.¹⁴⁹

Daar het ook ander probleme met die Bonuskor-skema ontstaan. Een daarvan was die groeiende jaarlikse kontantbonusse wat aan Bonuskor oorgedra is. Teen 1959 het die aandeelhoudersbelang reeds meer as R9 miljoen beloop terwyl nog R1,5 miljoen in nuwe kontant teen die einde van daardie jaar vanaf SANLAM-polishouers aan Bonuskor oorgedra is.¹⁵⁰ Hierdie snelle toename in nuwe kapitaal het dit egter baie moeilik vir die maatskappy gemaak om geskikte beleggings vir daardie fondse te kry. Dit het Bonuskor dus gedwing om meer aan ontwikkelingswerk en die stigting van nuwe maatskappye deel te neem wat die risiko aansienlik verhoog het.¹⁵¹

'n Verdere probleem was dat Bonuskor elke jaar nuwe aandele teen pari uitgereik het wat veroorsaak het dat die waarde van die reeds uitgereikte aandele met elke jaarlikse uitgifte teen markwaarde verminder of verwater het.¹⁵² Dit het weer beteken dat die waarde van die aandele wat beleggers reeds gehou het, minder was as dieselfde aandele wat Bonuskor in die daaropvolgende jare sou uitreik.

'n Ander probleem het ook ontstaan omdat Bonuskor nie die beginsel van verspreide aandelebeleggings doeltreffend toegepas het nie. Weens die groeiende nuwe kontant tot die maatskappy se beskikking en die behoefte om daardie kapitaal te belê, het Bonuskor soms groot beleggings in enkele maatskappye gemaak. Daar is bepaal dat Bonuskor teen 1960 ongeveer R2 270 000 (R182 000 in gewone aandele en R2 088 000 in lenings) van sy totale bates (R14 miljoen) in een enkele groep, genaamd M.I.B, 'n maatskappy wat

¹⁴⁹ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: "Memorandum insake SANLAM /Bonuskor verhouding," 05/02/1960, pp.1-13.

¹⁵⁰ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1959, p.5.

¹⁵¹ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: "Memorandum insake SANLAM /Bonuskor verhouding," 05/02/1960, pp.1-13.

¹⁵² Ibid., pp.1-13.

grondverskuiwingstoerusting verkoop het, belê het. Die hoofbestuurder was van mening dat hierdie belegging nie “strook met SANLAM se werwingsmetodes nie” omdat die bedrag wat in een enkele maatskappy belê is, te groot was. Dit het geïmpliseer dat Bonuskor se beleggingspraktyk nie ooreenstemmend was met SANLAM se beleid van verspreide hoë waarde beleggings nie.¹⁵³

Bogenoemde redes en faktore soos hoë administrasiekoste het daartoe gelei dat SANLAM in 1960 aangekondig het dat Bonuskor sy kapitaal nie verder sou uitbrei nie en dat dit op 'n bedrag van R10 miljoen aan die einde van daardie finansiële jaar sou afsluit.¹⁵⁴ Dit het aanleiding tot die stigting van 'n nuwe maatskappy in 1960 gegee, naamlik Sankor. SANLAM het gevolglik besluit om onmiddellik oor te gaan tot die stigting van Sanlam Beleggings Korporasie met 'n kapitaal van R5 miljoen en dat SANLAM dadelik aansoek sou doen vir R100 000 aandele in die maatskappy.¹⁵⁵

SANLAM het alle administratiewe besluite ten opsigte van hierdie maatskappy geneem en alle volmagte wat Bonuskor gehad het na Sankor oorgedra. Laasgenoemde besluit het beteken dat Bonuskor nie meer kontantbonusse van SANLAM-polishouers sou ontvang nie omdat dit na Sankor oorgedra sou word na goedkeuring deur die SANLAM-polishouers. Op 15 Mei 1960 is die statute van die nuwe maatskappy goedgekeur terwyl alle direkteure van SANLAM, behalwe EH Louw, op die direksie van Sankor gedien het. SANLAM het in daardie stadium ook 2 400 000 gewone aandele in Sankor opgeneem en sodoende 'n beherende belang in laasgenoemde verseker.¹⁵⁶

Sankor het nie die normale veld van beleggings betree nie, maar hom op die aandele van beleggingsmaatskappye en finansiële instellings toegespits. Die idee was dat Sankor slegs as 'n kanaal moes dien om die kontantbonusse van die SANLAM-polishouers te kanaliseer na daardie beleggingshuise wat dit sou benodig. Sodanige maatskappye is egter verplig om finansiële state voor te lê voordat enige kapitaal uitgegee sou word. Dit het verhoed dat fondse belê sou word in sake waar verliese moontlik kon voorkom. Verder was dit belangrik dat SANLAM self 'n groot belegging in Sankor maak om beheer oor laasgenoemde te

¹⁵³ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM /Bonuskor verhouding,” 05/02/1960, pp.1-13.

¹⁵⁴ Ibid., p.7.

¹⁵⁵ SA: Notule van die Direksievergadering, 17/02/1960.

¹⁵⁶ SA: Notule van die Direksievergadering, 15/05/1960.

behou.¹⁵⁷ SANLAM sou die nuwe maatskappy administreer met sy eie personeel, terwyl Sankor 'n administrasiefooi (R25 000 in 1963) aan SANLAM betaal het vir dienste gelewer.¹⁵⁸

'n Verdere maatskappy waarin aandelebeleggings gedurende die tydperk van 1940 tot 1950 gemaak is, was Saambou (Permanente) Bouvereniging. Saambou was een van die ander uitvloeisels van die Ekonomiese Volkskongres van 1939. Die stigters van hierdie bouvereniging was bewus van die potensiële komplikasies weens mededingende rentekoerse wat die onderneming van die begin af sou moes aanbied. Gevolglik het Saambou gedurende sy aanvangsjare 'n sukkelbestaan gevoer en kon geen winste verdien nie. Die oplossing was om hulp van ander gevestigde ondernemings te kry wat die maatskappy se administrasiekoste teen 'n lae vergoeding kon dra. Sodanige oplossing is in 1943 in die vorm van SANLAM gevind.¹⁵⁹

Die hulp het gevolg op 'n besluit wat op 22 September 1943 deur SANLAM se hoofbestuur geneem is. Daar is besluit om tot R70 000 onbepaalde termynaandele van R2 elk van tyd tot tyd teen markprys op te neem, mits R50 000 deur ander ondernemings of persone ook opgeneem sou word. SANLAM wou verder die reg hê om twee direkteure op die raad van Saambou te benoem, terwyl laasgenoemde versoek is om die maksimum aantal direkteure te vergroot na sewe, in plaas van vyf.¹⁶⁰ Saambou het die voorwaardes aanvaar. SANLAM het 35 000 gewone aandele in Januarie 1944 opgeneem sodat die bouvereniging vir die eerste keer in 1946 'n dividend van 3% kon verklaar. Teen 1950 het bates reeds R4,8 miljoen beloop en is 'n dividend van 4% verklaar.¹⁶¹ Die maatskappy was dus teen hierdie tyd goed gevestig en kon mededingende voordele aan aandeelhouders en kliënte vir die bou of aankoop van huise voorlê. Verder sou Saambou ook nie teen enige ras diskriminerend optree nie aldus M.S. Louw in 1957: “Ons doel en strewe is en moet wees om 'n groot bouvereniging uit te

¹⁵⁷ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM /Bonuskor verhouding.” 05/02/1960, pp.1-13.

¹⁵⁸ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM /Bonuskor verhouding.” 05/02/1960, pp.1-13.

¹⁵⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1943; SA: Notules van die Dagbestuurvergaderings, 04/02/1943; 24/06/1934.

¹⁶⁰ SA: Notule van die Direksievergadering, 22/09/1943.

¹⁶¹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersredes van SANLAM, 1946, p.4 & 1950, p.11.

bou wat ondubbelsinnig Afrikaans in sy aard en wese is, maar hy (die maatskappy) moet sy dienste beskikbaar stel vir alle volksgroepe ongeag hul taal of kleur.”¹⁶²

Tabel 5: Saambou se aandelekapitaal, 1943 - 1949.

Tydperk	Aandele Kapitaal	Wins
1943	R20 000	geen
1945	R138 000	R2 290
1947	R294 000	R13 824
1949	R774 000	R21 922

SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1943 tot 1949.

3.3 'n Verdere verandering in die beleggingsbeleid ná 1950

Teen 1951 het die SANLAM-raad sy beleggingsbeleid verander. Daar is besluit dat die tyd ryp was vir SANLAM om 'n meer aggressiewe benadering met betrekking tot die verskaffing van risikokapitaal te volg. Voor 1950 het SANLAM hoofsaaklik gefokus op beleggings in die nywerheidsektor, maar daarna wou die maatskappy ook beleggings in die mynbedryf ondersoek. Hierdie besluit is grootliks beïnvloed deur twee faktore, naamlik die ekonomiese omgewing gedurende die 1950's, asook die feit dat Suid-Afrika se myn- en nywerheidsontwikkeling aan die begin van 1951 tot 'n groot mate van buitelandse kapitaal afhanklik was. Die rede vir laasgenoemde is dat plaaslike maatskappye nie genoegsame fondse vir die land se risikokapitaalbehoefte verleen het nie. Met die oog op ekonomiese selfstandigheid, was dit belangrik dat Suid-Afrikaners 'n groter bydrae tot die ontwikkeling van eie nywerhede en ander ekonomiese sektore lewer. Verder is daar besluit om op groot skaal oor te gaan tot gewone aandeelbeleggings in die myn- en nywerheidsektor. Die besluit is beïnvloed deur hoë inflasie en rentekoerse wat gedurende die 1950's geheers het. Vir SANLAM het dit verhoogde rente-opbrengs meegebring, maar ook tot 'n verhoging in bestuurskoste. Laasgenoemde kon egter doeltreffend teengewerk word deur die verhoogde rente-opbrengs, terwyl gewone aandeelbelegging beskerming teen die waardevermindering weens inflasie gebied het.¹⁶³ SANLAM se beleggingsbeleid het dus geleidelik na 'n groter

¹⁶² SA: 15: MS Louw dokumente (Saambou): MS Louw: Doel en strewe van Saambou – toespraak by die bestuurskonferensie, Oktober 1957, pp.3-4.

¹⁶³ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1951, p.5.

blootstelling aan gewone aandele verskuif om risikokapitaal te versprei. Daar is geargumenteer dat sodanige beleid polishouers se belange ten beste sou dien.

3.3.1 Beginsels waarvolgens aandele aangekoop is

Dit is moeilik vir finansiële instellings om met sekerheid te bepaal watter individuele aandelebelegging veilig sal wees of sukses sal behaal as gevolg van die wisselende aard van hierdie beleggings. Aandeelwaardes is onderhewig aan markskommelings en die algehele prestasie van 'n maatskappy in wisselende markte. Dit is waarom beleggings in gewone aandele in geheel beskou moes word. Sekere onderliggende beleggingsbeginsels kan egter gevolg word om die risiko daarvan teen te werk of te verminder. Dit sluit in die sorgvuldige keuse in watter maatskappye belê gaan word en die doeltreffende verspreiding van aandelebeleggings oor 'n wye spektrum maatskappye. Dit is belangrik dat daardie maatskappye sover moontlik onafhanklik van mekaar is en dat hulle verskillende nywerhede verteenwoordig. Die verspreiding van beleggings moet egter nie te wyd wees waar dit die administrasiekoste en toesig daarvan sou kon bemoeilik nie.¹⁶⁴

'n Tweede strategie wat gevolg kon word, was om die optimale tyd vir die aankoop van gewone aandele te bepaal. SANLAM het besluit dat aandele slegs aangekoop moes word sodra dit tekens toon van verdere styging en nie wanneer aandeelpryse die hoogste vlak bereik het nie. Verder moes die aandeleportefeulje gereeld hersien word. Dit gee maatskappye die opsie om een soort aandeel, wat nie na wense presteer nie, te verkoop en die opbrengs te herbelê in ander aandele met beter vooruitsigte. In hierdie geval is 'n aktiewe beleggingsbeleid dus nodig. Dit is verder belangrik dat maatskappye die winste van aandele wat goed presteer in reserwes plaas om ander aandele wat nie so goed vaar nie, aan te vul.¹⁶⁵

Vir SANLAM was hierdie strategiese beplanning van groot waarde omdat die maatskappy in daardie stadium gereed was om meer risikokapitaal te bied. Voor 1951 het SANLAM hoofsaaklik gewone aandele opgeneem wat onderskryf is deur verwante maatskappye soos Bonuskor, AHT, FVB en Saambou as gevolg van die konserwatiewe beleid wat alreeds bespreek is.¹⁶⁶

¹⁶⁴ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: "Memorandum insake beleggings in gewone aandele," 09/02/1951, pp.1-5.

¹⁶⁵ Ibid., pp.1-5.

¹⁶⁶ Ibid., pp.1-5.

Gevolgtik het die beleggingskomitee vereistes opgestel waaraan individuele aandele moes voldoen voordat dit aangekoop kon word. Hierdie raamwerk het egter net gedien as riglyn vir die aankoop van aandele omdat dit moeilik was om vaste stelreëls te volg. Hierdie vereistes het in 1951 bepaal dat maatskappye wat oorweeg is reeds vir 'n geruime tyd gevestig moes wees met 'n sterk kliëntebasis, bekende handelsmerke en wat oor die algemeen 'n konserwatiewe beleggingsbeleid gevolg het. Dit was belangrik dat sulke maatskappye bates van minstens R2 miljoen asook voldoende reserwes opgebou het om tydelike terugslae te kon oorleef. Verder moes die produkte van sodanige maatskappye 'n redelike aktiewe mark en 'n goeie aanvraag in die mark geniet het. Hierdie riglyne het dit dus vir SANLAM moontlik gemaak om sy beleggingsbeleid baie versigtig aan te pas. Dit was baie belangrik om meer sekuriteit aan sy polishouers se fondse te bied waar dit in risikokapitaal aangewend sou word.¹⁶⁷

Teen 1954 is verskeie aandele in die nywerheidssektor op grond van genoemde riglyne verkry. 'n Diverse nywerheidsportefeulje is gevolglik opgebou deur aandele in die voedsel- en drankbedryf (Imperial Cold Storage and Supply), die graankosbedryf (Tiger Oats), die chemiese bedryf (De Beers Industrial), die tekstielbedryf (Natal Canvas), die groot- en kleinhandel distribusiebedryf (O.K Bazaars), swaar en ligte ingenieurswese (Dorman Long: Africa) en die boubedryf (Hume Pipe), op te neem. Al hierdie maatskappye het 'n goeie winsgeskiedenis met 'n sterk kliëntebasis gehad terwyl hul produkte in redelike aanvraag was. Teen 1959 het SANLAM ook die staal- en ingenieursbedryf (Union Steel Corporation.), die skoenbedryf (Edworks Ltd), die verpakkingsbedryf (Amalgamated Packaging Industries) en die motorbedryf (S.A Motor Assemblers and Distributors) by daardie beleggingsportefeulje gevoeg.¹⁶⁸ Hierdie beleggings is gemaak omdat die vooruitsigte vir dividende in daardie betrokke nywerheidsbedrywe hoog was terwyl SANLAM beleggings oor 'n breër spektrum kon versprei. Dit het die gepaardgaande risiko in aandele vir SANLAM aansienlik verminder.


Hierdie aktiwiteit sluit aan by SANLAM se winsmotief waar die beste moontlike beleggingsgeleenthede gesoek is. Dit het meegebring dat aandele nie net in Afrikaans beheerde ondernemings (ABM's) soos FVB nie, maar ook in Engels beheerde maatskappye

¹⁶⁷ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: "Memorandum insake beleggings in gewone aandele," 09/02/1951, pp.1-5

¹⁶⁸ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsektaris: "Memorandums insake beleggings in gewone aandele," 18/08/1954;20/10/1954; 14/04/1959, pp.1-8.

(EBM's)¹⁶⁹ soos Union Steel Corporation en Dorman Long: Africa, onder andere, opgeneem is. Dönges het byvoorbeeld verklaar dat “waar kapitaal tog in handel- of nywerheidsondernemings belê word, is dit so dikwels ondernemings wat deur nie-Afrikaanse kapitaal gekontroleer word.”¹⁷⁰ Die rede daarvoor was dat die persentasie-aandeel van Afrikaansbeheerde maatskappye (ABM's) in die nywerheidssektor nog baie klein was (6% in 1954).¹⁷¹ Hierdie diverse beleggingsportefeulje, wat ABM's en EBM's insluit, het dus vir SANLAM teen 1960 'n stewige teenwoordigheid in 'n nywerheidssektor, waar ABM's voorheen nie 'n groot aandeel gehad het nie, gegee. Die volgende grafiese voorstelling bied 'n oorsig van die wyse waarop gewone aandeelbeleggings gegroei het in die tydperk 1950-1960:

Grafiek 4: SANLAM risikobeleggings: 1950-1960 (R'000)



SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1950-1960.

Daar is 'n duidelike toename in SANLAM se beleggings in gewone aandele tussen 1950 en 1960, terwyl voorkeuraandele en skuldbriewe 'n afname getoon het. Dit was die gevolg van 'n verandering in die maatskappy se beleggingsbeleid na 1950 en die invloed van die gunstige ekonomiese omstandighede wat gedurende daardie tydperk geheers het. Op aanbeveling van MS Louw is daar teen 1955 ook begin om aandeelbeleggings in goudmynmaatskappye soos Federale Mynbou, Zandpan Goudmyn, Blyvoortuitzicht Gold Mining en Free State Geduld Mines op te neem. Totale beleggings in gewone aandele het in 1960 tot R16,8 miljoen toegeneem teenoor R2 238 000 in 1950. Hierdie toename het gepaard

¹⁶⁹ Plaaslike maatskappye wat deur buitelandse akteurs beheer is, word ook onder hierdie hoof gevoeg.

¹⁷⁰ T.E. Dönges: “Die mobilisering van die Kapitaal- en spaarkrag van die Afrikaner,” p.57.

¹⁷¹ SA: 8: M.S. Louw dokumente: MS Louw: “Die opkoms van die Afrikaner op ekonomiese gebied, Toespraak gelewer aan die kultuurvereniging,” 1950, p.10.

gegaan met die stigting en verkryging van filiaalmaatskappye soos die Pensioenbeleggingskorporasie (Penkor), Federale Mynbou en Sentrale Finansiële korporasie. Die maatskappy het sy invloed in die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende hierdie tydperk aansienlik uitgebrei. Dit het gelei tot die verdere uitbreiding van sy polishouers se belange oor 'n wyer beleggingsveld terwyl SANLAM op dié manier 'n bydrae tot die nywerheidsontwikkeling van die land gemaak het. Dit het veral die deelname van Afrikaners aan daardie sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie dramaties verhoog.

3.4. SANLAM se belangrikste filiaalmaatskappye, 1950-1960

Gedurende die tydperk tussen 1950 en 1960 het SANLAM verskeie filiaalmaatskappye gestig en sodoende tot die ontwikkeling van bestaendes bygedra. Dit het daardie ondernemings se posisie in die Suid-Afrikaanse ekonomie verstewig. Hierdie filiale was veral in die nywerheid-, finansiële- en mynbousektore.

Die eerste van dié filiaalmaatskappye was Penkor (Pensioenbeleggingskorporasie). Voor 1954 is vasgestel dat min maatskappye die belangrikheid van 'n pensioenfonds vir hul werknemers besef het en wat self die verantwoordelikheid vir die administrasie en belegging van sodanige fondse gedra het. Dit het die ruimte geskep vir 'n maatskappy wat hierdie gaping kon vul en SANLAM het Penkor as so 'n onderneming beskou wat die invordering en belegging van die publiek se pensioenfondse doeltreffend kon behartig.¹⁷²

Die probleem met pensioendienste was egter dat groot bedrae by pensioenfondse oor tyd geakkumuleer het terwyl maatskappye belas daarmee nie oor die nodige tegniese beleggingskundighede beskik het nie. Hul amptenare moes buite hul erkende terreine beweeg en waardevolle produksievermoë opoffer aan sake wat nie eie aan hulle bedryf was nie.¹⁷³ In teenstelling daarmee het SANLAM spesialisering en kundigheid met betrekking tot beleggingsaangeleenthede en administrasie van verskeie fondse opgebou. Dit het die firma in staat gestel om 'n maatskappy te stig wat spesifieke bogenoemde probleme doeltreffend kon aanpak.¹⁷⁴

In Maart 1954 het SANLAM die sakeplan van Penkor goedgekeur. Penkor sou help om pensioenskemas doeltreffend te beskerm. Penkor kon optree as administrateur en besigheid-

¹⁷² SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1954, p.4.

¹⁷³ Ibid., p.4.

¹⁷⁴ Ibid., pp.3-4.

en beleggingsadviseur van enige maatskappy wat fondse aan Penkor toevertrou het terwyl die maatskappy fondse namens die kliënte sou belê of herbelê.¹⁷⁵ Verder is Penkor deur SANLAM beheer en geadministreer, terwyl ruimte gelaat is vir aandeelhouders binne die SANLAM-groep, soos FVB en Bonuskor, om ook met die stigting van Penkor gewone aandele op te neem.¹⁷⁶

Die stigting van Penkor het egter nie sonder teenkanting geskied nie. Die vernaamste teenkanting was van Santam wat van mening was dat die nuwe pensioenmaatskappy in direkte kompetisie met laasgenoemde was.¹⁷⁷ Dit het gespruit uit die reëling tussen SANLAM en Santam dat hulle nie op mekaar se betrokke “erkende gebiede” sou meeding nie. Santam se erkende gebied was ‘trustwerk’ en het boedel-, beleggings-, en depositofondse ingesluit, asook die administrasie daarvan. Die maatskappy het ook as trustee van pensioenfondse opgetree. Ten opsigte van hierdie ‘erkende gebied’ sou Penkor dus in direkte kompetisie met Santam wees.¹⁷⁸

Die teenargument was dat ’n pensioenmaatskappy ’n gespesialiseerde beleggingsdiens wat nou verbind is aan aktuariële dienste verrig. SANLAM kon daardie aktuariële dienste selfs beter as enige ander maatskappy binne die SANLAM-groep verskaf. Santam kon dus nie hierdie genoemde terrein uitsluitlik vir homself toeëien nie. Daar is geoordeel dat pensioenfondse genoeg besigheid gebied het vir meer as een maatskappy in die SANLAM-groep. ’n Voorbeeld van positiewe mededinging binne die SANLAM-groep het tussen Saambou en Santam voorgekom waar beide fondse uit dieselfde oorde getrek het, gegewe die ooreenstemming in hul bedrywe.¹⁷⁹ SANLAM het derhalwe besluit om voort te gaan met die stigting van ’n pensioenmaatskappy. In 1955 het Penkor sy eerste bedryfsjaar agter die rug gehad en besigheid toegespits om as skakel te dien tussen pensioenfondse en ander finansiële instellings wat hul fondse wou belê.¹⁸⁰

¹⁷⁵ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandum insake voorgestelde akte van oprigting en statute vir Pensioenbeleggingsmaatskappy,” 26/03/1954, p.1.

¹⁷⁶ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandum aan die raad insake voorgestelde Pensioenbeleggingsmaatskappy,” 16/03/1954, p.1.

¹⁷⁷ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Wrywing tussen maatskappye binne die SANLAM -groep en die moontlike uitkakeling daarvan,” 18/08/1958, p.1.

¹⁷⁸ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM se Pensioenmaatskappy,” 11/05/1954, p. 1.

¹⁷⁹ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum insake terreinbepalings binne die SANLAM -groep van maatskappye,” 24/03/1953, pp. 1-3.

¹⁸⁰ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM se Pensioenmaatskappy,” 12/04/1954, p. 1.

3.4.1 *Federale Mynbou Beperk*

Die belangrikheid van mynbelange as 'n strategie om Afrikanerkapitaal te ontwikkel, het geleidelik gedurende die 1950's by SANLAM begin posvat. Dit was 'n nuwe en onbekende beleggingsveld, maar SANLAM het dit beskou as noodsaaklik vir die Afrikaner om ook daardie sektor te betree. Dit het gelei tot uitgerekte besprekings tussen SANLAM, FVB en Bonuskor oor gesamentlike optrede om hierdie nuwe rigting doeltreffend aan te pak. Die rede vir samewerking was omdat talle maatskappye, veral gedurende die vroeë 1950's, nog nie daarmee gemaklik was om groot persentasies van hul beleggingsfondse vir die aankoop van mynbelange beskikbaar te stel nie. Die ander rede vir samewerking was om 'n mededingende belang in hierdie sektor te bekom.

Gedurende 1953 het Bonuskor toenemend beleggings in die mynbedryf opgeneem en FVB genader met 'n voorstel om dit gesamentlik aan te pak. In daardie stadium het FVB nie baie fondse beskikbaar gehad vir nuwe beleggings in die mynbedryf nie terwyl Bonuskor wel in 'n gunstige posisie was. Gesamentlike optrede kon die twee maatskappye in staat stel om 'n veel groter mynbelang te bewerkstellig as wat elkeen afsonderlik sou kon vermag. Dit het gelei tot die stigting van Federale Mynbou Beperk (Fedmyn) in Junie 1953 met Bonuskor en FVB as gelyke vennote, terwyl besprekings om SANLAM as 'n derde aandeelhouer uit te nooi, hoog op die agenda was. Die doel van die maatskappy was om myne te ontwikkel, te beheer, te bestuur en te finansier. Die maatskappy het aktief deelgeneem aan beleggings in die mynbedryf, asook prospekteerwerk na nuwe of bestaande minerale.¹⁸¹

Die uitnodiging aan SANLAM was om verdere kapitaal in Fedmyn te belê om sy belange in die mynboubedryf meer doeltreffend uit te brei. Die formele uitnodiging het eers in 1956 gekom toe Fedmyn se aandeelkapitaal van R2 miljoen na R4 miljoen verhoog is.¹⁸² SANLAM is gevra om verdere gewone aandele op te neem sodat die drie vennote se totale belang in Fedmyn gelyk kon wees. Die uitnodiging is dadelik deur SANLAM aanvaar. FVB was egter bekommerd oor die moontlikheid dat in 'n geval van konflik tussen die vennote, hierdie drieledige vennootskap FVB se belange sou ondermyn as SANLAM nie sou toestem dat die drie maatskappye gelyke stemreg in 'n toekomstige beheermaatskappy sou hê nie. In June 1958 is 'n finale ooreenkoms tussen al die partye bereik en SANLAM het amptelik die

¹⁸¹ SA: 8: MS Louw dokumente: "Memorandum insake 'n verstandhouding tussen SANLAM, Bonuskor en FVB in verband met 'n verdere kapitaaluitbreiding van Federale Mynmaatskappy beperk," 11/09/1957, pp.1-2.

¹⁸² SA: 8: M.S. Louw dokumente: "Eerste prospektus van Federale Mynbou," 1958, p.1.

derde vennoot van Fedmyn geword, saam met FVB en Bonuskor. Dit het Fedmyn in 'n gunstige posisie geplaas om sy finansiële verpligtinge na te kom om sy belange doeltreffend te bevorder.¹⁸³

Hierdie gunstige posisie het daartoe gelei dat Fedmyn en sy aandeelhouers soos SANLAM, teen 1960 'n positiewe bydrae tot die ontginning van verskeie mineraalbronne, onder andere goud, steenkool en uraan kon lewer. Goud en uraan het teen 1960 gesamentlik 50,5% van Fedmyn se beleggingsfondse in beslag geneem teenoor 20% in steenkool, 12,9% in sout, 9,6% in chroom, 3,7% in asbes en 2,5% in ander diverse minerale.¹⁸⁴ Hierdie direkte en indirekte belang van SANLAM het dus 'n belangrike bydrae gelewer tot die Afrikaners se persentasie-aandeel in die mynbou wat vanaf 5% (1954) tot 18% (1975) toegeneem het.¹⁸⁵

'n Ander belangrike samewerking tussen SANLAM en Fedmyn, as gevolg van die Afrikaners se belangstelling in die mynbedryf ná 1950, was die stigting van Mynkor Beleggings Beperk in 1960. Hoewel SANLAM (deur portefeuljebeleggings in verskeie myne) en Bonuskor/FVB (met die stigting van Fedmyn in 1953) belangrike eerste stappe in daardie bedryf geneem het, het Afrikaanse kapitaal teen 1954 slegs 'n 5%- belang in die mynbedryf gehad. Die hoë koste van mynontwikkeling, die risiko van prospektering en 'n gebrek aan kapitaal, was verdere redes vir skeptisisme.¹⁸⁶ Verder het FedMyn in operasionele hoë risiko mynontwikkeling en prospektering besigheid gedoen wat nie noodwendig in die beleggingsbehoefte van alle beleggers was nie. 'n Maatskappy was dus nodig waar beleggers slegs portefeuljebeleggings in die mynbedryf kon maak.¹⁸⁷

SANLAM het gevolglik in September 1960 vir Mankor met 'n aandeelkapitaal van R2 miljoen geregistreer. SANLAM het 400 000 gewone aandele opgeneem terwyl die res onder die ander aandeelhouers soos FedMyn, Federale Beleggingskorporasie, FVB, Bonuskor, Santam, AHT, Trust Bank en Goodall & Williams,Bpk verprei is. Nog 600 000 gewone aandele is verder teen pari aan die publiek aangebied.¹⁸⁸

¹⁸³ G. Verhoef: "The history of Federale Mynbou beperk, Ongepubliseerde navorsingsverslag vir GENCOR." 1993, pp.35-37.

¹⁸⁴ SA: *Tegniek*: Desember 1959, p.12 (Voorsittersrede van Federale Mynbou,Bpk).

¹⁸⁵ J.L. Sadie: *The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy*, p.28.

¹⁸⁶ *Ibid.*, p.28.

¹⁸⁷ SA: 8: M.S. Louw dokumente: Eerste prospektus: Mynkor beleggingskorporasie, 1960, p.3.

¹⁸⁸ *Ibid.*, pp.1-2.

Mynkor is aanvanklik gestig om in aandelebeleggings van mynmaatskappye en maatskappye met 'n groot aantal mynbelange te spesialiseer. Dit het beteken dat die maatskappy nie direk deelgeneem het aan enige mynbestuur (soos Federale Mynbou) en prospekterwerk nie, maar slegs as 'n suiwer mynbeleggingsmaatskappy gedien het. Verdere beleggings in ander mynmaatskappye is ooreenkomstig twee beginsels gemaak, naamlik die verspreiding van beleggings oor 'n wye spektrum, asook die sorgvuldige keuring van maatskappye waarin belê is. Dit het verseker dat Mynkor se beleggingsfondse nie in een enkele mynmaatskappy gekonsentreer sou wees nie. Deeglike ontleding van tegniese, finansiële en ander gegewens het beleggingsbesluite bepaal wat die maatskappy gehelp het om ingeligte beleggingsbesluite te neem. Fondse is hoofsaaklik belê in goudmynaandele, terwyl voorsiening ook vir beleggings in steenkool- en ander myne gemaak is.¹⁸⁹ Dit het gevolglik nie net bygedra tot 'n groter aandeel in die mynousektor van die SANLAM-groep nie maar ook daardie sektor van risikokapitaal vir verdere uitbreiding voorsien.

3.4.2 Sentrale Finansiëorporasie

'n Ander maatskappy wat nog 'n gaping in die finansiële sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die 1950's begin vul het, was die Sentrale Finansiëorporasie van Suid-Afrika (hierna SFK genoem). Hierdie spesifieke gaping het te doen gehad met die korttermyn surplusse of -tekorte aan fondse wat van tyd tot tyd deur individuele maatskappye gedurende hierdie tydperk ondervind is.¹⁹⁰ Dit het veroorsaak dat maatskappye wat 'n tekort of 'n surplus op hul beleggingsfonds vir 'n gegewe tydperk ondervind het, transaksies onderling aangegaan het om surplusfondse uit te leen of tekorte aan te vul. Hierdie transaksies het potensiële gevare vir nywerheid- en handelsondermenings ingehou omdat sulke maatskappye gewoonlik nie oor die tegniese beleggingsvaardighede daarvoor beskik het nie.¹⁹¹

SANLAM het self ook probleme met korttermynbeleggings ondervind. In 'n memorandum in 1953 het SANLAM se beleggingsekretaris die saak formeel verduidelik. Hy was van mening dat SANLAM gereeld onder-belê het, dit wil sê dat die maatskappy by tye nie beleggings vir al sy beskikbare fondse kon vind nie. Vir 'n maatskappy wat winsgedrewe is, was dit egter nie wenslik om groot kapitaalbedrae op te gaar nie. Dit het SANLAM toegelaat om bepaalde

¹⁸⁹ SA: 8: M.S. Louw dokumente: Eerste prospektus: Mynkor beleggingskorporasie, 1960, p.3; Vgl ook *Tegniek*: Januarie 1960, p.8 (Maatskappyvergadering – Federale mynbou beperk).

¹⁹⁰ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Voorsittersrede van Sentrale Finansiëorporasie, 1958, pp.1-2.

¹⁹¹ *Ibid.*, pp.1-2.

surplusfondse as korttermyndeposito's by verwante maatskappye en ander finansiële instellings te belê. Hierdie maatskappye het gewoonlik 'n goeie rente-opbrengs op fondse aangebied terwyl die balans by die Nasionale Finansiële Korporasie (NFK)¹⁹² op deposito's geplaas is.¹⁹³

Namate SANLAM se beleggingsfondse jaarliks vermeerder het, het dit moeiliker geword om doeltreffende beleggings vir surplusfondse te kry. Verwante maatskappye kon nie altyd sulke fondse absorbeer nie. SANLAM het gevolglik vir Bonuskor en FVB met 'n voorstel vir die stigting van 'n maatskappy vir die hantering van korttermynfondse genader.¹⁹⁴ Bonuskor en FVB het dadelik aan die werk gespring met ondersoek in hierdie verband. Daar is bevind dat daar heelwat ander maatskappye was, onder andere Tuna Corporation, Marine Products en die Sitrusbeurs, wat gereeld in sommige tye van die jaar oor surplusfondse beskik het terwyl daar op ander tye weer 'n tekort aan kapitaal ondervind is. So het ander finansiële instellings soos Santam en die meeste Bolandse Trustkamers ook dieselfde probleem ervaar. Uiteraard het hulle die oprigting van 'n maatskappy vir daardie doeleindes verwelkom.¹⁹⁵

Gevolglik het SANLAM en Bonuskor in 1955 besluit om die SFK gesamentlik in die lewe te roep. SFK sou 'n beleggingsgeleentheid vir korttermynfondse skep en is as 'n depositonemende instelling ingevolge die Bankwet, No. 28 van 1955 geregistreer. Die belangrikste statutêre voorskrifte vir die stigting van SFK het bepaal dat die maatskappy nie deposito's mag opneem wat tien keer sy eie kapitaal oorskry het nie, terwyl SFK 30% van daardie deposito's in kontant moes hou of by ander depositonemende instellings of in goedgekeurde effekte belê.¹⁹⁶ Dit het daartoe gelei dat SFK ongeveer 40% van alle deposito's in kontant gehou en in lang- en korttermyn likiede bates of by die NFK in deposito's belê het. Die res van die fondse is vir aanvraag en termynlenings beskikbaar gestel.¹⁹⁷

SANLAM en Bonuskor het dadelik 100 000 gewone aandele opgeneem terwyl ruimte vir ander maatskappye gelaat is om ook belange op te neem. Dit het egter nie lank geneem voor

¹⁹² Hierdie maatskappy is gedurende 1949 deur die Regering in die lewe geroep as 'n semi-staatsinrigting waar maatskappye hul korttermyn fondse kon deponeer.

¹⁹³ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekreteraris: "Memorandum insake voorgestelde finansieringsmaatskappy vir hantering van korttermyn fondse," 29/04/1953, pp.1-3.

¹⁹⁴ Ibid., pp.1-3.

¹⁹⁵ Ibid., pp.1-3.

¹⁹⁶ Ibid., pp.1-3.

¹⁹⁷ SA: 16. M.S. Louw dokumente: P.R. Rorich: "Memorandum insake Sentrale finansie-korporasie beperk," 3/02/1955, pp.1-5. (Aanvraaglenings verwys na lenings wat op enige tyd terugbetaal moet word op versoek van die maatskappy wat die lening toegestaan het terwyl termynlenings terugbetaal word na 'n vasgestelde periode).

ander kleiner aandeelhouders ook van die SFK se dienste gebruik gemaak het nie. In die daaropvolgende jare het klein aandeelhouders, asook SANLAM en Bonuskor, gereelde aandele in SFK opgeneem, terwyl 'n derde groot aandeelhouer sy verskyning in 1958 gemaak het, naamlik Rand Mines Limited.¹⁹⁸ Die direksie van SFK het besluit dat aandele slegs aan buite-aandeelhouders toegeken sou word, mits SANLAM en Bonuskor saam die beheer van die maatskappy behou.¹⁹⁹

Teen 1963 het Rand Mines 10% van die aandele gehou terwyl SANLAM en Bonuskor elk 23%, en kleiner aandeelhouders 34%, van SFK se aandele besit het. Die voordele wat die maatskappy gebied het, was duidelik. SFK het 'n goeie geleentheid vir die tydelike belegging van surplusfondse met 'n gunstige rente-opbrengs van tussen 2% en 5% vir deposito's vir tydperke tussen aanvraag en 24 maande geskep. Daarteenoor het die Nasionale Finansiële korporasie minder as 2% vir dieselfde tydperke aangebied. 'n Ander voordeel van SFK was dat dit maatskappye aangemoedig het om 'n beleid van "voller beleggings" te volg. Dit het beteken dat sodanige maatskappye die korttermynfondse kon gebruik om hul eie beleggings verder te verstewig.²⁰⁰ SANLAM het egter nie al sy surplusfondse by SFK geplaas nie, maar dit oor 'n breër spektrum van beleggingsgeleenthede versprei.

Op 25 November 1959 het die direksie besluit dat SANLAM se kontantsurplusse van tyd tot tyd vir 'n periode van ses maande by die volgende instellings belê kon word:

SFK :	tot R1 000 000
Trustbank :	tot R1 000 000
FVB :	tot R 400 000
United Dominions Corp :	tot R 400 000
Credit Corporation :	tot R 100 000
NFK :	onbeperk. ²⁰¹

Bogenoemde beleggings van SANLAM se korttermynfondse het 'n tweeledige voordeel gehad. In die eerste plek kon SANLAM 'n beleid van "voller beleggings" doeltreffend toepas omdat die maatskappy nie kontant opgegaan het wat nie onmiddellik benodig is nie. Die belegging van hierdie kapitaal het SANLAM van 'n gereelde rente-opbrengsvoorsien, terwyl dit die maatskappy toegang tot 'n wyer beleggingspektrum gegee het. Die ander voordeel van

¹⁹⁸ SA: 16. M.S. Louw dokumente: P.R. Rorich: "Memorandum insake Sentrale finansie-korporasie beperk," 3/02/1955, pp.1-5.

¹⁹⁹ SA: Notule van die Direksievergadering, 26/11/1958.

²⁰⁰ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: "Memorandum insake voorgestelde finansmaatskappy vir hantering van korttermyn fondse," 29/04/1953, pp.1-3.

²⁰¹ SA: Notule van die Direksievergadering, 25/11/1959.

hierdie beleggings was dat dit kapitaal verskaf het aan maatskappye in die finansiewese soos SFK, FVB, NFK en ander wat tot die kapitaalkragtigheid van ondernemings bygedra het. Dit kon dan gebruik word om beleggings aan te vul wat ontwikkeling versnel het. Sulke fondse het ook 'n belangrike rol gespeel om kapitaaltekorte wat van tyd tot tyd by sodanige maatskappye voorgekom het, te oorbrug. Die volgende tabel wys hoe sulke korttermyn-beleggings tot SFK se ontwikkeling bygedra het.

Tabel 6: SFK se vordering vir die tydperk 1957 tot 1961

Jaar	Aandelekapitaal gemagtig (R)	Deposito's ontvang (R)
1957	500 000	1 855 794
1959	2 000 000	6 515 364
1961	2 100 000	2 946 819

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Voorsittersrede van Sentrale Finansie Korporasie, 1957-1961.

Bostaande tabel wys hoe SFK se depositofonds tussen 1957 en 1961 toeneem het. Die vermeerdering in aandelekapitaal dui daarop dat meer aandele beskikbaar gestel is aan die stigtersmaatskappye, Rand Mines Limited en ander kleiner beleggers om meer fondse te kon opneem. Dit het SFK in staat gestel om sy besigheid verder uit te brei. Die aansienlike vermeerdering in die deposito's wat tussen 1957 en 1959 ontvang is wys dat beleggers soos bank- en finansiële instellings, mynhuise, openbare liggame en ander maatskappye geneig was om hul fondse op deposito by SFK te plaas. Dit dui daarop dat die SFK 'n behoefte in hierdie betrokke mark aangespreek het omdat die geldmark nog redelik onontwikkeld was. Die afname wat hierdie pos egter ondervind het, soos aangetoon vir 1961, word toegeskryf aan die heersende politieke toestande en die gepaardgaande ekonomiese omgewing wat dit geskep het.²⁰² Groot kapitaalbedrae is gevolglik uit die land onttrek en het die vraag na risikokapitaal aansienlik verhoog. Dit het veroorsaak dat die maatskappy in 1961 ongeveer R8 miljoen aan deposante uit betaal het en dat daar tussen 1959 en 1961'n afname in die deposito's ontvang van meer as R3,5 miljoen was.²⁰³

²⁰² Hierdie ekonomiese toestande word in die volgende hoofstuk in diepte bespreek.

²⁰³ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Voorsittersrede van Sentrale Finansie Korporasie, 1961, p.3.

3.5 Verdere uitbreidings aan filiaalmaatskappye

SANLAM het ook sedert 1940 'n belangrike bydrae tot die volgehoue ontwikkeling van reeds bestaande filiale soos AHT en FVB gelewer. In die geval van AHT het SANLAM op 'n gereelde basis gewone- en voorkeuraandele opgeneem wat AHT in staat gestel het om sy werksaamhede voortdurend uit te brei. In die voorsittersrede van 1946 het W.A. Hofmeyr verklaar dat AHT besig was om “goeie sake te doen en werp gereelde winste af”.²⁰⁴ Teen 1950 het die maatskappy se versekeringsfonds tot R4,2 miljoen gegroei teenoor R3,5 miljoen in 1946.²⁰⁵

Probleme oor onafhanklikheid het egter gedurende die 1960's tussen SANLAM en AHT ontwikkel. SANLAM was die beherende aandeelhouer in AHT en kon direkteure op die raad van AHT benoem, asook direkte beheer oor die sake van AHT uitoefen. Volgens Mnr. Laurie (die hoofbestuurder van AHT sedert 1951) het hierdie ooreenkoms beperkinge geplaas op die doeltreffende uitbreiding van die sake van AHT. Hy was van mening dat SANLAM vir AHT die vryheid moes gee om “geheel en al los van SANLAM te ontwikkel behalwe dat die direkteure steeds deur SANLAM benoem kon word.”²⁰⁶ AHT het die gevaar geloop dat dit nie doeltreffend 'n onafhanklike beleid kon ontwikkel nie. Hy het SANLAM dus versoek om bloot as trustee vir die polishouers op te tree terwyl SANLAM reeds in 'n vorige ooreenkoms sy reg op dividende in AHT prysgegee het.²⁰⁷ SANLAM was egter nie bereid om enige beperking op sy aandeelhouding te aanvaar nie, maar het wel 'n paar voorstelle gemaak wat nie vir AHT aanvaarbaar was nie. Die voorstelle het onder andere ingesluit om AHT se beleggingsfunksie in te skakel by dié van SANLAM sodat die beleggings van AHT deur SANLAM gedoen kon word. Verdere administratiewe oorvleueling tussen die twee maatskappye kon dus tot 'n mate beperk word.²⁰⁸

Dit was vir SANLAM belangrik om 'n gesonde verhouding met AHT te verseker, maar dit was eweneens noodsaaklik om te verseker dat “ons reg van kontrole oor AHT nie in die

²⁰⁴ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1946, p.3.

²⁰⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1950, p.11.

²⁰⁶ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake die verhouding tussen SANLAM en AHT,” 6/12/1962, p.1.

²⁰⁷ Ibid., p.1.

²⁰⁸ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/African Homes Trust verhouding,” 11/12/1962, p.3.

geringste mate afgewater moet word nie.”²⁰⁹ Dit het in 1963 tot ’n finale besluit deur die raad van SANLAM gelei om AHT mee te deel dat “ons nie kan instem om ons aandele in die AHT prys te gee of aan enige ander liggaam oor te dra nie.”²¹⁰ Deur hierdie besluit het AHT dus ’n onderafdeling van SANLAM gebly en is deur die maatskappy beheer.

Die verhouding tussen SANLAM en FVB het sedert 1940 ook verder verstewig weens transaksies tussen die twee maatskappye. Daar was wedersydse hulpverlening in die vorm van lenings, skuldbriewe, aandele en tegniese advies. Toe SANLAM in 1943 gereed was om sy beleggingsbeleidsrigting te hersien, het dit gelei tot die stigting van ’n beleggingsafdeling om beleggings in verskeie sektore van die ekonomie te ondersoek. Die beleggingsafdeling het bestaan uit lede van die dagbestuur, asook P.A. Malan en D.J. Kotze.²¹¹ Hierdie hersiening het ook gelei tot ooreenkomste waarvolgens SANLAM gereeld aandele of skuldbriewe in FVB sou opneem of lenings aan laasgenoemde sou toestaan, terwyl FVB advies en tegniese bystand aan SANLAM sou voorsien wanneer SANLAM beleggings in die nywerheidssektor oorweeg het. In 1943 is daar formeel met FVB onderhandel vir ’n ooreenkoms waar FVB tegniese advies aan SANLAM sou verskaf in verband met beleggings in aandele en skuldbriewe van handel- en nywerheidsondernemings.²¹² Dit het gelei tot ’n besluit dat FVB “vanaf 1 Julie 1943, R100 per maand sal ontvang as retensiefooi vir advies, toesig en ondersoeke, plus 0.5% kommissie op beleggings wat deur FVB aanbeveel en deur SANLAM aangeneem word.” Hierdie ooreenkoms het in 1945 geëindig met die stigting van Bonuskor waardeur SANLAM sy risiko-beleggings begin kanaliseer het.²¹³

FVB het verder gereelde beleggingsaanbevelings, veral in die handel- en nywerheidssektore, aan SANLAM verskaf. ’n Voorbeeld van so ’n aanbeveling het in April 1946 voorgekom toe SANLAM FVB se voorstel aanvaar het om R400 000 se 4½% skuldbriewe in Sementfabriek op te neem. Dit het SANLAM in staat gestel om een van die direkteure in daardie maatskappy te benoem. In April 1946 het SANLAM R300 000 aan Felt & Tweed op verband van vaste eiendom geleen en FVB ook gebruik om sekere aandele namens SANLAM aan te

²⁰⁹ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/ African Homes Trust verhouding,” 14/02/1963, p.1.

²¹⁰ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/ African Homes Trust verhouding,” 14/02/1963, p.1.

²¹¹ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 21/04/1943.

²¹² SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 19/05/1943.

²¹³ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 16/06/1943.

koop. In Junie 1943 het FVB byvoorbeeld opdrag gekry om tot R100 000 van Imperial Storage se voorkeuraandele vir SANLAM aan te koop.²¹⁴

SANLAM het ook verder op 'n gereelde basis aandele in FVB opgeneem. Die eerste groep gewone aandele is in 1945 opgeneem (45 000), alhoewel advokaat E.H. Louw, 'n lid van direksie, teen grootskaalse beleggings in gewone aandele gedurende daardie tyd gekant was.²¹⁵ Dit het SANLAM egter nie verhoed om gereeld aandele sowel as skuldbriewe in FVB op te neem nie en teen die laat 1960's het SANLAM meer as 2 miljoen aandele in FVB gehou.²¹⁶ SANLAM het dus 'n wesenlike bydrae tot die uitbreiding van FVB gelewer.

Die tydperk tussen 1940 en 1960 toon die snelle ontwikkeling van SANLAM se aandelebeleggings. Dit dui op die deelname aan die stigting van nuwe maatskappye en die voortgesette uitbreiding by bestaande ondernemings. Hierdie uitbreiding is sterk beïnvloed deur die heersende ekonomiese toestande, meegebring deur die vraag na kapitaal wat geskep is met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Dit het veroorsaak dat 'n buitengewone stimulering van verskillende sektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie plaasgevind het om vinnige ekonomiese groei gedurende hierdie tydperk te bevorder. 'n Aanduiding van die vinnige groei was die Bruto Binnelandse Produk (BBP) wat toegeneem het vanaf R3 170 miljoen in 1940 tot R6 722 miljoen in 1961, wat 'n persentasievermeerdering van 52,84% is, terwyl die nywerheid-, mynbou- en landbousektore diensooreenkomstige groei getoon het.²¹⁷

Volgens C.F.J. Muller het die fabrieksnywerheid die grootste vooruitgang getoon met 'n bydrae van 17% tot die BBP in 1946 teenoor 21% in 1960. Dit het nie net tot nasionale inkome bygedra nie, maar ook talle nuwe werksgeleenthede geskep (290 000 poste tussen 1946 tot 1960). Verder het die waarde van die goudproduksie vanaf R200 miljoen in 1948 tot R575 miljoen in 1961 toegeneem, 'n persentasievermeerdering van 65,22%, terwyl die waarde van die landbouproduksie vanaf R374 miljoen tot R854 miljoen, 'n persentasievermeerdering van 56,21%, vir dieselfde tydperk, toegeneem het.²¹⁸ Daar was dus 'n groot behoefte aan die finansiering van plaaslike nywerhede en binnelandse kapitaal kon daaraan

²¹⁴ SA: Notules van die Hoofbestuurvergaderings, 24/04/1946 & 16/06/1943.

²¹⁵ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 31/10/1945.

²¹⁶ J.P. Scanell: *Uit die volk gebore: SANLAM se eerste 50jaar*, p.113.

²¹⁷ J. Natrass: *The South African economy: Its growth and change*, p.25.

²¹⁸ C.F.J Muller: *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.516-517. Vgl. ook S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, pp.154-155.

voldoen as dit gemobiliseer kon word. SANLAM was een van die leiers op hierdie gebied en het risikokapitaal vir maatskappye wat kapitaal benodig het beskikbaar gestel asook vir sodanige maatskappye wat aan die gewone beleggingsvereistes van die onderneming voldoen het.

SANLAM het dus 'n winsgedrewe beleggingsbeleid ná die 1940's gevoer en het nie net risikokapitaal in Afrikaner beheerde maatskappye (ABM's) belê nie, maar ook in Engels beheerde maatskappye (EBM's). Deur sulke beleggings het SANLAM veral 'n belangrike voet in die nywerheidssektor van die ekonomie gekry waarop toekomstige uitbreiding kon geskied. So byvoorbeeld is beleggings in skuldbriewe en voorkeuraandele tussen 1940 en 1950 in maatskappye soos United Tobacco Company, Amalgamated Packing Industries, Imperial Cold Storage, African Metals Corporation, Wire Industries Steel Products and Engineering Company, Consolidated Rand Brick and Pottery Company, Good Year Tire and Rubber, Consolidated African Industries en Incorporated Industries gemaak. Hierdie beleggings het 'n groter diverse nywerheidsportefeulje daargestel wat gestrek het vanaf die voedsel- en drankbedryf tot die verpakkings- en vervoerbedryf.²¹⁹

Die ondersteuning aan plaaslike sektore het geskied teen die agtergrond van twee belangrike beleggingsbeleidsveranderinge by SANLAM tussen 1940 en 1960. Eerste was daar die beleidsverandering in 1943 toe SANLAM formeel besluit het om met die verskaffing van risikokapitaal aan die handel- en industriële sektore te begin. Statistiek toon egter dat daar voor 1950 voorkeur aan beleggings in voorkeuraandele gegee is. Dit dui aan dat SANLAM steeds 'n versigtige benadering tot aandelebeleggings gevolg het (voorkeuraandele is minder riskant as gewone aandele). Gewone aandele is slegs by uitsondering opgeneem en andersins meestal by verwante maatskappye soos Bonuskor, Saambou en FVB. Voorkeuraandele is weer in baie handel- en nywerheidsondernemings opgeneem. Dit het 'n aansienlike toename in hierdie soort belegging meegebring. Teen 1940 het dit slegs 10,3% uitgemaak van die fonds beskikbaar vir risiko-beleggings en toegeneem tot 36,1% in 1950. In vergelyking daarmee het gewone aandele teen 1940 54,8% van daardie fondse in beslag geneem en afgeneem tot 33,1% in 1950.

Die tweede beleidsverandering het gekom as gevolg van die heersende ekonomiese toestande sedert die 1950's (hoë inflasie en rentekoerse), en die besef dat die mynbedryf plaaslike

²¹⁹ SA: Notules van die Dagbestuurvergaderings, 08/01/1941; 12/02/1941; 17/06/1941; 20/09/1944; 21/05/1945; 27/03/1947; 4/12/1947; 22/01/1947; 11/08/1948; 23/05/1949.

kapitaaltekorte beleef het. Daar is besef dat die mynbedryf baie afhanklik van buitelandse kapitaal was. Saam met verwante maatskappye soos Bonuskor en FVB, het SANLAM sedert 1953 ernstig begin om 'n mededingende aandeel in hierdie bedryf te verwerf. Dit het gelei tot 'n beleid van voller beleggings waar SANLAM so min as moontlik kontant wou opgaan.²²⁰

Dit het die maatskappy in staat gestel om munt uit die hoë rentekoerse (veral op lenings) te slaan terwyl daar voorsien is in die vraag na risikokapitaal. Verder het gewone aandele ook meer gewild by SANLAM geword omdat dit nie net 'n teenvoeter vir inflasie was nie, maar ook risikokapitaal verskaf het aan daardie sektore wat plaaslike ondersteuning benodig het. SANLAM het dus sedert die 1950's begin om op 'n meer aggressiewe basis gewone aandele in die nywerheid-, handel-, finansiële- en mynsektor op te neem terwyl nuwe filiaalmaatskappye ook gestig is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat gewone aandele teen 1960 87% van die totale aandeelbeleggingsfonds in beslag geneem het teenoor die 13% van voorkeuraandele.

Hierdie verandering in SANLAM se beleggingsbeleid sedert die 1940's het ook veroorsaak dat die maatskappy minder in verbande belê het (wat die grootste beleggingspos was sedert SANLAM se stigting). SANLAM het sy plaaseiendomme verkoop en het verbandlenings begin afskaal. Teen 1940 het hierdie beleggingspos 57% van die totale diskresionêre fonds in beslag geneem, maar teen 1950 het dit gedaal tot 52% en teen 1960 verder afgeneem tot 40%. Beleggings in aandele het weer vanaf 7% in 1940 tot 18% in 1960 toegeneem. Daar kan geargumenteer word dat die persentasie vermindering direk met die persentasie vermeerdering in aandeelbeleggings verband hou. Die rede daarvoor was dat SANLAM geleidelik begin wegbeweeg het van beleggings primêr in die landbousektor en meer aandag begin gee het aan die ander nywerheid- en mynbousektore sedert die 1940's, omdat dit daar was waar Afrikanerdeelname onderverteenwoordig was.

So het SANLAM, sy filiale, Afrikaans beheerde en Engels beheerde maatskappye, gehelp om hulle deelname aan die Suid-Afrikaanse ekonomie uit te brei. Op hierdie manier het die maatskappy die eerste treë gegee tot die ver-Suid-Afrikansering van die ekonomie. Die jare wat op die 1960's gevolg het, het egter nuwe uitdagings vir hierdie groep ingehou.

²²⁰ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing Hoofbestuurder: "Memorandum insake rentekoerse," 29/07/1953, pp.1-3.

Hoofstuk 4

SANLAM: Risikokapitaal en ekonomiese afplating, 1960 – 1980

Hierdie hoofstuk ondersoek die wyse waarop SANLAM se risikokapitaal 'n bydrae tot die bevordering van Suid-Afrikaners se aandeel in die land se ekonomie tussen 1960 en 1980 gelewer het. Hier word gefokus op die ekonomiese veranderinge in die land gedurende hierdie tydperk, asook die beleidsveranderinge in SANLAM self. Hoe het SANLAM die ekonomiese druk trotseer wat sedert die 1960's op Suid-Afrika uitgeoefen is? Die hoofstuk ondersoek ook die stigting van filiaalmaatskappye gedurende hierdie tydperk. Die hoofstuk gee saam met hoofstuk 3 'n oorsig van die struktuur van SANLAM se diverse risiko-beleggings vir die tydperk sedert 1940 om 'n beeld te skep van die wyse waarop hierdie maatskappy homself en ander ondernemings gehelp het om aan Suid-Afrikaners 'n groter aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie te gee.

4.1. Die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1960 en 1980 en die rol wat SANLAM daarin gespeel het

Met die aanvang van 1960 was die Suid-Afrikaanse ekonomie nog in 'n gunstige posisie om die vorige jare se vinnige groei vol te hou. Maatskappye het in gesonde finansiële posisies verkeer en kapitaal was beskikbaar om die verdere ontwikkeling van Suid-Afrikaanse nywerhede en ander sektore te bevorder. Maatskappye was positief oor ekonomiese vooruitsigte vir 1960, maar hierdie siening sou vinnig verander as gevolg van sosiale- en politieke omstandighede wat die ekonomie nadelig gedurende 1960 en 1961 geaffekteer het.

Van die vernaamste gebeure wat die ekonomie nadelig geraak het, was die gewelddadige en noodlottige gebeure by Sharpeville gedurende Mei 1960 en die daaropvolgende verklaring van 'n noodtoestand, die totstandkoming van 'n republiek in Mei 1961 en die gewapende stryd van die African National Congress teen die regering. Daarop het die uittrede van Suid-Afrika uit die Britse Statebond (1961), die sluipmoord op Hendrik Verwoerd (Eerste Minister van Suid-Afrika tot 1966), die Soweto-opstande van Junie 1976 en sanksies teen Suid-Afrika sedert die laat 1970's gevolg. Hierdie snelle opeenvolging van gebeure het die buitelandse beleggersvertroue in die voorheen stabiele beleggingsomgewing van Suid-Afrika ondermyn. Dit het veral in die vroeë 1960's veroorsaak dat sulke beleggers op groot skaal hul aandele in

plaaslike maatskappye verkoop het en kontant aan die land onttrek het.²²¹ Gedurende die halfjaar vanaf Januarie tot Junie 1960 het daar alreeds meer as R200 miljoen in private kapitaal die land verlaat. In die daaropvolgende maande het die uitvloeï wel op 'n kleiner skaal voortgeduur. Teen die middel 1961 het die totale kapitaal wat die land verlaat het vir die agtien maande vanaf 1 Januarie 1960 tot 30 Junie 1961 meer as R250 miljoen beloop. Die buitelandse valutareserwes van die Reserwe Bank het ook 'n drastiese afname gedurende hierdie tydperk getoon: vanaf R315 miljoen teen Junie 1960 tot ongeveer R142 miljoen teen Junie 1961. Hierdie verliese het die land se likiede bronne drasties verminder en het binnelandse ontwikkeling onder enorme druk geplaas.²²²

Die regering het die situasie probeer beredder en gedurende 1961 'n aantal maatreëls ingestel om te keer dat die goud- en buitelandse reserwes nie onder 'n gevaarlike lae vlak daal nie. Hierdie maatreëls het invoerbeheer en beperkinge op die uitvloeï van kapitaal ingesluit om likiditeit te herstel en verdere kapitaaluitvloeï te verhoed.²²³ Die regering het ook hard aan die werk gespring om politieke stabiliteit in die land te bevorder met die oog op gesonde ekonomiese groei. Dit het nie net 'n gunstige beleggingsklimaat vir buitelandse beleggers geskep om in die land te belê nie, maar het ook vertroue onder sakelui ontwikkel om besigheid te bedryf. Die gevolg van hierdie maatreëls was egter nie dadelik sigbaar nie en teen die einde van 1961 het die ekonomiese toestand aandeelpryse soos volg beïnvloed: goudaandele het met 18% gedaal, industriële aandele met 20% en die handelsaandele met 19%.²²⁴

Die uitwerking van die Regering se beheermaatreëls was eers teen 1962 merkbaar. Die vernaamste uitwerking was oormatige likiditeit wat in die geldmark ontstaan het as gevolg van groot surplusse op die betalingsbalans van die land vanweë die invoerbeheermaatreëls. Die tempo van groei in ekonomiese bedrywighede in 1961 en 1962 was egter te stadig om hierdie likiede fondse doeltreffend te gebruik, terwyl aandeelpryse op die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) relatief laag was.²²⁵ Laasgenoemde was te verstane, gegewe die groot blokke aandele wat skielik op die JEB beskikbaar was omdat die vraag na en aanbod van

²²¹ SA: 19: M.S. Louw: "South Africa – Its economic development and potential, Address to the Swiss-South African Association at Zurich," 01/10/1962, p.5.

²²² T.D.H. Davenport & C Saunders: *South Africa – A modern history*. Fifth Edition. Macmillan South Africa, Johannesburg, 2000, p.287; C.F. Muller: *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.431.

²²³ Ibid., p.288.

²²⁴ SA: 16: M.S. Louw dokumente: Voorsittersrede van Sentrale Finasiekorporasie, 1960, p.1.

²²⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1964, p.5.

beleggingsfondse onder hierdie omstandighede in 'n abnormale mark verkeer het. Dit het groter maatskappye soos SANLAM in 'n gunstige posisie geplaas om aandele teen 'n vinnige tempo en teen 'n relatiewe goedkoop prys te bekom.

'n Voorbeeld hiervan het gedurende 1961 voorgekom waar die beleggingsekretaris, J.J.T. Marais, die SANLAM raad vir 'n verdere magtiging van R4 miljoen vir aandeelbeleggings gevra het nadat reeds meer as R1,5 miljoen teen April van die betrokke jaar bestee is. Die bedrag is gemagtig en veral goudmyn-, goud-finansiële- en industriële aandele in genoteerde maatskappye is aangekoop.²²⁶ Hier het SANLAM beduidend meer aandele in die goudmynsektor (142 000) as in die goudmyn-finansiël (21 770) en industriële sektore (14 200) opgeneem. Dit was in ooreenstemming met die maatskappy se beleggingsbeleid sedert 1950's wat gerig was om doelbewus goudmynbelange te verstewig. Hierdie opneem van aandele is ook bevorder deur die disinvestering tussen 1960 en 1962, omdat groot blokke aandele relatief goedkoop aangebied is. Ná 1962 het SANLAM voortgegaan om meer aandele in genoteerde maatskappye op te neem en het so sy aandeelbeleggingspos vinnig verstewig. Teen 1963 het die maatskappy reeds 25% van die totale beleggingsfonds vir die jaar in aandele belê teenoor 13% in 1960 en 6% in 1958. In 1965 is ongeveer R16 miljoen vir die jaar in gewone aandele belê.²²⁷ Dit getuig nie net van die behoefte aan risikokapitaal wat ontstaan het weens die ekonomiese krisis van 1960 tot 1962 nie, maar ook van die leidende posisie wat SANLAM ingeneem het as 'n verskaffer van plaasvervangende kapitaal.

Sedert 1960 het daar egter toenemend 'n besef by SANLAM ontstaan dat die “ekonomiese weerbaarheid” van die land en sy rol as 'n verskaffer van risikokapitaal afhanklik van verskeie veranderlikes soos 'n stabiele ekonomiese omgewing, 'n stabiele politieke klimaat en 'n goed ontwikkelde spaarsin onder die publiek was. Dit was duidelik vir SANLAM dat elke Suid-Afrikaner 'n rol behoort te speel in die ekonomiese groei van die land en gevolglik het die maatskappy meer en meer klem op die aanmoediging van 'n gesonde spaarsin begin plaas. In hierdie verband het finansiële instellings 'n besondere bydrae gelewer.²²⁸ SANLAM het byvoorbeeld in 1965 (52,69%) en 1970 (48,61%)²²⁹ aansienlike risikokapitaal in die finansiële sektor belê. Daardie beleggings is in die finansiële- mynwese, finansiële-

²²⁶ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: J.J.T. Marais: “Memorandum insake beleggings in aandele,” 1961, p.1.

²²⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1958, 1960, 1963 en 1965.

²²⁸ 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1963, p.3.

²²⁹ Hierdie verteenwoordig die persentasie van die totale beleggingsfonds wat SANLAM in die finansiële sektor vir die betrokke jare, belê het.

nywerhede, bankinstellings en in beleggingsmaatskappye aangewend. Sodanige beleggings is veral in verwante maatskappye soos Federale Mynbou, Bonuskor, Sasbank, Sankor, Mankor, FVB, Sentrale Aandeelhouding, Federale Beleggingskorporasie en Trust Bank belê.²³⁰ Deur sulke beleggings kon SANLAM verdere risikokapitaal kanaliseer terwyl deur sy verwante maatskappye ruimer toegang tot meer diverse beleggings in die onderskeie sektore verkry is. Dit strook met A.D. Wassenaar (voorsitter van SANLAM in hierdie stadium) se argument dat enige bevolking 'n goed ontwikkelde spaarsin as bron van kapitaal vir volhoubare ontwikkeling moes handhaaf. Die belang van binnelandse spaarfondse het begin toeneem toe buitelandse kapitaaltoevoelinge afgeneem en die behoefte aan gesonde ekonomiese groei toegeneem het.²³¹ Teen die sewentigerjare het SANLAM weer eens sy beleggingsbeleid in oënskoue geneem. In die eerste plek het die maatskappy geleidelik wegbeweeg van 'n beleid om vol te belê na een waar groter likiditeit nagestreef is.²³² Hierdie strewe na groter likiditeit het dit vir SANLAM moontlik gemaak om gunstige beleggingsgeleenthede, soos dit in die ekonomie ontwikkel het, aan te gryp. Dit het aan SANLAM 'n groter mate van beleggingsvryheid verleen.

Spaar vir voorspoed was egter makliker gesê as gedaan. In die periode tussen 1969 en 1972 het persoonlike besparing 34% van die land se nasionale spaarpoging uitgemaak, terwyl dit tussen 1973 en 1976 tot 27% afgeneem het. Hierdie afname is onder andere toegeskryf aan die invloed van hoë inflasie wat veroorsaak het dat mense minder geneig was om te spaar. Dit het wel kommer gewek by maatskappye wat afhanklik was van binnelandse spaarfondse. Lewensversekeringmaatskappye het egter oor die jare goeie persoonlike spaarkanale geword en tussen 1967 en 1977 is ondervind dat persoonlike besparing in lewenspolis met ongeveer 50% toegeneem het.²³³ Dit was 'n bewys van die publiek se vertroue in hierdie spaarmediums. Die toename in polisfondse by SANLAM en baie ander finansiële instellings is goeie voorbeelde van wat die “krag van spaargeld” vir 'n ekonomie kan beteken. A.D. Wassenaar het verklaar dat “die toestande vereis dat ons nie net op ons tradisionele maniere ons tradisionele kliënte bearbei nie, maar dat ons nuwe, toepaslike spaarkanale sal vestig of

²³⁰ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum insake beleggings in gewone aandele,” 1970, p.5. Sien ook SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: P. Scholtz: “Memorandum insake verwante beleggingshuise,” 03/14/1968, p.4.

²³¹ SA:5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1974, p.5.

²³² SA: B10: Beleggingsoorlog: J..J. Heyman & W.S. Pretorius: “Memorandum insake beleggingsbegroting: 1971-1972,” 23/10/1971, pp.1-8.

²³³ SA:5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersredes van SANLAM, 1974, 1977, p.2.

ontwikkel waardeur alle groepe gehelp sal word om self hul kapitaalvermoëns te verhoog.”²³⁴ Wassenaar was van mening dat die land nie uitsluitlik staat moes maak op buitelandse kapitaal vir ekonomiese groei nie. Buitelandse kapitaal is wel nodig, maar vir doeltreffende ekonomiese en staatkundige bevordering is die samewerking van alle burgers vereis. Dit sou ’n omgewing skep waar alle moontlike kapitaal gemobiliseer en na goeddunke aangewend kon word.²³⁵

SANLAM het reeds vroeg in 1958 samewerking met ander bevolkingsgroepe oorweeg. SANLAM se takbestuurders het tydens ’n bestuurskonferensie hul steun aan die stigting van ’n aparte nie-blanke organisasie binne die maatskappy toegesê. D.G. du Plessis, assistent-agentbestuurder, was vir ’n geruime tyd reeds besig om ondersoek na die werwing van nie-blanke, veral Kleurlingbesigheid, vir SANLAM in te stel. Hy het vasgestel dat SANLAM voor 1958 feitlik geen besigheid met die nie-blanke bevolking gedoen het nie. Die aantal polisse wat uitgereik is vir 1957 was 285 en dit was vir ’n totale versekerde bedrag van R407 226 waarvan R114 000 met ’n “rasse-belading”²³⁶ was. Hierdie mark het goeie potensiele groei getoon en “juis omdat SANLAM ’n Afrikaanse maatskappy is en die Afrikaner openlik verklaar dat hy ’n goedgesinde voog van die nie-blanke wil wees, durf die maatskappy nie onverskillig teenoor hierdie saak te staan nie.”²³⁷

Na etlike onderhandelings van Du Plessis en Wassenaar met G. Golding, die voorsitter van die Coloured People’s National Union oor die moontlikheid van samewerking tussen SANLAM en die Kleurlinggemeenskap, is besluit dat die tyd vir SANLAM ryp was om sy besigheid op ’n groter skaal na daardie gemeenskap uit te brei. Terwyl SA Mutual in daardie stadium ook reeds baie suksesvolle besigheid in die Kleurlinggemeenskap gedoen het, sou die waarde van hierdie mark eers in die daaropvolgende jare nuwe betekenis vir SANLAM kry.²³⁸ Hierdie behoefte aan samewerking, nie slegs met die Kleurlinggemeenskap en ander Afrikaanse instellings nie maar ook met die EBM’s, is regdeur die 1960’s en 1970’s bepleit in SANLAM se voorsittersrede, hoewel die maatskappy gedurig bewus was van sy eerste plig om na sy polishouers en hul belange om te sien. Die strewe na die maksimum

²³⁴ SA:5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1974, p.5.

²³⁵ Ibid., p.5.

²³⁶ Hierdie term verwys na die heffingsfooi wat op alle nie-blanke polisse aangebring is om verdere risiko te dek.


²³⁷ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: D.G. Du Plessis: “Memorandum insake nie-blanke besigheid,” 03/07/1958, pp.1-4.

²³⁸ Ibid., pp.1-4.

beleggingsopbrengs op polishouerfondse, asook strategieë om sake op die mees ekonomiese wyse te doen, het steeds 'n hoë prioriteit vir SANLAM gebly. Die kriteria vir die verskaffing van risikokapitaal het dus nie verander nie en ander maatskappye moes, onder andere, steeds winspotensiaal openbaar voordat SANLAM 'n belegging in daardie ondernemings oorweeg het.²³⁹

SANLAM het goeie beleggingsbeginsels toegepas om sy polishouers se belange te beskerm terwyl daar toenemend 'n bydra gelewer is om die ekonomie te ver-Suid-Afrikanees. Die volgende grafiese voorstelling toon duidelik hierdie versnelde groei in die aanwending van risikokapitaal vir die tydperk vanaf 1960 tot 1980.

Grafiek 5: Risiko-beleggings vir die tydperk 1960 tot 1980



SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1960 tot 1980.²⁴⁰

Bogenoemde grafiese voorstelling dui op 'n stewige toename in SANLAM se aandeelportefeulje tussen 1960 en 1980. As die aandeelbeleggings uitgedruk word as 'n persentasie van SANLAM se totale beleggings teen 1960, 1970 en 1980 verteenwoordig dit 12,7%, 22,8% en 20% onderskeidelik. Dit word nie net toegeskryf aan die groot blokke aandele wat opgeneem is in die maatskappy se filiale soos Federale Mynbou, Sanbes en Sankor nie, maar ook aan die gereelde beleggings in ander maatskappye in die nywerheid-, mynbou- en finansiële sektore. Teen 1970 het die totale bedrag in aandele belê toegeneem van meer as R99 miljoen tot R250 miljoen in 1975 en meer as R450 miljoen teen 1980. Die aansienlike toename tussen 1975 en 1980 was die gevolg van die groot beleggings om Federale Mynbou te help om General Mining te koop, asook die oorkoop van Federale

²³⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1974, p.6.

²⁴⁰ Weens die klein persentasie toegestaan aan voorkeuraandele vir die tydperk, is daardie beleggings by die van gewone aandele gevoeg.

Mynbou-aandele vanaf FVB. Die ander rede vir die hoër besteding aan aandelebeleggings in hierdie tydperk was die daling in buitelandse beleggings in Suid-Afrika en die druk wat dit op die beskikbaarheid van risikokapitaal in die land geplaas het. SANLAM het deur sy beleggings die leemte probeer aanvul.

Sodra die tydperke 1940 tot 1960 en 1960 tot 1980 met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die toename in aandelebeleggings van 1960 tot 1980 veel hoër en vinniger was as die vermeerdering van 1940 tot 1960. Tydens die veertigerjare was SANLAM se aandeleportefeulje minder as R1miljoen, terwyl dit gegroei het tot ongeveer R20 miljoen teen 1960 en meer as R450 miljoen teen 1980 bereik het. Dit beteken dat SANLAM toe meer risikokapitaal beskikbaar gestel het om gesonde ekonomiese groei te ondersteun. Verder weerspieël dit nie net die geweldige groei wat SANLAM in sy totale bates beleef het nie, maar ook die groter verantwoordelikheid van die maatskappy om 'n bydrae tot die volhoubare ontwikkeling van die polishouers se ekonomie posisie oor die algemeen te lewer. Dit het ook bygedra tot die algehele verstewiging van SANLAM se eie greep op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

SANLAM se volhoubare groei teen 1960 het die maatskappy ook in staat gestel om verdere filiaalmaatskappye in die lewe te roep wat verder tot die ontwikkeling van daardie betrokke sektore bygedra het. Van die vernaamste filiale is Mankor ('n beleggingsmaatskappy met beleggings onder andere in die film-, motor- en skeepsboubedrywe) in 1964 en Sanlamtrust-Bestuurders, Bpk (Sanbes) in 1967.

4.2 Mankor

In 1964 het SANLAM, deur die gereelde opneem van aandele, 'n beheerende belang (80%) in die Manganese Corporation Ltd ('n gewone beleggingsmaatskappy) verkry. Die rede vir dié stap was om 'n maatskappy te ontwikkel wat die SANLAM-groep se industriële belange kon bestuur en verder uitbrei. Gevolglik het SANLAM besluit om die maatskappy se beleggingsbeperkings te lig sodat die maatskappy se bedrywighede ook na die nywerheidssektor uitgebrei kon word. Gevolglik het die naam na Mankor verander.

Daardie strategie het 'n baie nouer verhouding tussen SANLAM en Mankor geskep en het gelei tot die gesamentlike hulpverlening aan ander maatskappye, veral bedrywig in die

nywerheidsektor.²⁴¹ So byvoorbeeld het SANLAM en Mankor 'n maatskappy soos Barends Skeepsbou en Ingenieurskorporasie in 1966 van hulp voorsien. SANLAM het in Februarie 1960 gewone aandele ter waarde van R167 500 in Barends opgeneem.²⁴² 'n Paar maande later is bevind dat Barends nie in 'n goeie finansiële posisie verkeer het nie. Die maatskappy het 'n opgehoopde verlies van meer as R1 miljoen openbaar. SANLAM het toe saam met die Nywerheids Ontwikkelingskorporasie (NOK) en Mankor finansiering in die vorm van lenings aan Barends voorgeskiet. Barends kon dus meer kredietfasiliteite aanbied vir die bou van skepe. Gevolglik het SANLAM en Mankor besluit om R450 000 en R1 150 000, onderskeidelik, aan Barends te leen terwyl SANLAM die bedrag aan Mankor voorsien het. Dit het Barends in staat gestel om verskeie tenders vir die bou van vrag skepe te plaas.²⁴³ SANLAM het intussen Mankor se finansiële posisie verstewig en in 1967 nog aandele uit Mankor se portefeulje gekoop (R300 000 gewone aandele van Leyland Motors; R2 miljoen voorkeuraandele van Oude Meester; R2 miljoen voorkeuraandele van Barends) om tot Mankor se kapitaaluitbreiding by te dra.²⁴⁴

Teen 1970 het SANLAM, in samewerking met Santam, nuwe planne gehad en onderhandel om 'n sterker alliansie tussen die twee daar te stel. Die doel van hierdie verhouding was om 'n meer omvattende finansiële- en versekeringsdiens aan die publiek te bied en om hierdie twee maatskappye se finansiële ontwikkeling in die ekonomie beter te koördineer.²⁴⁵ Die skema was om vir Mankor in daardie maatskappy te verander, waarna die maatskappy as Sanfinans bekend sou staan. Gevolglik is verskeie filiaal aandele van beide SANLAM en Santam aan Sanfinans oorgedra om die totale bates op R40 miljoen te bring. Daarna het Sanfinans weer die meeste van sy nuwe aandele aan SANLAM en Santam uitreik.²⁴⁶

Die plan het egter nie gerealiseer nie weens kommer van die Minister van Finansies. Hy was bekommerd oor “'n maatskappy wat nie geregistreer is onder die bankwet maar 'n groot belang in bankinstelling kry,”²⁴⁷ en het gemeen dat so 'n samewerking 'n monopolie oor die Suid-Afrikaanse finansiële struktuur tot gevolg kon hê.²⁴⁸ Die plan is gevolglik laat vaar en

²⁴¹ SA: 3/1: Publikasies oor SANLAM: *Supplement to Financial Mail*: 26/11/1971, pp.25-27 (Die ‘laager’ brei uit); Vgl ook *Tegniek*: Februarie 1965, p.5 (Mankor kry belang in vragmotormark).

²⁴² SA: Notule van die Direksievergadering, 16/02/1966.

²⁴³ SA: Notules van die Direksievergadering, 18/05/1966 & 17/10/1966.

²⁴⁴ SA: Notule van die Direksievergadering, 21/08/1967.

²⁴⁵ SA:12/2/6: Filiale (Alg), 1969-1985: *Insurance Magazine*, June 1970, p.15 (SANLAM en Santam).

²⁴⁶ SA: Nuusuitreiking: Mankor Persverklaring, 18/06/1970.

²⁴⁷ *Die Burger*: 17/09/70, p.23 (SANLAM, Santam: Samesmelting afgelas – Dr. Diederichs los 'n bom).

²⁴⁸ *Tegniek*: Julie 1970, p.1 (Sanfinans- nuwe sleutelmaatskappy op finansiële gebied).

SANLAM het in 1971 besluit om 'n aanbod vir die res van Mankor se aandele te maak wat R8 500 000 beloop het. Daarna is al Mankor se beleggings by dié van SANLAM gevoeg.²⁴⁹ Mankor is gevolglik in 1972 gelikwieder en in 1974 ontbind ingevolge artikel 174(1) van die Maatskappywet, No 46 van 1926.²⁵⁰

4.3 SANBES

'n Ander maatskappy wat ook met behulp van SANLAM se leiding en kapitaal 'n groter rol in die effektrustbedryf van die land sou speel, was SANLAMtrust-Bestuurders, Bpk. Trustmaatskappye was egter nog 'n baie nuwe konsep in die finansiële dienste-omgewing, hoewel die eerste effektrustskema alreeds in 1947 sy verskyning gemaak het. 'n Groter aantal effektrustbesighede het eers in die 1960's begin nadat wysigings aan die Wet op die Beheer van Effektrustskemas, No.18 van 1947, in 1962 aangebring is. Teen die tyd dat SANLAMtrust gestig is, het die wet belangrike riglyne en vereistes daargestel om te verseker dat beleggers gepaste statutêre beskerming geniet. Hierdie vereistes was veral toegespits op die beheermaatskappye wat verplig was om 'n minimum voorgeskrewe kapitaal van R600 000 te hou terwyl dit 'n openbare maatskappy moes wees. Die bestuursmaatskappy moes self 'n belegging van minstens 10% van die totale onderaandele van die fonds besit of 'n belegging van minstens R200 000 in die trust maak. Verder het die wet bepaal dat ongeveer 10% van die fonds se bates in staatseffekte belê moes word, terwyl streng vereistes aan die bestuursmaatskappy gestel is oor die maksimum beleggings wat die trust in enige enkele maatskappy kon maak.²⁵¹

In 1967 het die Raad van SANLAM besluit om 'n maatskappy te stig wat die effektrustbedryf sou betree. Daar was 'n gevoel dat 'n effektrust se bedrywighede niks nuuts was vir SANLAM nie, omdat dit ook te doen gehad het met die invordering van spaargeld en die veilige belegging daarvan namens die kliënt. Talle memorandum is gevolglik aan die Raad van Direkteure voorgelê oor moontlike voor- en nadele van so 'n effektrust vir SANLAM. Die maatskappy het spoedig te werk gegaan om die SANLAMtrust-Bestuurders, Bpk (Sanbes) te stig met Santambank as die trustee van die trust.

²⁴⁹ SA: 3/1: Publikasies oor SANLAM: *Supplement to Financial Mail*: 26/11/1971, pp.25-28 (Die 'laager' brei uit).

²⁵⁰ Die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Appèlafdeling): "SANLAM vs Rainbow Diamonds (Edms)Beperk," 19/03/1984, pp.4-5.
<http://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/41.html>. (15 April 2011).

²⁵¹ Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Artikel 3 van Wet op beheer van Effektrustskemas, no.18 van 1947.

SANLAMtrust was die vyfde effektetrust in Suid-Afrika en het 'n redelike onontwikkelde mark ten opsigte van beleggings in effektetrusts betree.²⁵² SANLAM moes baie opvoedingswerk doen en omvattende inligting is aan polishouers gestuur om die konsep van 'n eenheidstrust bekend te stel. Die doel was om die vertroue van alle belanghebbendes (onderaandeelhouders) in effektetrusts te verhoog en te bewys dat SANLAM, deur middel van sy tegniese ondervinding met beleggings, in 'n gunstige posisie was om beleggings te maak. SANLAM het beleggers egter gewaarsku dat beleggings in effektetrustskemas as langtermynbelange beskou moes word.²⁵³

SANLAM het gevolglik vir Sanbes gestig as die bestuursmaatskappy wat aandele en skuldbriewe in maatskappye, wat sake gedoen het in die nywerheid-, myn-, handel- en finansiewese, gekoop het. Sanbes het alle administratiewe take behartig en was 'n vol filiaal van SANLAM met die oogmerk om as 'n beleggingskanaal vir die publiek se spaargeld te dien. Sanbes het hierdie fonds gebruik om in aandele van verskeie genoteerde maatskappye in die aandelemark te koop. Deur middel van hierdie beleggingsinstrument het individuele beleggers 'n aandeel in die bates van die trust ontvang. Sanbes het beleggers ook in staat gestel om in 'n wydverspreide beleggingsportefeulje te belê en om in die opbrengs op sulke beleggings te deel.²⁵⁴

Sedert die stigting van Sanbes in 1967, het die maatskappy goeie vordering getoon. Sanbes se totale bates teen die einde van sy eerste bedryfsjaar in 1969 het R22 miljoen bereik en was soos volg versprei: 31,4 % in diverse bates wat minder as 4% van die totale beleggingsfonds uitgemaak het teenoor 17,6% in goedgekeurde effekte, 11,7% in finansiële nywerhede, 9,9% in netto kontant, 6,6% in vuurhoutjies, 6,1% in die boubedryf, 5,5% in die kleinhandelbedryf, 5,1% in banke, 4,7% in finansiële mynwese en 2,3% in buitelandse bates in Frankfurt en Nederland.²⁵⁵

Die hoë persentasie van bates in likiede vorm was om genoegsame kontant tot die maatskappy se beskikking te hê vir die aankoop van eenhede wat beleggers aan die maatskappy kon terug verkoop. Verder is dit ook interessant om op te merk dat die maatskappy meer as 17% van sy beleggingsfondse bestee het aan goedgekeurde effekte

²⁵² *Tegniek*: April 1964, p.5 (Effektetrust van Suid-Afrika sal vyfde in Suid-Afrika wees).

²⁵³ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: "SANLAMtrust: 'n opleidingstuk," April 1967, p.2/1; SA:3/1: Beleggings: "Memorandum aan alle verteenwoordigers insake eenheidstrust," 14/09/1966, pp. 1-4.

²⁵⁴ SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: "SANLAMtrust: 'n opleidingstuk," April 1967, p. 2/2.

²⁵⁵ SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: Voorsittersrede van Sanbes, 1969, pp.1-3.

terwyl die wet slegs 10% vereis het. Dit spreek van die lae risiko wat met 'n belegging in regerings- en plaaslike effekte gepaard gaan. Dit wil voorkom of Sanbes risikovermydend was terwyl 'n uitgebreide beleggingsportefeulje reeds in 'n vroeë stadium gevestig is.

Na die goeie vordering in 1969 het die beurspryse egter 'n skerp daling weens inflasionistiese druk en die depresiasie van die Suid-Afrikaanse geldeenheid ondergaan. Dit het gelei tot skerp dalings in die bates van verskeie effektetrusts op die beurs en SANLAMtrust het self hieronder gely. Dit word duidelik weerspieël sodra SANLAMtrust se bates vir 1969 met dié van 1971 vergelyk word. Die markwaarde van die bates vir 1969 was meer as R22 miljoen en teen 1971 was dit minder as R10 miljoen. Die voorsitter van Sanbes, P.J.F. Scholtz, was van mening dat beleggers se “aandag afgetrek word” van die feit dat effektetrustbeleggings 'n langtermyntransaksie is sodra drastiese fluktuasies van pryse van tyd tot tyd op die beurs voorkom het. Dit het veroorsaak dat beleggersvertroue tussen 1970 tot 1972 sterk afgeneem het.²⁵⁶

Gevolglik het SANLAM en Sanbes ondersoek ingestel hoe beter beheer oor SANLAMtrust uitgeoefen kan word. In 1971 het Sanbes 'n plan aangekondig om sy effektetrustbelange uit te brei. Gevolglik het Sanbes beheer gekry oor twee nuwe effektetrusts, Nasionale Groei Fonds (NGF) en South African Trust Selections (SATS) en sodoende sy totale bates in die proses vergroot.²⁵⁷ Hierdie konsolidasie en addisionele beleggingskundigheid wat SANLAM aangebied het, het groter kostebesparings bewerkstellig. In 1971 het die bates van al drie die trusts met meer as 60% toegeneem weens die verstewiging van beurspryse en die vermindering van administrasiekoste na die konsolidasie van administrasie. Verder het Sanbes verskeie nuwe effektetrustprodukte ontwikkel om aan bestaande kliënte nuwe opsies te bied en om nuwe beleggings te lok.²⁵⁸ Daar was wel ook tekens van hernude vertroue van die publiek in effektetrusts en Sanbes se aandeel in die effektetrusts van Suid-Afrika het verstewig. Dit het Sanbes se mededingende posisie verhoog terwyl die maatskappy terselfdertyd 'n groter verspreiding van beleggings verkry het.

Teen 1978 het Sanbes beheer oor nog twee effektetrusts verkry naamlik Santamgroei en Trustgroei. Dit het die aantal effektetrusts onder sy vlerk op vyf van die elf wat aktief in die

²⁵⁶ SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: Voorsittersrede van SANLAMtrust, 1972, pp.2-3.

²⁵⁷ SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: "Persverklaring gerig aan Opebare betrekkinge van SANLAM," 7/09/1971, pp. 1-2.

²⁵⁸ SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: T de Villiers: "Brief aan P Du Preez insake Sanbes se portefeuljeplan," 6/02/1973, pp.1-2.

Suid-Afrikaanse mark was te staan gebring. Die gesamentlike batewaarde van dié vyf het op R140 miljoen gestaan teenoor die R310 miljoen van die hele effektetrustbeweging in die land.²⁵⁹ Dit beteken dat Sanbes teen 1978 meer as 45% van die hele effektetrustbesigheid beheer het. Teen 1980 het Sanbes beheer oor meer as R245 miljoen uitgeoefen waarvan SANLAMtrust R52 miljoen, NGF R111 miljoen, SATS R35 miljoen, Trustgroeï R40 miljoen en Santamgroeï R7 miljoen bygedra het.²⁶⁰ Verder was die vernaamste beleggings wat deur hierdie effektetrusts gemaak was in maatskappye soos United Union Corporation, General Mining, De Beers, Pep Stores, Suid-Afrikaanse Brouerye en Tiger Oats.²⁶¹ Deur hierdie beleggings is die nywerhede en mynbedryf veral van risikokapitaal voorsien om ontwikkeling te bevorder.

4.4 SANLAM se beleggings in verwante maatskappye, 1960-1980.

SANLAM het ook 'n verskeidenheid ander maatskappye in die lewe geroep of tot hul stigting en ontwikkeling bygedra sedert 1960. SANLAM se onderlinge maatskappye het tot die verspreiding van SANLAM se fondse oor 'n wye spektrum van die ekonomie bygedra. Hierdie maatskappye het kapitaal beskikbaar gestel vir die opneem van aandele en skuldbriewe in verskeie sektore en SANLAM het dit onderskryf.

'n Goeie voorbeeld van sodanige ondersteuning was in 1974 toe een van Fedmyn se grootste filiale, General Mining (GM), die aandele van Union Corporation (UC)²⁶² wou oorneem. SANLAM het hier 'n sleutelrol gespeel deur General Mining se regte-uitgifte te onderskryf. Die aanvanklike aanbod van GM vir UC is van die hand gewys,²⁶³ maar GM het voortgegaan om UC aandele in die mark te koop. Hierdie konstante koop van UC aandele is bewerkstellig deur 'n besluit van die SANLAM-Raad in Februarie 1975 om homself te verbind tot 'n verdere belegging van hoogstens R80 miljoen in die Fedmyn/GM-groep. Dit het die groep in staat gestel om doeltreffend vir UC se aandele te kon onderhandel.²⁶⁴ In 1976 het Fedmyn 'n regte-uitgifte gedoen wat deur Volkskas, Tegnieuse Mynbeleggings en SANLAM opgeneem is. Dié versterking van Fedmyn/GM se kapitaalbasis het die groep in staat gestel om 'n

²⁵⁹ SA:12/2/3: Effektetrusts, 1976-1984: *Die Transvaler*: 4/3/1978 (Dalk vyfde fonds vir Sanbes).

²⁶⁰ *Die Beeld*: 2/7/80, p.28 (Sanbes se fondse gee meer).

²⁶¹ *Die Volksblad*: 6/4/1979, p.19 (SANLAM se vyf vorder mooi).

²⁶² UC was in hierdie stadium 'n belangrike myn- en finansiële huis wat aansienlike goudbelange gehad het.

²⁶³ SA: Notules van die Direksievergaderings, 21/08/1974 & 17/09/1974.

²⁶⁴ SA: Notule van die Direksievergadering, 19/02/1975.

beherende belang van 50,1% in UC te bekom. Gevolglik het UC teen 26 Mei 1976 'n filiaal van GM geword.²⁶⁵

Twee jaar daarna, in 1978, het FVB besluit dat mynbou nie meer 'n beleggingsprioriteit vir die maatskappy was nie en het sy aandele in Fedmyn vir SANLAM aangebied. SANLAM het op 15 November 1978 FVB se belang in Fedmyn vir ongeveer R20 miljoen gekoop.²⁶⁶ Die oornome van UC deur Fedmyn/GM het beteken dat die Fedmyn-groep beheer oor agt nuwe goudmyne uitgeoefen, asook 'n verskeidenheid industriële belange verkry het. Met die byvoeging van hierdie nuwe belange tot die groep se bestaande belange in die mynbedryf van die land het Fedmyn/GM 'n dominante posisie ingeneem. Fedmyn het dus aandeelhouders se belange doeltreffend uitgebrei in 'n verskeidenheid sektore in die ekonomie.²⁶⁷

Na hierdie oornome van UC is Fedmyn se 63% belang in GM na 45% van die vergrote GM/UC groep verlaag. Daar is ook besluit dat Fedmyn voortaan sy beleggings net tot hierdie GM/UC groep sou beperk. Teen 1980 het die groep beleggings van R210 miljoen gehad bestaande uit goud en uraan (29%), platinum (9%), steenkool (6%), minerale (7%), nywerhede (29%) en ander diverse beleggings (20%). SANLAM se betrokkenheid by hierdie groep was hoofsaaklik gekonsentreer in Fedmyn terwyl sy totale bates in die groep R2 187 miljoen in 1980 was. Hierdie verhouding het aandeelhouders en die belange van SANLAM se polishouders dus doeltreffend uitgebrei in 'n verskeidenheid mynbelange.²⁶⁸

'n Ander maatskappy wat ook groot baat gevind het by SANLAM se ondersteuning was Sankor, die maatskappy wat Bonuskor se plek vanaf 1960 ingeneem het. Sankor het gou vertrouwe ingeboesem. Aan die einde van die eerste bedryfsjaar in 1961 is 'n dividend van 5,5% verklaar, terwyl die totale bates reeds R2 miljoen vir daardie jaar oorskry het. Die maatskappy het in die daaropvolgende jare sterk groei getoon en kon 'n netto wins van R129 000 in 1962 teenoor R327 300 in 1963 genereer. Groot aansoeke vir aandele is jaarliks deur SANLAM-polishouders tot Sankor gerig. In 1961 is byvoorbeeld R835 000, in 1963 meer as R1 miljoen en in 1967 meer as R11 miljoen in aansoekgelde ontvang. Die duidelikste teken van vinnige groei kan egter in die maatskappy se bates gevind word. In 1961 was die totale bates R11 miljoen. In 1965 het dit meer as R14 miljoen en in 1970 meer as

²⁶⁵ G Verhoef: "The history of Federale Mynbou beperk, Ongepubliseerde navorsingsverslag vir GENCOR," 1993, pp.171-172.

²⁶⁶ SA: Notule van die Direksievergadering, 15/11/1978.

²⁶⁷ SA: Vooritersrede van SANLAM, 1978, pp. 2-3.

²⁶⁸ SA: 6/1/6G: Gencor: Memorandum aan SANLAM direksie insake Federale mynbou, 19 Maart 1980, pp.2-5.

R16 miljoen beloop. Hierdie snelle toename in batewaarde het dieselde probleme as in Bonuskor veroorsaak. Dit het gelei tot 'n besluit van die Raad op 19 Augustus 1970 om Sankor se kapitaal in die volgende jaar af te sluit wat beteken het dat die maatskappy geen nuwe polishouerbonusse na die betrokke datum sou opneem nie. SANLAM het gevolglik aan sy polishouers wat nuwe beleggings in Sankor wou maak die opsie gegee om daardie fondse in SANLAMtrust of ander maatskappye wat SANLAM van tyd tot tyd sou aanwys, te belê.²⁶⁹ Sankor sou egter steeds voortgaan om die kapitaal te bestuur wat reeds in die maatskappy belê was.

SANLAM het ook ander filiale soos Sansom, Sanmed en sy teaterbelange (Sanso), gehad wat nie betrokke was by beleggings in aandele nie. Hulle doel was om spesifieke dienste te lewer wat bygedra het tot die ontwikkeling van daardie sektore.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Siekte- en Ongevalle Versekeringsmaatskappy (Sansom) is in 1957 gestig om SANLAM se bedrywighede in mediese versekering uit te brei. Sansom het 'n sukkelbestaan gehad weens lae premies en onvoldoende voordele. Die hoë risiko wat gepaard gegaan het met mediese versekering was ontoereikend gedek. Teen 1962 het Sansom meer as R10 miljoen uitbetaal terwyl dit eers in 1964 'n premie-inkomste van R51 469 kon genereer.²⁷⁰ Die beperkte wins wat opgebou is, was te danke aan SANLAM wat 'n gedeelte van die administrasiekoste van Sansom vanaf 1961 tot 1965 gedek het. SANLAM het ook fondse beskikbaar gestel vir verdere ontwikkeling van Sansom.²⁷¹ In 1965 het SANLAM 'n tweede maatskappy gestig om mediese versekering te lewer. Hierdie maatskappy het bekend gestaan as die Suid-Afrikaanse Nasionale Mediese Fonds (Sanmed). Die doel van Sanmed was om 'n versekering teen mediese uitgawes te bied aan persone of groepe wat daarvoor voorsiening wou maak.²⁷² Teen 1980 het Sanmed se lede tot meer as 50 000 aangegroei en kon die maatskappy sy administrasiekoste in toom hou. Dit was een van Sanmed se grootste struikelblokke sedert sy ontstaan maar met behulp van SANLAM, wat soms van hierdie administrasiekoste gedra het, kon Sanmed sy bedrywighede voortsit. Dit het bygedra tot 'n

²⁶⁹ SA: Notule van Direksievergadering, 19/08/1970.

²⁷⁰ SA:5/2/1:Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1962 en 1964.

²⁷¹ SA:5/2/1:Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1961-1964.

²⁷² SA:5/2/1:Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1965.

versterking in die maatskappy se reserwes wat teen 1980 op R6,5 miljoen gestaan het,²⁷³ terwyl dit diens aan meer as 150 000 individue van alle rassegroepe gelewer het.²⁷⁴

Teen die 1960's het SANLAM ook die film-en bioskoopbedryf betree om 'n bydrae tot die ontwikkeling en uitbreiding van hierdie "kultuursaak" te maak. Die maatskappy het aandeel in verskeie filmmaatskappye, soos Jamie Uys-filmproduksies (vanaf 1961) en Inrybelange (Edms) Beperk (vanaf 1962), verkry. Teen 1965 het SANLAM 'n beherende belang gehad. Dit het SANLAM in 'n posisie geplaas om hierdie maatskappye se name te verander na Kavalier-films (Jamie Uys-filmproduksies) en Ster Teaters (Inrybelange), terwyl aansienlike fondse beskikbaar gestel is vir die ontwikkeling daarvan. Ster Teaters is 'n voorbeeld van snelle ontwikkeling omdat die maatskappy slegs een gewone- en vier inrybioskope besit het voordat SANLAM die beherende aandeel kon verkry. Teen 1966 het dit egter gespog met 30 bioskope en het rolprente van baie onafhanklike vervaardigers versprei. Ster Teaters het verder verspreidingsregte van twee groot Amerikaanse rolprentmakers verkry en het effektief met buitelandse maatskappye, wat voorheen 'n monopolie op dié gebied gehad het, meegeeding.²⁷⁵

In 1969 is verdere ontwikkeling deur SANLAM in die Suid-Afrikaanse teater- en filmbedryf gemaak toe die maatskappy en die Schlesinger-organisasie in 'n gelyke vennootskap, gesamentlik die aandeel van die Suid-Afrikaanse vertakking van Twentieth Century Fox, verkry het. Die naam is gevolglik verander na Kinekor wat in daardie stadium 118 verskillende teaters besit het. In die daaropvolgende jaar is egter besluit om 'n beheermaatskappy vir Ster en Kinekor te stig, genaamd Satbel (Edms)Beperk. SANLAM het 68% van die aandeel en die Schlesinger-organisasie het 30% gehou. Dit het die Suid-Afrikaanse rolprentnywerheid stewiger onder plaaslike beheer geplaas met SANLAM as die middelpunt van hierdie ontwikkeling.²⁷⁶

SANLAM se kapitaalbydrae was dus van groot belang vir die ontwikkeling van 'n verskeidenheid bedrywe en sektore. Teen 1980 het SANLAM belange in meer as 200 verskillende maatskappye in Suid-Afrika gehad en beheer oor 9,4% van alle aandeel op die Johannesburgse Effektebeurs uitgeoefen.²⁷⁷ Dit het vir SANLAM (R4000 miljoen in bates)

²⁷³ SA:12/1/6: Mediese fondse/Sanmed: *Die Oggendblad*: 20/2/1980, p.27 (Sanmed bestee R17 miljoen).

²⁷⁴ SA:12/1/6: Mediese fondse/Sanmed: *Die Transvaler*: 20/2/1980, p.25 (Sanmed gee 93% terug).

²⁷⁵ *Tegniek*: Mei 1967, p.7 (SANLAM belê in rolprente en bioskope).

²⁷⁶ *Tegniek*: Mei 1970, p.1 (SANLAM het nou grootste belang in land se rolprentbedryf).

²⁷⁷ *The Star*: 10/08/1983, pp.1-2 (SA giants scramble for economic control).

die tweede grootste maatskappy, naas Anglo American, in Suid Afrika gemaak. In sommige maatskappye het SANLAM direkte beheer uitgeoefen, terwyl die maatskappy in ander slegs groot beleggings gemaak het. Dit het tot 'n diverse aandeleportefeulje in belang van polishouers se toetrede tot die Suid-Afrikaanse ekonomie bygedra. Hierdie diverse aandeelportefeulje het 'n netwerk van banke, die Federale Volksbelegging-groep, verskeie eenheidstrusts, die GM/UC-groep en ander beleggings in 'n groot verskeidenheid nywerhede bevat. Deur SANLAM se beleggings in verwante beleggingsmaatskappye soos Sankor, Mankor, FVB, Federale Nywerhede, Federale Beleggingskorporasie, Bonuskor, Federale Mynbou en Sentrale Aandeelhouding het die maatskappy ook 'n belangrike bydrae tot die verskaffing van risikokapitaal gelewer. SANLAM kon dus deur sulke beleggings ruimer toegang tot meer diverse beleggings in die onderskeie sektore verkry terwyl sy polishouers se belange toenemende beskerming geniet het. Hier volg 'n samevatting van SANLAM se belangrikste beleggings teen 1980en die betrokke sektore waarin hulle bedrywig was.

Tabel 7: Belangrikste Aandelebeleggings van SANLAM, 1983

Maatskappye deur SANLAM beheer en bestuur	
SANLAM Life Assurance	Louis Leipoldt Medical Centre
Multidate Service Organisation	Sanland Property Trust
NGF Unit Trusts	Sanmed Medical Scheme
Sanbes Holding Company	Sanso Property
SANLAM Eiendoms trust	Santamgroei Unit Trust
Bestuur Holding Company	SATS Unit Trust
SANLAMtrust Unit Trust	Trustgroei Unit Trust
Belangrikste verwante maatskappye alleen of in vennootskap met ander beheer, maar nie deur SANLAM bestuur nie.	
Bankorp Holding Company	Senbank banking
Metropolitan Homes Trust insurance	Satbel Recreation
Sanfa and Santrust Brokers	Trust Bank Banking
Santam Banking	WM Spilhaus Agricultural Equipment Dealer
Santamtrust Company	
Maatskappy waarin SANLAM 'n groot belang hou	
Assura Holding Company	Philips Electronics Television, Radio, Etc.
Federale Kunsmis	Santam Insurance
Fedfood Investment Co. in Fish and Food	Sentrachem Chemical Industry
Fedmech Holdings Agricultural Equipment	Sentrust Investment Co. in Mining
United Transport Passengers and Freight Services	Superocla Manufacture of Cement and Asbestos
FVB Industrial Financing Company	Telectra Furniture company
Gefco Asbestos Fibres	Trans Natal Holding Co. Coal Mines
General Mining Finance	Trek Investment Petroleum Products
FMB Mining Finance	Union Corporation Mine Financing

SA:12/2/1: Algemene Beleggings: *The Star*: 12/08/1983 (SANLAM – Vast symbol of the spectacular rise of Afrikaner capitalism).

Hierdie tabel wys slegs daardie maatskappye waarin SANLAM aansienlike direkte beleggings gemaak het. SANLAM het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die uitbreiding van bogenoemde maatskappye se kapitaalkragtigheid deur die verskaffing van risikokapitaal. Dit het daardie ondernemings in staat gestel om 'n bydrae tot die ontwikkeling van nog vele ander maatskappye te lewer. Hierdie uitkringende effek van direkte beleggings was van groot waarde omdat dit 'n belangrike rol in die volhoubare ontwikkeling van die land se ekonomie gespeel het. So het SANLAM homself aangepas by behoeftes van die Suid-Afrikaanse ekonomie, maar ook meegewerk tot die diversifikasie van polishouers se blootstelling aan sektore waarvan voorheen weggeskram is.

Die verspreiding van SANLAM se beleggings tussen 1960 en 1980 is merkwaardig gegewe die ekonomiese en politieke omgewing waarin dit plaasgevind het. Die ekonomiese omgewing gedurende die vroeë 1960's het die vraag na risiko-kapitaal dramaties verhoog. Dit was veral die beleggings in die mynbedryf wat meeste opspraak verwek het. SANLAM was 'n Suid-Afrikaanse maatskappy en het hom opreg oor die wisselvalligheid van beleggingsvloei bekommer. Onder omstandighede van politieke onstabieliteit is beleggings onttrek of weerhou maar SANLAM het probeer om daardie onstabieliteit teen te werk. Dit is hoofsaaklik gedoen deur die voortgesette beleggings in groeisektore van die ekonomie.

4.5 Beleggingsoorsig, 1960-1980

Van die belangrikste veranderinge wat egter tussen 1960 en 1980 by SANLAM voorgekom het, was in die tradisionele manier waarop die maatskappy besigheid gedoen het. SANLAM het ná 1960 toenemend aandag begin gee aan samewerking tussen Afrikaanse maatskappye met ander nie-Afrikaanse ondernemings en kliënte in 'n poging om die hele Suid-Afrikaanse ekonomie uit plaaslike middele te help. SANLAM het besef dat die Afrikaner se lot met dié van ander bevolkinggroepe in die land verweef is en het samewerking aangemoedig sodat die hele land as 'n eenheid tot die ekonomie kon bydra. Kapitaalvoorsiening aan die ABM is egter steeds as belangrik beskou, maar die poging om die lot van alle Suid-Afrikaners te verbeter, het toenemend op die voorgrond getree.

Voor 1960 het SANLAM tot 'n groot mate sy beleggingsaktiwiteite tot die Afrikaner-deel van die bevolking beperk. Sedert sy eerste stap tot die verskaffing van risikokapitaal in 1935, is aandele primêr in Afrikaner-beheerde ondernemings in die handel-, nywerheid- en later die mynbousektor, asook die finansiewese opgeneem. Dit het die aandeel van die Afrikaner in daardie sektore vanaf 1938 tot 1950, volgens M.S. Louw soos volg laat toeneem:

handelsektor vanaf 8% tot 25%, fabriekswese vanaf 5% tot 6%, finansiewese vanaf 3% tot 6% en mynbou vanaf 1% tot 5%.²⁷⁸ Ander statistieke toon dat die Afrikaners se aandeel tot hierdie sektore soos volg verder tussen 1954 en 1975 verbeter het: handelsektor vanaf 16% tot 26%, fabriekswese vanaf 6% tot 15%, finansiewese vanaf 10% tot 25% en mynbou vanaf 5% tot 18%.²⁷⁹ Dit is 'n bewys dat SANLAM se bydrae tot daardie sektore nie net die ontwikkeling daarvan beïnvloed het nie, maar dat dit ook tot 'n verhoogde aandeel van die Afrikaners se belange bygedra het. Dit is verder interessant om op te merk dat die aansienlike toename van die Afrikaner se rol in die mynbou- en finansiële sektor ná 1950 in verhouding is met SANLAM se toename in beleggings tot daardie sektore.²⁸⁰

Daar kan verder gearchiver word dat die ekonomiese omgewing van die vroeë 1960's SANLAM oortuig het om sy beleggingsaktiwiteite ook na die nie-Afrikaner deel van die bevolking uit te brei. Dit het gelei tot samewerking en verskeie transaksies tussen SANLAM en ander maatskappye wat nie deur Afrikaners beheer is nie. Die doel van SANLAM was eenvoudig volhoubare ontwikkeling van die hele land. Die beperkende fokus op Afrikanerbelange wat voorheen geheers het, was nie meer prakties nie gegewe die ekonomiese druk wat op Suid Afrika uitgeoefen is. Hierdie druk het alle sektore van die ekonomie geaffekteer en dit was duidelik dat daar 'n inter-afhanklikheid tussen alle bevolkingsgroepe was. SANLAM het gevolglik sy dienste, tegniese ervaring en kapitaal beskikbaar gestel aan enige Suid-Afrikaanse maatskappy wat dit benodig het en aan SANLAM se finansiële vereistes voldoen het. SANLAM kon op hierdie wyse dus tot die “ver-Suid-Afrikanisering” van die Suid-Afrikaanse ekonomie bydra.

Verskeie maatskappye het by hierdie ondersteuning baat gevind en hul lewensvatbaarheid in die nasionale belang verhoog. Hierdie uitbreiding het gelei tot die verskaffing van talle werksgeleenthede en het ook bygedra tot die groot ekonomiese vooruitgang wat die land tussen 1960 en 1980 beleef het. Die nasionale inkome het gevolglik vanaf R4 160 miljoen teen 1961 tot meer as R50 000 miljoen teen 1980 aangegroei wat 'n persentasievermeerdering van 91,68% is. Hiervan is 22,2% deur nywerhede, 17,9% deur mynbou en 23,9% deur die finansiële- en handelsektor bygedra.²⁸¹

²⁷⁸ SA: 8: MS Louw: “Die opkoms van die Afrikaner op ekonomiese gebied, Toespraak gelewer aan die kultuurvereniging,” 1950, p.10.

²⁷⁹ J.L. Sadie: *The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy*, p.28.

²⁸⁰ *Ibid.*, p.28.

²⁸¹ S. Jones & A. Müller: *The South African economy, 1910-1990*, p.231.

Wat nog meer interessant is, is die feit dat Suid-Afrika tussen 1887 en 1934 nog tot 'n groot mate staat gemaak het op buitelandse kapitaal om sy plaaslike ekonomie te ontwikkel. So byvoorbeeld het die goudbedryf gedurende hierdie tydperk R200 miljoen vir ontwikkeling geabsorbeer waarvan meer as R66,7 miljoen vanaf buitelandse akteurs gekom het. Hierdie tendens het die Suid-Afrikaanse aandeel tot hierdie ontwikkeling op R133,3 miljoen te staan gebring waarvan die Afrikaners slegs 1% teen 1934 kon bydra. Soos verdere ontwikkeling van die ekonomie in die daaropvolgende jare aangegroei het, so ook het die afhanklikheid aan buitelandse kapitaal afgeneem. Tussen 1966 en 1975 is bepaal dat die Suid-Afrikaanse ekonomie ongeveer R21 000 miljoen gebruik het vir verdere ontwikkeling waarvan 40% van persoonlike besparing vanaf die publiek, 24% van maatskappy winste, 20% van belasting en slegs 17% van buitelandse beleggers gekom het.²⁸²

Hieruit is dit duidelik dat die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrikaners teen 1975 tot 'n groter mate uit eie middele gefinansier is. Wat nog meer opvallend is, is die aansienlike persentasie persoonlike besparing wat deur finansiële instellings soos SANLAM en ander gemobiliseer en verder deur die plaaslike ekonomie versprei is. Sodoende kon SANLAM deur die aanwending van die fondse tot sy beskikking, sy polishouers en Suid-Afrikaners in die breër verband, se aandeel in die ekonomie help uitbrei (ver-Suid-Afrikanisering).

²⁸² J. Nattrass: *The South African economy: Its growth and change*, pp.84-85.

Hoofstuk 5

SANLAM se eiendoms-, polishouer-, buitelandse- en ander beleggings

In hierdie hoofstuk word SANLAM se beleggings in vaste eiendom, polislenings, kontant op deposito's en buitelandse bates ondersoek as beleggingsinstrumente wat tot die ekonomiese opheffing en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse bevolking bygedra het. Hierdie beleggings het nie so 'n fundamentele rol gespeel in die regstreekse verhoging van die bevolking se deelname in die ekonomie soos SANLAM se aandeleportefeulje nie, maar het wel polishouers se belange bevorder. Die belangrikste bydrae van hierdie poste was die ontwikkeling van goeie batestrukture waardeur Suid-Afrikaners hul sosio-ekonomiese posisie kon versterk (eiendomme en lenings) en die skep van groter beleggingsgeleenthede vir die maatskappyfondse (buitelandse beleggings).

Hierdie hoofstuk ondersoek SANLAM se beleggings in eiendomme op 'n drieledige manier. Eerstens het die maatskappy se eiendomsportefeulje huisvesting aan baie persone en besighede gebied. Hier word spesifiek gekyk na SANLAM se na-oorlogse bouprogram (sedert 1949) en die huurkoopskema (sedert 1959). Tweedens het die eiendomsportefeulje 'n belangrike bydrae gelewer tot stad- en dorpsontwikkeling. Hier word veral gekyk na die ontwikkeling van winkelsentrums en woonstelkomplekse wat die huisvestingsprobleem (huisvesting van besighede en kantore) aangespreek en geleenthede vir ontwikkeling aan plaaslike besighede gebied het. Laastens word daar gekyk na die eiendomsportefeulje waardeur SANLAM inkomste kon genereer. Hierdie beleggings het bygedra tot die verstewiging van die kapitaalvermoë van die maatskappy. Daarna word die nuwe ruimte vir beleggings ondersoek wat geskep is deur SANLAM se buitelandse beleggings in gebiede soos Rhodesië (tans Zimbabwe) en Zambië. Ondersoek word gedoen na die verskillende bates waarin belê is en watter faktore hierdie soort belegging beïnvloed het.

5.1 Die uitbreiding van SANLAM se eiendomsportefeulje sedert 1940

SANLAM het uit die staanspoor die belangrikheid van beleggings in vaste eiendom onderskryf. Die maatskappy was vroeg juis bewus van die kapitaaluitbreiding wat dit tot gevolg kon hê en hoe dit die maatskappy se dienslewering kon bevorder. Dit is waarom die maatskappy teen 1940 meer as 20% van sy totale beleggingsfondse in eiendomsbeleggings aangewend het. Voor 1940 het SANLAM se eiendomsportefeulje hoofsaaklik uit 'n aantal geboue, plase en onontwikkelde grond bestaan. Die geboue is hoofsaaklik vir die huisvesting

van eie amptenare gebruik. Later het die eiendomme huurinkomste vir die maatskappy gegeneer. Die grootste ontwikkeling in vaste eiendom sou egter in die jare ná 1940 begin weens die snelle groei in die maatskappy se kapitaalvermoë en nuwe strategieë vir eiendomsbeleggings.

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n direkte impak op SANLAM se eiendomsbeleggings gehad. SANLAM het gedurende die oorlog minder spandeer op bestaande beleggings omdat die maatskappy aktief besig was om reserwes op te bou en veranderinge aan die beleggingsbeleid te ondersoek. Vir SANLAM het dit beteken dat beleggings in verbande en vaste eiendomme (waarin voorheen op grootskaal belê is), nie meer dieselfde aandag sou geniet nie. Dit het gelei tot 'n formele besluit in 1943 om die beleggingsbeleid te hersien sodat meer aandag aan risiko-belegging in nywerhede en ander maatskappye gegee kon word.²⁸³ 'n Vermindering in die jaarlikse persentasie beleggingsfondse wat na die eiendomsportefeulje geallokeer is, het reeds in die vroeë 1940's begin. In 1940 byvoorbeeld, was ongeveer 25% van beskikbare beleggingsfondse vir diskresionêre beleggings in vaste eiendomme aangewend, terwyl dit teen 1945 minder as 10% was. Beleggings is geleidelik uit vaste eiendom verplaas. SANLAM het gedurende hierdie tydperk egter voortgegaan om nuwe persele te koop en geboue in Pretoria, Cradock en Calvinia op te rig.²⁸⁴

Terwyl grondaankope om verskillende redes gedoen is, byvoorbeeld vir die uitbreiding van kantoorspasie en die opbou van huurinkomste, het die keuringsproses van watter eiendom of gebou aangekoop moes word, gespesialiseer geword. 'n Belangrike beleidsraamwerk is gedurende 1944 bespreek. Toe grondaankope in 1944 in Ermelo oorweeg is, het C.R. Louw 'n dokument ter tafel gelê waarin belangrike riglyne vir die koop van grond uiteengesit is. Die volgende was belangrike oorwegings: a) die ekonomiese groeipotensiaal van die streek, b) die stand van ekonomiese aktiwiteit, byvoorbeeld hoe suksesvol die landbou was, c) vervoerinfrastruktuur en d) die waarde van die stuk grond.²⁸⁵ Hierdie voorstel van C.R. Louw het die sogenaamde LVPB- raamwerk²⁸⁶ gevolg, naamlik 'ligging', 'volume besigheid', 'prys' en 'belang bevordering'. Dit beteken dat die voorstel gebaseer is op faktore soos die betrokke ligging van die eiendom om vervoer na en weg van die gebied te vergemaklik (L),

²⁸³ SA: Notule van die Direksievergadering, 21/04/1943.

²⁸⁴ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersredes van SANLAM, 1940, 1941.

²⁸⁵ SA: Notule van die Direksievergadering, 22/03/1944.

²⁸⁶ Die LVPB-raamwerk is self ontwikkel om 'n spesifieke patroon (die deurslaggewende kriteria vas te stel) vir die aankoop van geboue of persele te identifiseer.

die volume besigheid in die spesifieke gebied (V), die prys van die belegging (P), asook die mate waarop dit die belange van die maatskappy kon bevorder (B). Dit het die deurslaggewende kriteria vir die aankoop van eiendomme geword.

'n Ander faktor wat ook die uitbreiding van SANLAM se eiendomsportefeulje positief beïnvloed het, was die gesonde finansiële posisie waarin die maatskappy sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog was. Die beskermingsmaatreëls wat versekeringsmaatskappye gedurende die oorlog gevolg het, het veroorsaak dat hulle groot reserwes kon opbou. Hierdie reserwes is gevolglik gebruik om 'n aansienlike hupstoot aan bestaande beleggings te gee. In die geval van SANLAM het risiko-belegging meer van die beskikbare fondse begin kry, maar kapitaal vir die uitbreiding van eiendomsbeleggings was steeds 'n belangrike prioriteit. Dit het SANLAM se na-oorlogse bouprogram ontwikkel.

Hierdie na-oorlogse bouprogram het vir vyf jaar voortgeduur. Die doel van die program was om nuwe persele en geboue aan te koop of bestaande geboue te vergroot om in SANLAM se behoefte aan groter ruimte te voorsien. Teen 1949 het SANLAM 'n groot tekort aan kantoorruimte by die hoofkantoor in Kaapstad ondervind. Uitbreiding vir 'n nuwe hoofkantoor het gelei tot die aankoop van 'n perseel in Bellville. Nuwe planne het gou gevolg vir kantoorruimte in stede soos Johannesburg, Pretoria, Port-Elizabeth en Salisbury. Naas hierdie geboue het SANLAM ook geboue in sowat twintig ander dorpe en stede beplan op persele wat reeds gedurende 1949 aangekoop is.²⁸⁷

As deel van die uitgebreide bouprogram het SANLAM ook ander geboue in gebiede soos Johannesburg, George, Kimberley en Worcester gedurende 1950 opgerig. Die bestuur was van mening dat die beleggings in stedelike geboue verskillende doelwitte vir die maatskappy verwesenlik het. In die eerste plek het SANLAM se takkantore en distrikskantore geriefliker en meer doeltreffende huisvesting gebied, terwyl die beleggings 'n doeltreffende teenvoeter vir inflasie was.²⁸⁸ In 1954 het hierdie bouprogram tot 'n einde gekom met die voltooiing van al vyf groot geboue wat die maatskappy beoog het om op te rig. Hierdie geboue was die hoofkantoor in Bellville, die 14-verdieping gebou in Durban, die gebou in Pretoria, asook twee ander groot geboue in Johannesburg en Kimberley. Daarna het SANLAM op kleiner skaal voortgegaan om geboue in plattelandse dorpe op te rig en persele in gebiede soos Stellenbosch, Strand en Parow aangekoop vir toekomstige huisvesting. Volgens die voorsitter

²⁸⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1949, pp.1-4.

²⁸⁸ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1950, pp.1-3.

het beleggings in geboue 'n baie veilige en rentedraende beleggingsveld vir 'n gedeelte van die maatskappy se fondse gebied, terwyl dit bygedra het tot die ontwikkeling van die verskeie gebiede.²⁸⁹

5.1.1 Die terugverhuringkema en die ontwikkeling van behuising

'n Ander belangrike projek wat ook 'n groot bydrae gelewer het tot die uitbreiding van SANLAM se eiendomsportefeulje gedurende 1959 was die terugverhuringkema. Dit was 'n betreklike nuwe konsep in Suid-Afrika en SANLAM was een van die baanbrekers van dié program.²⁹⁰ In 1959 is besluit om nuwe en meer omvattende beleggings in geboue te onderneem. 'n Bedrag van R10 000 is gemagtig vir die koste van 'n navorsingsprojek deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut oor die beplanning en konstruksie van gekombineerde bank-, winkel- en kantoorgeboue.²⁹¹ Die skema het van die standpunt uitgegaan dat gevestigde maatskappye, veral dié in handel- en nywerheid, wat hul eie eiendom besit, daardie eiendom teen sekere voorwaardes aan 'n sterk finansiële maatskappy kan verkoop. Die maatskappye wat die eiendom verkoop, het dan die keuse om 'n langtermynhuurkontrak met die koper aan te gaan sodat die verkoper steeds kan aanbly as 'n huurder. 'n Ander opsie was dat die koper van die eiendom dit verder kon ontwikkel uit eie finansiële bronne. Na die voltooiing van die gebou kon dit weer teruggehuur word aan die oorspronklike eienaar wat nie sy eie kapitaal hoef te gebruik het vir die ontwikkeling van daardie eiendom nie.²⁹²

Van die eerste terugverhuringkemas wat SANLAM gesluit het, was met Uniewinkels, Bpk en Norman Anstey, Bpk in 1959. SANLAM het eiendomme van albei maatskappye in Johannesburg en Pretoria gekoop met die oog om dit aan daardie maatskappye terug te verhuur. In Pretoria het SANLAM die Kerkstraat-eiendom van Uniewinkels gekoop en 'n ses-verdieping gebou, volgens Uniewinkel se spesifikasies, opgerig en aan die bestaande gebou gekoppel om die hele eiendom terug aan Uniewinkels te verhuur. In Johannesburg, weer, is die "Anchor-Mansions" en Anstey-gebou vanaf Norman Anstey gekoop en terugverhuur vir 'n tydperk van 25 jaar.²⁹³ Hier het SANLAM 'n stap verder gegaan en 'n eiendomsfiliaal, naamlik Sanoran-Gebou (Edms)Bpk gestig.²⁹⁴ Bernstein het juis bevind dat

²⁸⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1954, pp.1-4.

²⁹⁰ *Tegniek*: Oktober 1958, p.8 (Nuwe soort SANLAM-beleggings).

²⁹¹ SA: Notule van die Direksievergadering: 20/05/1959.

²⁹² SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1959, pp.1-3.

²⁹³ *Ibid.*, pp.1-3.

²⁹⁴ SA: Notule van die Direksievergadering, 2/09/1959.

leuensversekerings-maatskappye met groot eiendomsportefeuljes gewoonlik filiaal-maatskappye stig om van hul eiendomme te besit. “These subsidiaries can claim the costs of maintaining the property as an expense to be offset against rental income whereas a life office is taxed on gross rental income and cannot offset such expenses.”²⁹⁵

Teen 1980 het SANLAM se eiendomportefeulje soos volg daar uitgesien: Totale belegging in Vaste Eiendomme (Markwaardes) – R524 900 miljoen wat bestaan uit:

Grond en Geboue:	R149,9 miljoen;
Lenings aan- en aandele in filiaal eiendomsmaatskappye:	R358,9 miljoen;
Lenings aan en aandele in geassosieerde eiendomsmaatskappye:	R 1,3 miljoen;
Eiendomstrusts:	R 14,8 miljoen. ²⁹⁶

Dit dui op ’n aansienlike toename in die stigting van kleiner geboufiliale om te help met die bestuur van SANLAM se eiendomsportefeulje nadat die terugverhuringskema in 1959 geloods is.

Sedert 1960 is talle terugverhuringskontrakte met ander maatskappye gesluit waar SANLAM ook in sommige gevalle geboufiliale gestig het. Enkele voorbeelde sluit in die eiendomme van Hugh Parker waar ’n geboufiliaal, genaamd Kempstraat PE (Edms) Bpk gestig is. Hier het SANLAM ’n lening aan Kempstraat toegestaan wat die filiaal in staat gestel het om die betrokke eiendomme te koop en te ontwikkel. Die maatskappy het ook SANLAM se huurkontrakte in Port-Elizabeth oorgeneem en dit self bestuur.²⁹⁷

’n Ander belangrike voorbeeld is dié van IL Back Properties omdat dit die aard van sulke huurkontrakte toelig. Gedurende 1971 het SANLAM ’n suksesvolle ooreenkoms met IL Back gesluit om sy eiendomme te koop. Daarna het SANLAM die boukoste gefinansier tot op ’n bedrag van R5 miljoen en ’n terug-verhurings-ooreenkoms met die maatskappy gesluit teen ’n minimum netto huur van 10,5% op die volle kapitaaluitleg en 3,5% huur per jaar vir twintig jaar met twee opsies om die kontrak te hernu vir tydperke van vyfjaar elk daarna.²⁹⁸

Hieruit kan dus duidelik gesien word dat die soort transaksies voordele vir beide die koper en die verkoper van die betrokke eiendomme ingehou het. Deur middel van hierdie transaksies kry die ondernemings wat hul eiendomme prysgee kapitaal wat gebruik kan word om hul

²⁹⁵ M. Bernstein: *The Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives*, pp.87-88.

²⁹⁶ SA: Ontleding van finansiële state: “Inhoudsopgawe van bylae tot die finansiële state,” 30/09/1980.

²⁹⁷ SA: Notule van die Direksievergadering, 20/01/1960.

²⁹⁸ SA: Notule van die Direksievergadering, 21/04/1971.

winsbasis te verstewig en sodoende kan hulle hul onderskeie besighede uitbrei. Hierdie was die eerste sodanige eiendomstrategie van sy soort vir langtermynversekeraars in Suid-Afrika. Vir 'n besigheid soos SANLAM was hierdie soort belegging aantreklik omdat dit 'n goeie huurinkomste oor 'n lang periode gegenerer het sonder die probleme wat soms gepaard gegaan het met die administrasie van vaste eiendomme en die verhuring daarvan aan verskillende huurders.²⁹⁹

'n Verdere belangrike aspek van SANLAM se eiendomsportefeulje is dat dit voorsiening gemaak het vir die ontwikkeling van woonsteenhede, stedelike behuising, groot winkelsentrums en dorpsgebiedontwikkeling. Dit het 'n belangrike bydrae gelewer tot die oplossing van behuisingstekorte, asook die ontwikkeling van winkelruimtes vir die kleinhandelaars. SANLAM se huiskoopskema het alreeds so vroeg as 1942 begin met die verkoop van die maatskappy se laaste paar plaaseiendomme. Die huiskoopskema was beplan vir persone wat nie oor die nodige fondse beskik het om huise in die stedelike en voorstedelike gebiede te bekom nie. SANLAM het aangebied om hierdie kopers te help mits hulle wel 'n redelike persentasie van die koopprys self sou kon bybring. Die skema was egter nie onbuigbaar nie en kon by die besondere behoeftes van die koper aangepas word. Die skuld kon op 'n maandelikse of kwartaallikse basis betaal word terwyl die rentekoerse beïnvloed is deur die aard van die betrokke sekuriteit.³⁰⁰ In sommige gevalle het SANLAM selfs verder gegaan en met sy eie kapitaal woonhuise vir sy personeel aangekoop. 'n Voorbeeld hiervan was toe SANLAM in 1957 twee woonhuise gekoop het vir sy takbestuurders in Pretoria en Luanshya vir R15 000 en R17 000, onderskeidelik.³⁰¹

Die ontwikkeling van dorpsgebiede het gedurende die 1970's 'n belangrike deel van SANLAM se eiendomsportefeulje geword. Die oogmerk van hierdie ontwikkeling is goed geïllustreer in die ontwikkeling van San Lameer in 1976. San Lameer was 'n gebied aan die Suid-kus van Natal wat eers bekend gestaan het as Impenjati. Hierdie gebied was ryk aan natuurskoon en daar is beoog om slegs 40% van die grond vir ontwikkeling te gebruik.³⁰²

SANLAM se betrokkenheid by dorpsgebiedontwikkeling was drieledig: direkte betrokkenheid, indirekte betrokkenheid en betrokkenheid in die vorm van skuldbriewe,

²⁹⁹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1959, p.1-3.

³⁰⁰ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1942, p.2.

³⁰¹ SA: Notule van die Direksievergadering, 13/07/1957.

³⁰² SA: 3/2/2: Gebou/dorpsgebiede: "Nuwe dorp aan Natalse Suidkus," 27/08/1976. p.1.

lenings en verbande. San Lameer en die plaas Paternoster is voorbeelde van direkte betrokkenheid. SANLAM het met sy eie kapitaal eiendom aangekoop met die doel om dit te ontwikkel tot dorpsgebiede. Indirekte betrokkenheid het voorgekom waar SANLAM 'n belang in ander instansies verkry het wat op hulle beurt weer betrokke by dorpsontwikkeling was. In 1975 het SANLAM byvoorbeeld 'n 31%-belang in Santam gehou wat weer 'n 26%-belang in die dorpsontwikkelaar Mondorp gehad het. Laastens het SANLAM lenings, skuldbriewe en verbandlenings toegestaan aan verskeie maatskappye wat betrokke was by dorpsontwikkeling. Teen 1975 was van die vernaamste maatskappye in hierdie opsig, die Trump-groep, waaraan R20 miljoen in lenings toegestaan is. Meer as R10 miljoen is gehou in verbande oor eiendomme wat deur die groep besit is. SANLAM het 'n lening van R5,5 miljoen aan Master Development beskikbaar gestel en teen 1975 ook 10% skuldbriewe ter waarde van R160 000 in hierdie maatskappy gehou.³⁰³

Sedert 1960 het SANLAM baie meer aandag aan die ontwikkeling van winkelsentrums en woonstelblokke begin skenk. Dit het gelei tot die ontwikkeling van streekswinkelsentrums in Parow (SANLAMsentrum), Kaapstad (die Goue Akker-kompleks), Pretoria (SANLAMsentrum), en Johannesburg (SANLAMsentrum), terwyl groot woonstelblokke in plekke soos Pretoria (SANLAM-park) en Vereeniging (Tugela) opgerig is tussen 1960 en 1980.³⁰⁴ Hierdie beleggings het nie net gehelp om die tekorte in besigheidpersele te verlig nie, maar het ook geleenthede aan kleiner ondernemings gebied om hul besighede in gebiede met hoë bevolkingsdigtheid te vestig, byvoorbeeld in en rondom die groot dorpe en stede. Dit het dit makliker gemaak vir daardie besighede om die omliggende gemeenskap vanuit 'n strategiese ligging te bedien.

Die vernaamste faktor waarmee SANLAM egter moes rekening hou wanneer die maatskappy beleggings in wooneenhede gemaak het, was die uitwerking van huurbeheer en die gepaardgaande risiko vir beleggers. Huurbeheer was owerheidsbeleid om huur te reguleer. Dit het eienaars van wooneenhede beperk om buitensporige huur te hef deur die vasstelling van 'n vaste rentekoers waarteen huur bepaal is. Vir beleggers was hierdie beleid gewoonlik beperkend, omdat dit 'n plafon op wins plaas terwyl daar nie doeltreffend rekenskap gehou is met die potensiële risiko in wooneenhede nie. Hierdie risiko het faktore soos die beskadiging

³⁰³ SA: 3/2/2: Gebou/dorpsgebiede: P Steyn: "Memorandum insake dorpsgebied-ontwikkeling," 8/12/1976, pp.1-3.

³⁰⁴ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1960-1980.

van eiendomme, huurverlies as gevolg van die verwisseling van huurders en stygende koste ingesluit. A.D. Wassenaar, SANLAM se voorsitter in daardie stadium, was van mening dat huurbeheer nie die oplossing vir volhoubare ontwikkeling in hierdie verband was nie omdat dit maatskappy ontmoedig het om 'n bydrae tot die oplossing van die woningnood te lewer. Dit beteken dat die aanbod van wooneenhede groter moes wees as die vraag daarna. Dit sou help om die huurprys van wooneenhede binne redelike perke te hou terwyl beleggers die vryheid kon hê om te strew na die beste moontlike wins.

Hoewel bogenoemde beleid stremmend op SANLAM se eiendomsportefeulje was, het die maatskappy steeds baie in eiendom belê. Die volgende tabel illustreer die verhouding tussen besteding aan vaste eiendomme, die verandering oor tyd en hoe hierdie belegging bygedra het tot SANLAM se winste sedert die 1940's.

Tabel 8: SANLAM se vaste eiendom beleggingsportefeulje, 1940 tot 1980

Tydperk	Totale eiendom belegging in R'000	Huurinkomste, rente en dividende in R'000	% verteenwoordiging van totale diskresionêre fonds.
1940	775	300	17,9
1950	2 620	1 510	10,7
1960	23 800	8 100	22,6
1970	75 841	29 095	24,6
1980	438 000	150 000	28,9

SA: 5/2/1: Jaarstate en Vergaderings: Rekening van inkomste en uitgawe, asook balansstate, 1940-1980.

Bostaande tabel toon duidelik dat die totale kapitaal belê en die totale persentasie diskresionêre fondse wat aan die eiendomsportefeulje van hierdie belegging bestee is stelselmatig toegeneem het, veral sedert die 1950's. Hierdie stelselmatige toename moet gesien word teen die agtergrond van SANLAM se strategie tussen 1940 en 1980. Eerstens was die groei in beleggings (die waarde) tussen 1940 en 1950 nie baie groot nie. Dit het selfs 'n afname van 17,9% na 10,7% getoon. Dit is toegeskryf aan die invloed van die Tweede Wêreldoorlog en die gepaardgaande verskuiwing in beleggingbeleid na meer riskante beleggings. Beleggings in vaste eiendomme was gedurende hierdie fase nie 'n hoë prioriteit nie, maar het tussen 1950 en 1960 egter verander weens die invloed van die na-oorlogse bouprogram. SANLAM het R4 miljoen in eiendomsontwikkeling belê, wat 'n aansienlike vermeerdering in die beleggingsbedrag teweeggebring het. Eiendomsbeleggings het vanaf R2,6 miljoen tot R23,8 miljoen toegeneem gedurende hierdie tydperk. Die program is ontwikkel om te voorsien in SANLAM se groeiende behoefte aan kantoorruimte, terwyl dit ook op 'n grootskaal nuwe persele en geboue gekoop en ontwikkel het. Tussen 1960 en 1970

het die maatskappy se eiendomsportefeulje vanaf R23,8 miljoen na R75,8 miljoen vergroot. Hierdie toename is beïnvloed deur die maatskappy se terugverhuringskema.

In die proses het SANLAM ook eiendomsfiliale gestig wat gehelp het om sy groeiende eiendomsportefeulje te bestuur. Die grootste toename in die beleggingsbedrag tussen 1970 (R75,8 miljoen) en 1980 (R438 miljoen) is beïnvloed deur die ontwikkeling van SANLAM se woonstelkomplekse en groot winkelsentrums soos die SANLAM sentra in die vernaamste dorpe en stede.³⁰⁵

Dit is dus duidelik dat SANLAM se eiendomsportefeulje bygedra het tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van veral die land se blanke bevolking. Een van die redes vir daardie tendens was die impak wat residensiële apartheid tot die laat 1990's op die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het. Hier is ontwikkeling in blanke woongebiede deur die regering aangemoedig en maatskappye het gevolglik in daardie sektore belê. Dit het bygedra tot die verdere ontwikkeling van behuising en kantoorspasie vir persone en besighede, terwyl dit maatskappye gehelp het om hul winsplafon deur middel van terugverhuringskemas en huurinkomste, verder te verhoog. Vir SANLAM was sulke beleggings ook van groot waarde omdat dit nie net bygedra het tot 'n verdere toename in die maatskappy se kapitaalkragtigheid nie, maar ook tot die ontwikkeling van stedelike eiendom waarin ander hul bedrywighede verder kon voortsit en uitbrei.

5.2 Ander belangrike beleggings

Ander beleggings wat ook teen 1980 'n belangrike rol in die bevordering van SANLAM se polishouerbelange gespeel het, was rentedraende bates soos lenings aan polishouers, verbande en ander lenings en kontant op deposito's. Dit het nie 'n direkte bydrae gelewer tot die bevordering van die Afrikaners en Suid-Afrikaners se aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie, maar die uitkringende effek van hierdie beleggings was tog van kardinale belang vir SANLAM se volgehoue kapitaaluitbreiding. Dit het nie net gesorg vir gereelde rente-opbrengste nie, maar het ook bepaalde funksies verrig (wat hieronder uitgelig word). Die bydrae tot die kapitaaluitbreiding het dit vir SANLAM moontlik gemaak om jaarliks meer fondse op risikobeleggings te plaas, terwyl daardie rentedraende bates kapitaal vir

³⁰⁵ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Jaarverslae en Inkomstestate van SANLAM, 1970 en 1980.

winsgewende aanwending aangevul het. Die volgende tabel bied 'n oogopslag van hoe daardie beleggings gevaar het.

Tabel 9: Struktuur van SANLAM se diskresionêre beleggings, 1922 – 1980 (R')³⁰⁶

Tydperk	Totaal	Vaste eiendom	Lenings aan Polishouers	Verbande	Ander lenings en Kontant op deposito's	Verskeie Beleggingsinstrumente		
						Gewone Aandele	Voorkeur aandele	Skuldbriewe
1922	50 000	0	-	50 000	-	0	0	0
1925	166 000	36 000	-	130 000	-	0	0	0
1935	2 164 000	448 000	-	1 404 000	-	312 000	0	0
1940	3 753 000	774 000	-	2 486 000	-	268 000	29,000	196 000
1950	21 020 000	2 640 000	-	11 620 000	-	2 238 000	2,440,000	2 082 000
1955	51 400 000	9 800 000	-	27 000 000	-	5 400 000	3,000,000	6 200 000
1960	89 800 000	23 800 000	-	42 000 000	-	16 800 000	2,600,000	4 600 000
1965	194 604 000	38 082 000	18,220,000	54 514 000	10,700,000	61 120 000	1,958,000	10 010 000
						Aandele (insluitend beleggings in filiaal- en geassosieerde eiendomsmaatskappye		
1970	308 240 000	75 841 000	28 631 000	52 998 000	27,900,000	99 712 000		23 158 000
1975	643 728 000	188 467 000	39 03 ,000	51 680 000	102,200,000	213 796 000		48, 47 000
1980	1 517 074 000	438 000 000	58 802 000	54 594 000	425,862,000	457 975 000		81 841 000

SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Jaarverslae en Inkomstestate van SANLAM, 1922-1980.

Verbandlenings was teen 1940 SANLAM se grootste diskresionêre bate/belegging (vgl. hoofstuk 2) as gevolg van die betrokke diskresionêre beleggingsbeleid wat gefokus het op lae risiko beleggings. Soos wat die nuwe beleggingstrategie egter sedert die 1940's deur SANLAM aanvaar is om die maatskappy in 'n meer riskante beleggingsrigting te stuur, so ook het die dominante posisie van verbande geleidelik begin afneem. Teen 1960 het verbandlenings 26,5% beloop van die totale persentasie fondse belê in diskresionêre beleggings. Dit het afgeneem tot 17,2% in 1970 en 3,6% bereik teen 1980, volgens bostaande tabel. Verbande toegestaan het die nodige kapitaal beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van persoonlike eiendomme soos huise en plase, asook mense gehelp om gemeenskapsgeboue soos kerke en universiteitsgeboue op te rig. Voorbeelde van sulke transaksies word regdeur SANLAM se direksienotules gevind. Die eerste verbandlening op 'n vaste eiendom is aan ene mnr. Du Buisson in 1922 vir 'n bedrag van R1 300 toegestaan.³⁰⁷

Teen 1950 het beleggings in die vorm van lenings aan polishouers begin toeneem. Voor 1945 is nie juis veel aandag daaraan geskenk nie. Die rede daarvoor is omdat hierdie bate tot 1965 deel van SANLAM se voorgeskrewe beleggingsportefeulje was. Die portefeulje het tot in

³⁰⁶ Die gapings by 'polislenings' en 'kontant op deposito's' is in verhouding met die wysiging van die versekeringswet van 1943 wat dit teen 1965 deel van diskresionêre beleggings gemaak het.

³⁰⁷ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 12/11/1922.

daardie stadium hoofsaaklik uit beleggings in staats- en munisipale effekte bestaan, asook lenings aan plaaslike owerhede. Daardie beleggings het teen 1945 gesamentlik 75,4% van SANLAM se totale voorgekrewe beleggingsfonds uitgemaak, teenoor die 10,3% op lenings aan polishouers (Vgl. tabel 2). Die ander rede vir die verskynsel is die invloed van die Versekeringswet van 1923 wat tot voor 1923 geen voorskrifte of beperkings op versekeringsmaatskappye se beleggingsverspreidings geplaas het nie.³⁰⁸

Sedert die 1950's het beleggings in die vorm van lenings aan polishouers begin toeneem (18,8%) en teen 1960 het dit 21,3% van die totale voorgeskrewe beleggingsfonds uitgemaak (Sien tabel 2). Daarna kan die impak van die Versekeringswet van 1943 waargeneem word. Dit was omdat die wet duidelike voorskrifte gehad het ten opsigte van versekeringsmaatskappye se beleggings (Vgl. hoofstuk 1). Verder het 'n besluit deur die Raad van SANLAM in 1945 ook bygedra tot die toename. Die besluit was om die heffingsfooi wat aansoekers voorheen moes betaal op SANLAM se leningsaansoekvorms te verwyder en die rentekoerse van polisleningen tot 6% te verminder (voorheen was dit tussen 7% en 8%). Verder is daar ook besluit om die "verminderde rentekoerse op bestaande verbande en lenings strenger te oorweeg in verhouding met die aard en waarde van die aansoeker se sekuriteite terwyl nuwe lenings tred moes hou met rentekoersskommelings."³⁰⁹ Dit het aanleiding gegee tot meer leningsaansoeke. Vir SANLAM was dit 'n goeie bron van inkomste.³¹⁰

Nadat hierdie bate gedurende 1965 egter deel van versekeringsmaatskappye se diskresionêre portefeulje geword het weens 'n wysiging van die Versekeringswet van 1943, het die belang daarvan weer afgeneem. Daar word in tabel 16 uitgewys hoe die persentasie van hierdie bate stelselmatig afgeneem het tot 9,2% en 3,8% van SANLAM se totale diskresionêre beleggings in 1970 en 1980, onderskeidelik. Nietemin het dit waardevolle kapitaal beskikbaar gestel vir SANLAM terwyl dit die maatskappy van 'n konstante renteopbrengs voorsien het.

Wat lenings en kontant op deposito's betref, was dit net soos polisleningen ook eers deel van SANLAM se voorgeskrewe beleggingsportefeulje voor 1965. Teen 1964 het dit 10,4% van SANLAM se voorgeskrewe beleggingsfonds uitgemaak teenoor 4,4% in 1955 en 4,3% in

³⁰⁸ E.H. Arndt: *An analysis of the investment policies of life insurance companies in the union of South Africa. (The need for more constructive legislation)*, pp.48-49.

³⁰⁹ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 19/05/1943.

³¹⁰ Ibid., 19/05/1943.

1945. Die rede vir daardie verloop is dat dit hand aan hand gegaan het met die veranderinge in die Versekeringswet van 1943. Die ander rede was die beleid wat SANLAM ná 1960 gevolg het om minder likied te wees met die klem om 'n beleid van voller beleggings te volg (Vgl. hoofstuk 3). Die stigting van die Sentrale Finsiekorporasie was die voertuig wat gehelp het om likiede bates op te neem.

Sedert die 1960's het likiditeit vinnig begin toeneem. Die toename kan toegeskryf word aan die ekonomiese omgewing van die vroeë 1960's en 'n hoër vraag na risikokapitaal. Dit het daartoe bygedra dat likiede bates op R27,9 miljoen teen 1970 en R2,4 miljoen teen 1960 gestaan het. Dit is 'n persentasievermeerdering van 91,4%. Hierdie pos is in die 1970's verder beïnvloed deur 'n beleid van SANLAM om 'n groter mate van likiditeit na te streef. Dit het SANLAM in staat gestel om beleggingsmoontlikhede beter te benut soos dit in die mark te voorskyn sou kom. Die surplusfonds kon dan uitgeleen of in korttermyn deposito's geplaas word totdat dit benodig word (Vgl. hoofstuk 4). Dit het die beleggingspos van ander lenings en kontant op deposito's verder vergroot en teen 1980 het dit 28% (R425 862 000) van SANLAM se totale diskresionêre beleggingsfondse uitgemaak.³¹¹

Daar kan dus gesê word dat bates soos verbande, polislenings en kontant op deposito's 'n belangrike indirekte bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaners en Suid-Afrikaners se aandeel in die ekonomie gemaak het. Daardie bates het bygedra tot die versterking van SANLAM se finansiële posisie wat die maatskappy weer kon gebruik om sy polishouers en ander se ekonomiese belange te bevorder.

5.3 SANLAM se buitelandse beleggings

'n Ander belangrike beleggingspos wat ook 'n bydrae gelewer het tot die bevordering van SANLAM se belange en dié van sy polishouers, was die buitelandse beleggings wat sedert die laat 1930's in Rhodesië (Zimbabwe) en sedert die 1950's in Zambië en Malawi³¹² gemaak is. Ander skrywers soos Koen ondersoek hierdie beleggings, maar verwys egter nie na die beleggingspatroon wat SANLAM se buitelandse beleggings oor tyd aangeneem het nie.³¹³

³¹¹ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1980.

³¹² SANLAM het slegs staats- en munisipale effekte in Malawi tussen 1958 tot 1965 (R15,980) opgeneem. Hierdie beleggings het teen 1965 R37,000 bereik waarna SANLAM nie weer fondse in daardie land belê het nie. Om dié rede word Malawi dus nie ingesluit by hierdie afdeling nie weens die geringe persentasie wat sy belegging verteenwoordig.

³¹³ W.P.G. Koen: *SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939*, p.296.

Hy fokus sy ondersoek op die rol van J.M. Immelman, wat deur SANLAM as inspekteur en hoofamptenaar in 1938 aangestel is nadat die maatskappy formeel besluit het om met besigheid in Suid-Rhodesië te begin (besigheid in Njassaland of Malawi, het eers teen 1956 begin en teen 1958 in Noord-Rhodesië of Zambië). Immelman het die verantwoordelikheid gekry om die maatskappy se besigheid in Suid-Rhodesië te bevorder, maar die toetrede van SANLAM tot hierdie mark is met gemengde gevoelens deur die Rhodesiese bevolking ontvang. Sommige was van mening dat SANLAM ook in Rhodesië 'n bydrae kon lewer tot die ekonomiese ontwikkeling van polishouers, terwyl ander nie so gretig was om 'n Afrikaanse maatskappy in hul geledere te aanvaar nie.³¹⁴

Nietemin het SANLAM sy bedrywighede daar voortgesit en in 1938 is die grondslag vir toekomstige bevordering van beleggings aldaar neergelê. SANLAM het byvoorbeeld R12 000 in effekte van die Rhodesiese regering en R12 000 Unie-effekte by die Tesourie van Rhodesië geplaas. Verder het SANLAM in daardie jaar ook 'n lening van R30 000 aan die Southern Rhodesian Investment Company, Ltd verskaf, terwyl R1 910 oorgedra is na beleggingsreserwes in Rhodesië om hierdie reserwes aan te vul.³¹⁵

Versekeringsmaatskappye in Rhodesië was egter nie onderhewig aan dieselfde statutêre verpligtinge wat in Suid-Afrika gegeld het nie. Die verskil was dat Rhodesië geen wette gehad het wat SANLAM verplig het om sy plaaslike laste daar te balanseer met sy bates wat in die gebied gehou is nie. Daar was ook geen wetgewing oor voorgeskrewe bates nie.³¹⁶ Dit het SANLAM in 'n posisie geplaas waar die maatskappy meer beleggingsvryheid in Rhodesië geniet het as in Suid-Afrika. In Rhodesië was SANLAM byvoorbeeld nie verplig om 'n voorgeskrewe persentasie van sy beskikbare beleggingsfondse in voorgeskrewe beleggingsposte soos regerings- en plaaslike effekte te belê nie. Dit het groter aansporing aan die maatskappy gebied om die beste moontlike beleggings te maak sonder die druk van voorgeskrewe verpligtinge.

SANLAM se beleid sedert 1938, ook wat buitelandse beleggings betref, was om beleggings in rentedraende bates soos effekte, lenings en verbande te maak. Dit word weerspieël deur die feit dat die enigste noemenswaardige buitelandse bate voor die 1950's in regeringseffekte van

³¹⁴ W.P.G. Koen: *SANLAM: Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939*, p.297.

³¹⁵ SA: Notule van die Hoofbestuurvergadering, 17/03/1938.

³¹⁶ SA:3/1/1: Beleggingsadministrasie: P Scholtz: "Memorandum insake beleggings in die Federasie van Rhodesië en Njassaland," 10/12/1958, p.2.

Suid-Rhodesië was. Teen 1950/1 het daardie bate R125 400 beloop.³¹⁷ Hierdie beleid het hand aan hand geloop met SANLAM se beleggingsbeleid in Suid-Afrika voor die 1950's, toe voorkeur verleen is aan voorgeskrewe beleggings, vaste eiendom en verbande. Beleggings in risikobelange was nog in ontwikkeling. 'n Ondersoek na geskikte beleggingsgeleenthede in Rhodesië het egter uitgewys dat daar groot beleggingsmoontlikhede in die eiendomsmark (industriële- en residensiële eiendomme) bestaan het, terwyl die land ryk was aan natuurlike hulpbronne. Rhodesië het groot potensiaal gehad in intensiewe nywerheid- en landbouontwikkeling. Dit het SANLAM goed gepas omdat die beleggingsmoontlikhede aangesluit het by die besluit om meer in rentedraende beleggings te belê.³¹⁸

Die beleggingsrisiko wat sulke rentedraende bates inhou, was laag en beleggers was verseker van 'n opbrengs. Volgens Bernstein is dit 'n algemene verskynsel wanneer lewensversekeraars buitelandse bates ondersoek. Hy meen dat lewensversekerings-maatskappye nie graag fondse beskikbaar stel vir risiko-beleggings in buitelandse markte nie, maar eerder spesialiseer in suiwer finansiële beleggings met 'n rente-opbrengs.³¹⁹ SANLAM het gevolglik sedert 1950 'n diverse rentedraende beleggingsportefeulje begin opbou, soos die volgende tabel aandui.

Tabel 10: Totale bates in Rhodesië, 1956, 1957, 1958 en 1960 (R')³²⁰

Bates	1956	%	1957	%	1958	%	1960	%
Alle Effekte	406 000	18,9	652 000	24,3	762 000	24,8	1 009 434	23,1
Polislenings	158 000	7,4	198 000	7,4	262 000	8,5	456 000	10,4
Uitstaande premies	324 000	15,1	384 000	14,3	416 000	13,6	390 000	8,9
Verbande	346 000	16,2	498 000	18,5	624 000	20,3	628 000	14,4
Vaste eiendom	856 000	39,9	892 000	33,2	934 000	30,5	1 734 000	39,7
Kontant	54 000	2,5	62 000	2,3	70 000	2,3	66 000	1,5
Aandele	0	0	0	0	0	0	50 000	1,1
Totaal	R2 144 000	100	R2 686 000	100	R3 068 000	100	R4 368 148	100

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: P Scholtz: Memorandum insake beleggings in die Federasie van Rhodesië en Njassaland, 10/12/1958, p.1; SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: Beleggings, 30/06/1960, p.3.

Bostaande tabel dui aan dat SANLAM teen 1956 verskeie beleggings in rentedraende bates soos verbande, lenings, effekte, kontant en eiendomme opgebou het. Teen 1960 was die grootste beleggings in vaste eiendomme (39,7% van die totale buitelandse beleggingsfonds),

³¹⁷ SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1938 tot 1950.

³¹⁸ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: "Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld," 1967, pp.2-9.

³¹⁹ M. Bernstein: "Life Assurance industry in South Africa: Environment, structures and objectives," pp.93-94.

³²⁰ Die %-kolom verwys na die totale buitelandse beleggingsfonds wat in die verskeie bates belê was teen 'n sekere tydperk.

staats- en munisipale effekte (23,1%), asook verbande (14,4%). Die opneem van daardie bates was in ooreenstemming met die maatskappy se beleggingsbeleid, terwyl die totale beleggings in Rhodesië stelselmatig vanaf 1956 (R2 144 000) tot 1960 (R4 368 148) toegeneem het. Die toename toon die beleggingsvertroue om in Rhodesië te belê. Teen 1960 is daar selfs belê in gewone aandele (R50 000) van 'n nywerheidsbeleggingsmaatskappy, naamlik Industrial Promotion Corporation. SANLAM het risikokapitaal beskikbaar gestel wat kon bydra tot die ontwikkeling van Rhodesië se nywerhede. Hierdie stabiele vordering sou egter na 1960 in gedrang kom.

SANLAM se buitelandse beleggingsbeleid het na 1960 verskeie veranderinge ondergaan. Hierdie veranderinge is sterk beïnvloed deur die heersende ekonomiese- en politieke omstandighede in Rhodesië en Zambië gedurende die 1960's. In beide gevalle moes SANLAM sy beleid, waar die maatskappy die surplusfondse in daardie gebiede kon oordra na Suid-Afrika, aanpas. Ná 1965 is valutabeheer in Zambië ingestel wat beperkings op die vloeï van kapitaal uit daardie land geplaas het, terwyl Rhodesië ook oordragte van surplusfondse gedurende daardie tydperk verbied het.³²¹ Dié besluit in Rhodesië is veroorsaak deur die eensydige onafhanklikheidsverklaring van 1965 en die daaropvolgende sanksies en konflik met die Verenigde Koninkryk. Dit het veroorsaak dat Rhodesië ontwikkeling uit eie middele moes behartig en daarom is sterker valutabeheer ingestel. Vir SANLAM het dit weer beteken dat die maatskappy nuwe beleggingsgeleenthede vir sy surplusfondse in hierdie lande moes kry.³²²

Dit was egter makliker gesê as gedaan omdat die sanksies geweldige druk op Rhodesië se ekonomie begin uitoefen het. Die vernaamste gevolg was 'n toename in inflasie, hoë likiditeit en 'n relatief lae rentekoers op rentedraende bates. Dit het SANLAM se voorkeur vir rentedraende bates aansienlik verminder en teen 1968 het die maatskappy begin om “eerder waardebeleggings as geldbeleggings te verkies.”³²³ Dit het beteken dat die maatskappy verdere aandag aan beleggings in vaste eiendomme gegee het, terwyl daar genoegsame fondse op reserwes gehou is vir verdere geleenthede om eiendomme aan te koop.³²⁴ SANLAM se eiendomsbeleggings in Rhodesië het uit twee afdelings bestaan, naamlik

³²¹ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake beleggings in Rhodesië, Zambië en Malawi,” 30/10/1965, p.1.

³²² SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld,” 1967, p.1.

³²³ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Ekonomiese toestande in Rhodesië,” (bylae) 4/04/1968, p.2.

³²⁴ SA:3/1/1: Beleggingsadministrasie: DJ Malan: Memorandum insake beleggings in Rhodesië, 07/05/1968, p.1.

geboue en woonhuise. Dit het gedien as bronne van huurinkomste, maar laasgenoemde is streng beïnvloed deur die blanke bevolkingskonsentrasie in die betrokke gebied.³²⁵ Volgens SANLAM was daardie bevolking 'n bron van “gewaarborgde veilige rente,” 'n term wat gebruik is om die graad van inkomstesekuriteit en die kapitaalstabiliteit van 'n huurder te bepaal.³²⁶

'n Ander belangrike beleidsverandering ten opsigte van SANLAM se buitelandse beleggings teen die laat 1960's is veroorsaak deur Zambië se besluit om die lewensversekeringsbedryf te nasionaliseer. Die het veroorsaak dat SANLAM verskeie bates in Zambië van die hand begin sit het om sy belang in daardie land aansienlik te verminder. Dit het gebeur nadat die Raad van SANLAM in 1967 opdrag gegee hetom verskeie Zambiese eiendomme te verkoop, terwyl beleggingsvoorkeur eerder aan Rhodesië gegee is.³²⁷ Toe die tyd egter in 1971 aanbreek vir alle Suid-Afrikaanse lewensversekeringsmaatskappye om hul bates en laste te oorhandig aan die Zambiese staatsversekeringsmaatskappy, het SANLAM uiters beperkte bates in daardie land gehou.³²⁸ Die wyse waarop hierdie veranderinge SANLAM se beleggingsportefeulje sedert die 1960's beïnvloed het, word in die volgende tabel geïllustreer.

³²⁵ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld, 1967, p.9.

³²⁶ SA:3/1/1: Beleggingsadministrasie: Memorandum: The basis of investment, the safe rent, p.3.

³²⁷ SA: Notule van die Direksievergadering, 6/12/1967. [Ook in Zambië was daar geen wette wat SANLAM verplig het om sy plaaslike laste met sy bates te balanseer nie.]

³²⁸ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Bate en laste in Rhodesië en Zambië,” 1970-1971 (bylae 3).

Tabel 11: SANLAM se bates in Rhodesië en Zambië, 1965, 1966, 1970 en 1971.³²⁹

Bates	1965			1966			1970			1971		
	Rhodesië R'000	Zambië R'000	%	Rhodesië R'000	Zambië R'000	%	Rhodesië R'000	Zambië R'000	%	Rhodesië R'000	Zambië R'000	%
Alle effekte	1 316	86	27,4	1 388	77	26,7	1,700	30	23,7	1, 00	30	21,4
Kontant	179	0	3,5	497	30	9,6	700	40	10,1	1 100	30	14,0
Verbande	257	0	5,0	220	0	4,0	500	0	6,8	700	0	8,6
Skuld-briewe	196	0	3,8	196	0	3,6	400	0	5,5	600	0	7,4
Gewone aandele	200	0	3,9	260	0	4,7	100	0	1,4	100	0	1,2
Vaste eiendom	1 723	262	38,8	1 723	262	36,2	2,200	200	32,9	2,200	200	29,6
Lenings	453	138	11,6	480	150	11,5	800	100	12,3	900	100	12,3
Uitstaande premies	225	75	6,0	225	70	3,7	500	30	7,3	500	30	5,5
Totaal	4 549	561	100	4 889	589	100	6 900	400	100	7 800	390	100

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: DJ Malan & D Swanepoel: Memorandum insake Beleggings in Rhodesië en Zambië, 30/12/1965 (bylae 1); SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: Bate en laste in Rhodesië en Zambië, 1970-1971 (bylae 3).

Uit die tabel is dit duidelik dat SANLAM dus meer fondse in Rhodesië as in Zambië tussen 1966 en 1971 belê het. Een van die redes daarvoor was dat SANLAM reeds sedert 1938 in Rhodesië begin belê het en 'n gevestigde beleggingsbasis teen 1971 daar gevestig het. In teenstelling daarmee is beleggingsfondse eers sedert 1958 in Zambië aangewend, terwyl politieke omstandighede gedurende die 1960's beleggingsvryheid vir lewensversekeringsmaatskappye beperk het. Dit het beslis teen 1971 'n uitwerking op die persentasie beleggingsfondse wat SANLAM in daardie twee lande belê het, gehad. Vaste eiendom het sedert 1960 steeds die meeste van SANLAM se buitelandse beleggingsfondse in beide Rhodesië en Zambië, in beslag geneem al toon die tabel 'n geleidelike afname vanaf 38,8% (1965) tot 29,6% (1971). Die vernaamste eiendomme wat in Rhodesië aangekoop is, was in gebiede soos Salisbury, Bulawayo en Gwelo. Hierdie gebiede het die grootste blanke bevolkingskonsentrasie gehad, want die opbrengsmoontlikheid van eiendomsbeleggings het grootliks afgehang van blanke teenwoordigheid.³³⁰ In Zambië het SANLAM slegs een gebou in Kitwe besit terwyl die res van die eiendom teen 1965 uit plase en woonhuise bestaan het.³³¹

Gedurende die tydperk tussen 1965 en 1971 het SANLAM ook in Rhodesië beleggings in skuldbriewe en verdere beleggings in gewone aandele gemaak. Die meeste van die

³²⁹ Die %-kolom verwys na die persentasie van SANLAM se totale beleggingsfonds (in Rhodesië en Zambië) vir 'n betrokke bate.

³³⁰ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: "Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld," 1967, p.8.

³³¹ SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: "Memorandum insake beleggings in Rhodesië, Zambië en Malawi," 30/10/1965, p.2.

skuldbriewe is opgeneem in Second African Housing wat die fondse gebruik het vir die behuisingskema vir die swart bevolking in Salisbury. Gewone aandele is weer primêr opgeneem in die Industrial Promotion Corporation en Industrial Development Corporation. Laasgenoemde is deur die Rhodesiese regering in die lewe geroep en het dieselfde funksie as die NOK in Suid-Afrika verrig.³³² Verder het SANLAM ook aansienlike beleggings in staats- en munisipale effekte van Rhodesië gemaak (R1,3 miljoen in 1965 en R1,7 miljoen in 1971). SANLAM het dus sy beleggingsbeleid konsekwent ook buite Suid-Afrika toegepas. Dit beteken dat SANLAM meer aandag aan waardebeleggings as geldbeleggings geheg het terwyl 'n hoë mate van likiditeit stelselmatig opgebou is (kontant: R179 000 in 1965 en R1,1 miljoen in 1971). Daar was 'n duidelike afname in die totale bates in Zambië tussen 1965 (R561 000) en 1971 (R390 000). Dit wys hoe SANLAM bates in daardie land verminder het voordat nasionalisering van die lewensbedryf kon plaasvind.

Ná 1971 was Rhodesië die enigste land buite Suid-Afrika waarin SANLAM fondse belê het. SANLAM het veranderinge aan sy buitelandse beleggingsbeleid aangebring. Hierdie veranderinge het gevolg op die besef dat onstabiele ekonomiese en politieke toestande in Rhodesië sou voortduur. Rentekoerse was steeds laag, maar inflasie het stelselmatig toegeneem. Teen 1972 het inflasie reeds 4% beloop. Dit het groot druk geplaas op die verkryging van nuwe besigheid terwyl rentedraende bates die swaarste geraak is deur die onstabiele omstandighede.³³³ Dit het meegebring dat SANLAM besluit het om weg te beweeg vanaf beleggings in langtermyn rentedraende bates, veral eiendomme. Die maatskappy sou voorkeur gee aan korttermyndeposito's (tussen een en drie jaar), effekte en verbande.³³⁴ 'n Voorbeeld van hierdie besluit was in April 1972 toe magtiging verleen is om korttermyn beleggings in Rhodesië te maak teen 'n vasgestelde rentekoers vir 'n periode van drie jaar. Hierdie beleggings is by die volgende bankinstellings gemaak: Standard Bank, Barclays Bank en Rhodesian Banking Corporation (\$1 miljoen elk), Diskontohuise en Aksepanke (\$500 000) en kleiner banke (\$200 000).³³⁵ Die volgende tabel wys die uitwerking van bogenoemde beleid op SANLAM se bates in Rhodesië sedert 1972.

³³² SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: "Memorandum insake beleggings in Rhodesië, Zambië en Malawi," 30/10/1965, p.2.

³³³ SA: B10: Beleggingsoorsig: W.S. Pretorius: "Memorandum insake beleggingsoorsig en vooruitsigte aan die SANLAM-direksie," 28/11/1972, p.9.

³³⁴ Ibid., p.8-9.

³³⁵ SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: J.J. Heymann & P. Steyn: "Memorandum insake korttermynfondse in Rhodesië. 17 April 1974.

Tabel 12: Jaarlikse beleggings in Rhodesie, 1972 tot 1980 (\$'000)³³⁶

Bates	1972	1973	1974	1975	1976	1977	1978	1979	1980	Totaal teen 1980	% van totale beleggings teen 1980
Alle Effekte	200	1 076	703	940	-	1 369	3 428	2 501	-	10 217	76,9
Lenings	-	-	500	-	-	300	-	-	-	800	6,0
Skuldbriewe	-	-	-	270	-	-	150	-	-	420	3,2
Verbande	165	51	235	24	-	-	-	-	-	475	3,6
Vaste eiendom	-	-	-	-21	-9	-	-109	550	750	1 161	8,7
Aandele	-	25	-	-	-	-	-	-	181	206	1,6
Totaal	365	1 152	1 438	1 213	-9	1 669	,469	3 051	931	13 279	100

SA: B10: Beleggingsoorsig: Pretorius *et al*: "Memorandums insake beleggingsoorsig en vooruitsigte aan SANLAM-Direksie." 1972-1980. *[die – verteenwoordig 0]

Bogenoemde tabel illustreer dat SANLAM steeds groot beleggings gehad het in staats- en munisipale effekte tussen 1972 en 1980 wat 76,9% van die totale beleggings vir die tydperk in beslag geneem het. Geen verdere beleggings in vaste eiendomme is na 1979 gemaak nie. Die negatiewe syfers in die jare 1975, 1976 en 1978 verteenwoordig die pryse van eiendom wat SANLAM gedurende daardie tye van die hand gesit het. SANLAM het dus wegbeweeg vanaf beleggings in vaste eiendomme, hoewel daar teen 1979 en 1980 weer in hierdie bate belê is. Verder kan ook gesien word dat enkele beleggings in verbande (3,6%), skuldbriewe (3,2%) en lenings (6,0%) teen 1980 voorgekom. Dit was korttermynbeleggings en was in ooreenstemming met die beleggingsbeleid van SANLAM na 1971.

Politieke en ekonomiese omstandighede in Rhodesië het egter nie verbeter nie en SANLAM het stelselmatig sy beleggingsvertroue in daardie land verloor. Teen 1973 het die SANLAM Raad reeds begin om besigheid in Rhodesië af te skaal en die SANLAM-personeel is geleidelik verklein, terwyl minder finansiële middele daar aangewend is.³³⁷ Dit was die eerste wesenlike teken van onttrekking aan daardie mark, terwyl SANLAM sedert 1982 die bemarking van nuwe polisse gestaak het. Dit sou nog negentien jaar (1992) neem voordat SANLAM finaal sy besigheid in Zimbabwe sou afsluit. Dit het gevolg op die besluit om SANLAM se besigheid in daardie land aan die Southern Life Association oor te maak.³³⁸

SANLAM se buitelandse besigheid sedert 1938 was dus hoofsaaklik in buurlande. Die uitbreiding het geleidelik plaasgevind en was van groot waarde vir SANLAM ten opsigte van

³³⁶ Hierdie tabel verteenwoordig slegs daardie bedrae wat deur SANLAM in die onderskeie bates belê is vir 'n gegewe tydperk.

³³⁷ SA: Notule van die Direksievergadering, 5/12/1973.

³³⁸ SA: Nuusuitreikings: A. Coetzee: "SANLAM to transfer Zimbabwean bussiness," 22/02/1992, p.1.

die kapitaaluitbreiding ten behoeve van sy polishouers en 'n uitbreiding van sy beleggingsveld, selfs al was die buitelandse beleggings baie gevoelig vir politieke en ekonomiese gebeure in die plaaslike konteks. Vir lande soos Rhodesië en Zambië het hierdie beleggings weer noodsaaklike kapitaal vir ontwikkeling beskikbaar gestel. Beleggings in staats- en munisipale effekte het bygedra tot die ontwikkeling van plaaslike dienste en infrastruktuur, terwyl eiendomsbeleggings 'n bydrae gelewer het tot stads- en dorpsontwikkeling. Verder het beleggings in aandele en skuldbriewe (al was dit gering) risikokapitaal beskikbaar gestel terwyl verbande en lenings aan polishouers gehelp het met individuele kapitaalbehoefte. SANLAM se buitelandse beleggings het teen 1980 nog nie werklik die internasionale markte betree nie, en was eintlik net 'n uitbreiding van Suid-Afrikaanse besigheid.

Hoofstuk 6

Slot: SANLAM se beleggings

Teen 1980 het SANLAM 'n diverse aandeelportefeulje opgebou en 'n substansiële belang in alle sektore van die ekonomie soos die landbou-, mynbou-, nywerheid-, handel- en finansiële sektor gehad. Hierdie belange is òf deur direkte beleggings (beleggings wat die maatskappy self in die onderskeie sektore gemaak het) òf deur indirekte beleggings (beleggings wat deur SANLAM se filiale in die verskeie sektore gemaak is) verkry. SANLAM het dus uitbreidend opgetree en polishouersfondse en ander fondse stelselmatig in groeisektore van die ekonomie belê. Dit is gedoen ten einde plaaslike beheer daarin te vestig en uit te brei.

Die rede hiervoor was die historiese ekonomiese agterstand van die Afrikaners teenoor buitelandse kapitaal teen die vroeë twintigste eeu. Dit is veroorsaak deur faktore soos die Anglo-Boereoorlog, die verstedeliking wat daarop gevolg het en die gebrek aan geskikte vaardighede om doeltreffend in 'n moderne ekonomiese omgewing te kon funksioneer. Dit het aanleiding gegee tot die begeerte om ekonomiese selfstandigheid en kundigheid onder Afrikaners te bewerkstellig wat nodig was om dié agterstand aan te spreek. Vir die Afrikanerleiers het dit groter deelname aan die land se ekonomie as werkgewer en werknemer beteken, terwyl Afrikaners groter ondersteuning aan Afrikanerbesighede kon gee.

SANLAM is in 1918 gestig en het geleidelik, dog sistematies, Afrikaners se spaarfondse doeltreffend gemobiliseer. SANLAM is beskou as 'n onderneming waardeur Afrikaners hul ekonomiese belange kon kanaliseer en het, as onderlinge maatskappy, slegs aan sy polishouers behoort. Die industriële afdeling het 'n totaal verskillende versekeringsprodukt bemark, wat nie volledig by SANLAM se lewensversekeringsbedryf ingepas het nie. In 1921 is die industriële afdeling aan AHT verkoop. Die gevolg was dat SANLAM-polishouers nie meer betrokke was by dié onwingsgewende industriële versekeringsbesigheid nie, maar kon baat by die opbrengs op die langtermynbesigheid, waar SANLAM spesialiskundigheid opgebou het. Dit was 'n baie belangrike ontwikkeling omdat die evolusie van SANLAM-polishouers se aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie parallel geloop het met die ontwikkeling van SANLAM se beleggings daarin.

Sedert die stigting van SANLAM het die maatskappy 'n duidelike diens- (verskaf lewensversekering aan polishouers) en 'n winsmotief (die motivering vir beleggingsbeleid en strategie wat SANLAM se kapitaalkragtigheid na sy stigting beïnvloed het) gehad. Die

beleidsfokus aangaande die winsmotief kan in drie fases verdeel word. In die eerste fase (1918-1940) is sterk fokus op die relatiewe armer Afrikaners, veral op die platteland (die landbousektor), en voorgeskrewe rentedraende bates soos regerings- en munisipale effekte, lenings aan polishouers en kontant op deposito's, geplaas.

Teen 1940 het daardie voorgeskrewe beleggings 49% van SANLAM se totale beleggingsfonds uitgemaak teenoor die 51% diskresionêre beleggings, wat hoofsaaklik uit verbande en eiendomme bestaan het. Die primêre strategie was om die gemobiliseerde Afrikanerkapitaal in lae riskante bates te belê wat gereelde rente-opbrengste gegenereer het. SANLAM het dus risiko-vermydend opgetree. Dit was 'n geskikte beleid terwyl SANLAM se kapitaal geleidelik versterk het. Polishouers is verseker van verantwoordelike beleggings in 'n tyd toe SANLAM nog nie gereed was om groot risiko-beleggings te maak nie.

In die tweede fase (1940-1960) is sterk op die verskaffing van risiko-kapitaal in die nywerheid-, mynbou-, en finansiële sektore gefokus. Hoewel rentedraende bates soos dié in voorgeskrewe beleggings en verbande gesamentlik 68,6% van die maatskappye se totale beleggingsfondse teen 1960 in beslag geneem het, was daar wel 'n duidelike beleidsverskuiwing na meer riskante bates soos aandele en skuldbriewe. Daardie beleidsfokus het sy oorsprong veral by die Ekonomiese Volkskongres van 1939 gehad, toe Afrikanersakelui die belangrikheid van risiko-kapitaal vir ekonomiese ontwikkeling uitgewys het. Dit sou die dringende behoeftes van Afrikanerbesighede aan genoegsame kapitaal doeltreffend kon aanspreek. Die bestuur van SANLAM het besef dat die belangrikheid van daardie risiko-kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie onmeetbaar was en het in die jare na die Tweede Wêreldoorlog baie meer aandag aan die ontwikkeling van 'n wydverspreide aandeleportefeulje gegee.

Gevolglik is 'n meer aggressiewe benadering sedert 1950 met betrekking tot die verskaffing van risikokapitaal gevolg. Hierdie benadering het SANLAM se invloed in die Suid-Afrikaanse ekonomie vinnig laat toeneem. Dit het gebeur teen die agtergrond van 'n sterk patriotisme. SANLAM het sy bemerking en beleggings toenemend toegespits op die bevordering van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die geheel. Die klem op "Suid-Afrika" teenoor Afrikaners in die besonder, het 'n belangrike fokusverplasing verteenwoordig.

In die derde fase (1960-1980) is nog sterker op die verskaffing van risikokapitaal in die nywerheid-, mynbou-, en finansiële sektore gefokus. Hierdie beleidsfokus is streng beïnvloed deur die heersende sosio-ekonomiese faktore in die periode na 1960. Daardie faktore het 'n

tweeledige invloed op die ekonomiese omgewing uitgeoefen. Die eerste was 'n sterk groeiende vraag na risiko-kapitaal en tweedens het daar groot moontlikhede vir die finansiering van plaaslike nywerhede, myne en dienstesektore met binnelandse kapitaal ontstaan. Vir gevestigde maatskappye soos SANLAM, wat in 'n gunstige finansiële posisie was, het dit 'n goeie geleentheid geskep om 'n leidende verskaffer van risiko-kapitaal aan verskeie plaaslike maatskappye te word.

SANLAM het op 'n groter skaal beleggings in strategiese ondernemings in 'n groter verskeidenheid sektore gemaak waardeur sy belang in daardie sektore verstewig is. Dit het nie net gesorg vir 'n groter mededingende aandeel in daardie sektore nie, maar het ook 'n ruimer beleggingsgeleentheid vir die maatskappy se groeiende fondse geskep. Hierdie beleggingsruimte is verder uitgebrei deur SANLAM se talle filiale soos Bonuskor, FVB, Mankor, Fedmyn, Sankor, AHT, Saambou en verskeie ander. Deur middel van dié filiale kon SANLAM ook sy invloedseer verder uitbrei. SANLAM het dus nie net sy polishouers se aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie verder uitgebrei nie, maar het ook ondersteuning aan verskeie maatskappye in die onderskeie groeisektore gebied om volhoubare ontwikkeling te kon handhaaf.

Dit is waarom “spaar vir voorspoed,” “van klein begin tot grote groei,” en “Suid-Afrika eerste” sleutel slagspreuke in SANLAM se strategie was. Dit het die belangrikste ideale en doelwitte van SANLAM verwoord. Regdeur die maatskappy se geskiedenis was hierdie slagspreuke strategiese doelwitte. 'n Goeie spaarsin onder die bevolking is gedurig deur WA Hofmeyr in sy voorsittersredes bepleit, terwyl persone soos MS Louw en TE Dönges by die Ekonomiese Volkskongres die waarde van spaargeld vir ekonomiese ontwikkeling beklemtoon het. Spaargeld was nodig om maatskappye soos SANLAM se kapitaalbasis te versterk om beleggings te maak vir verdere ontwikkeling. Die suksesvolle mobilisering en aanwending van polishouers se spaarfondse het dus die grondslag gelê vir SANLAM se volhougehoue groei. In ruil daarvoor het die maatskappy geskikte beleggingsmoontlikhede vir die polishouer se fonds bewerkstellig. Afsonderlik kon individue nie dieselfde bereik nie.

SANLAM se groei kan verder verduidelik word aan die hand van sy totale bates tussen 1919 en 1980. In 1919 het SANLAM se totale bates op R49 816 te staan gekom. Teen 1940 was dit

R6 263 000 en teen 1980 het dit tot R2 290 345 000 vermeerder.³³⁹ Dit is 'n algehele toename van 45,98% of 19,5% saamgestelde groei per jaar vir 'n periode van 61 jaar. SANLAM en die belang van sy polishouers het wel 'n klein begin in 1919 gehad en stelselmatig en doelgerig gegroei totdat SANLAM teen 1980 die tweede grootste lewensversekeraar in Suid-Afrika geword het.

Die leuse “Suid-Afrika eerste” het twee verskillende betekenis by SANLAM tussen 1918 en 1980 aangeneem. Hierdie ontwikkeling in betekenisinhoud was gebaseer op die fokus van SANLAM se teikenmark en kan verdeel word in twee aparte tydsraamwerke, naamlik 1918-1960 en 1960-1980. Die rede daarvoor was dat SANLAM vanaf sy stigting nie alle bevolkingsgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing op 'n gelyke basis bedien het nie. In die eerste fase was SANLAM se fokus op die ontwikkeling van die Afrikaners se aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit beteken dat SANLAM vóór 1960 sy fondse primêr in beleggingsaktiwiteite tot voordeel van die Afrikaner-deel van die bevolking aangewend het. Dit is gedoen om ander Afrikanerbesighede in die handel-, nywerheid-, mynbou- en die finansiële sektor te help ontwikkel.

SANLAM is gesien as 'n suiwer Afrikaanse maatskappy en het die Afrikaner en sy ekonomiese belang in die middelpunt van beleggingsbeleid en -strategie geplaas. Hiermee word egter nie beweer dat SANLAM geen besigheid met nie-Afrikaners voor 1960 gedoen het nie. Daar is wel voorbeelde waar aktiwiteite ook na ander bevolkingsgroepe uitgebrei is. Dit sluit in die “gekleurde afdeling” van SANLAM se industriële tak (1919), die oornam van AHT, wat 'n groot getal Kleurlingpolishouers gehad het (1935), die stigting van 'n nie-blanke organisasie binne die SANLAM-groep (1958) en die verskaffing van risiko-kapitaal aan EBM's sedert 1935 om belangrike toegang tot 'n diverse nywerheidsmark te bewerkstellig.

Die hoof fokus van SANLAM se aktiwiteite was egter steeds om 'n belangrike bydrae te lewer tot die bevordering van die Afrikaner se aandeel en kundigheid in die ekonomie. Hierdie doel is tot 'n groot mate teen 1960 bereik. Dit word bewys deur SANLAM se diverse aandeel- en skuldbriefportefeulje, asook die toename in die Afrikaner se aandeel deur SANLAM en sy filiale se beleggings, aan die handel-, nywerheid-, mynbou- en die finansiële

³³⁹ Hierdie syfers is die som van die totale voorgeskrewe en diskresionêre bates vir die gegewe tydperke. Bedrae is verkry vanaf die diskresionêre- en voorgeskrewe beleggings tabelle.

sektor.³⁴⁰ Tot ongeveer 1960 was daar onteenseglik 'n mate van ver-Afrikanisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie, of te wel “Afrikaner eerste,” sover dit SANLAM aanbetref.

In die periode sedert 1960 het politieke en sosio-ekonomiese faktore soos Suid-Afrika se uittrede uit die Britse Statebond, die rasse-onluste en ekonomiese disinvestering, nie net druk op die meeste sektore van die ekonomie geplaas nie, maar ook 'n geleentheid geskep waar nouer ekonomiese samewerking tussen die verskillende bevolkingsgroepe kon plaasvind. Dit het 'n belangrike verskuiwing bewerkstellig in die tradisionele manier waarop SANLAM besigheid gedoen het. SANLAM het toenemend samewerking tussen Afrikaanse maatskappye en nie-Afrikaanse ondernemings aangemoedig. Daar was 'n poging om 'n groter plaaslike of te wel Suid-Afrikaanse bydrae tot die ekonomie te bewerkstellig. Hierdie samewerking was van kardinale belang omdat die Suid-Afrikaanse ekonomie teen 1960 nog baie afhanklik van buitelandse kapitaal was. Strategies was hierdie afhanklikheid van buitelandse kapitaal egter gevaarlik vir die land se ekonomiese weerbaarheid.

SANLAM se aktiwiteite was toe nie meer beperk tot Afrikanerbesighede nie, maar tot enige maatskappy wat aan SANLAM se beleggingskriteria voldoen het. Die kapitaalvoorsiening aan die Afrikaner-geörienteerde sektore van die bedryfslewe is egter steeds as belangrik beskou, maar die breër doelwit om die lot van alle Suid-Afrikaners te verbeter, het meer aandag begin geniet. Dit het gelei tot verdere diversifikasie van SANLAM se aandeleportefeulje waardeur polishouerbelange uitgebrei is. Die groei van ondernemings met behulp van SANLAM-kapitaal het die aandeel van Suid-Afrikaners aan die Suid-Afrikaanse ekonomie noemenswaardig verstewig. SANLAM het dus sedert die 1960's sy Afrikaner-gesentreerde ideale geleidelik aangepas om 'n Suid-Afrikaanse perspektief te versterk. Sodoende het SANLAM daadwerklik bygedra tot die ver-Suid-Afrikanisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

SANLAM se sukses kan ook toegeskryf word aan die doelgerigte begeleiding van bekwame direkteure, bestuurders en algemene personele sedert die aanvangsjare van die maatskappy. Hierdie persone was nie net verantwoordelik vir al SANLAM se beleggingstrategieë nie, maar ook vir die volgehoue groei in die kapitaalkragtigheid van die maatskappy. Laasgenoemde is bewerkstellig deur die ervare bestuur en sorgvuldige verspreiding van SANLAM se polishouerfondse. SANLAM se bestuur en direkteure het 'n

³⁴⁰ J.L. Sadie: *The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy*, p.28; SA: MS Louw: “Die opkoms van die Afrikaner op ekonomiese gebied,” p.10.

sterk gemeenskaplike doel nagestreef, naamlik om die ekonomiese omstandighede van Afrikaners en later Suid-Afrikaners uit eie middele te verbeter. Van die belangrikste rolspelers in die periode van hierdie studie, was die voorsitter WA Hofmeyr (1918-1953), direkteure soos C. Malan (1953-1966) en AD Wassenaar (1966-1985); besturende direkteure soos MS Louw en P. Scholtz, asook die lede van die beleggingsafdeling soos JJT Marais, DJ Malan en JJ Heyman. Hierdie persoonlikhede het 'n sentrale rol gespeel in die ontwikkeling van SANLAM se beleggingstrategie en het sodoende dus ook die polishouers se aandeel in die landse ekonomie uitgebou.

Daar kan dus gesê word dat SANLAM teen 1980, deur die aanwending van die fondse tot sy beskikking, daartoe bygedra het om 'n groter aandeel aan Afrikaners in die besonder, en aan Suid-Afrikaners in die breër verband, in die hoofstroom ekonomie van Suid-Afrika te gee. Buitelandse kapitaal was steeds noodsaaklik, maar binnelandse kapitaal het toenemend plaaslike deelname en beheer gevestig. Die nasionalistiese sentiment waarvan historici soos O'Meara, Verhoef en Tereblanche skryf, is wel duidelik by SANLAM aanwesig, maar daar kom ook 'n sterk onderskrywing van vrye mark beginsels en die kapitalistiese ekonomiese stelsel na vore. Oënskynlike teenstrydighede tussen nasionalistiese en kapitalistiese ideale het SANLAM nie verhoed om beide sieninge met ewe sterk oortuigings na te strewen nie. Teen 1980 was SANLAM steeds taamlik Afrikaans-georiënteerd (nasionalisties), maar het steeds veilige beleggingsbeginsels toegepas (wingsedrewe/kapitalisties).

Hiermee word bedoel dat die nasionalistiese sentiment die mobilisering van spaarfondse in SANLAM se sosiale netwerk aangehelp het waarna die mees geskikte beleggings, veral sedert die 1940's, vir daardie fondse gevind is (ongegag of dit in Afrikaner-beheerde of Engels-beheerde maatskappye belê was). Waar ander skrywers hierdie beleggingsaktiwiteit as net 'n uitbreiding van die Afrikaners se aandeel in die ekonomie sien, het hierdie studie aangedui dat dit instrumenteel was om ook nie-Afrikaners se ekonomiese ontwikkeling aan te help.

Dit is dus duidelik dat SANLAM 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel het waardeur talle Suid-Afrikaners voordeel uit die maatskappy se beleggingsaktiwiteite getrek het. SANLAM het sy beleggings gebruik om stelselmatig meer en meer besit en beheer van sleutelsektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bekom en het dit dus binne die bereik van Suid-Afrikaners geplaas. Dit beteken dat die ekonomie

toenemend in Suid-Afrikaners se besit gekom het, oftewel meer Suid-Afrikaans geword het, of “ver-Suid-Afrikaniseer” het.

Bibliografie

1. SEKONDÊRE BRONNE

1.1 Boeke

- Arndt, E.H: *Insuring our insurance – A survey of insurance legislation with recommendations for the union*. Union Booksellers, Pretoria, 1941.
- Arndt, E.H: *An analysis of the investment policies of life insurance companies in the union of South Africa. (The need for more constructive legislation)*, Second Edition, University of Pretoria, 1937.
- Bezuidenhout, W.J: *Dr. Tinie Louw: 'n Kykie in die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner*, Afrikaanse Pers, Johannesburg. 1969.
- Davenport, T.R.H & Saunders, C: *South Africa – A modern history*. Fifth Edition, Macmillan South Africa, Johannesburg, 2000.
- Dalcanton, C: *The Afrikaners of South Africa: A Case study of Identity formation and change*, Xerox University microfilms, London. 1973.
- De Kiewiet, C.W: *A history of South Africa: Social and economic*, Oxford University Press, London. 1941.
- Du Plessis, E.P: *'n Volk staan op: Die ekonomiese volkskongres en daarna*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1964.
- Du Toit, P: Van die breë beleid van die Volkskongres (1934) tot die ekonomiese selfstandigmaking as kernvraagstuk, in *Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres*, Voortrekkers,Bpk, Johannesburg, 1939.
- Giliomee, H: *The Afrikaners: biography of a people*, tweede uitgawe, Tafelberg, Cape Town, 2009.
- Jones, S & Müller, A: *The South African economy, 1910-1990*, Macmillan Academic and Profesional,Ltd, London, 1992.
- Le Roux, N.J: *WA Hofmeyr – Sy werk en waarde*. Nasionale Boekhandel (bpk). Kaapstad, 1953.
- Louw, M.S: Die aanwending van die kapitaalkrag van die Afrikaner, in *Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres*, Voortrekkers,Bpk, Johannesburg, 1939.
- Muller, C.F.J: *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Academia, Pretoria, 1985.

- Natrass, J: *The South African economy: Its growth and change*, Oxford University Press, Cape Town, 1983.
- O'Meara, D: *Forty lost years: The Apartheid state and politics of the NP, 1945,1994*, Rowan Press, Randburg, 1996.
- O'Meara, D: *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948*, Cambridge University Press, Cambridge, 1983.
- Scanell, J.P: *Uit die volk gebore: Sanlam se eerste vyftig jaar*, Nasionale Boekhandel Bpk, Kaapstad, 1969.
- Schumann, C.G.W: *Die huidige posisie van die Afrikaner op ekonomiese gebied, in Referate, Besluite en Presensielys van die Ekonomiese Volkskongres, Voortrekkers,Bpk, Johannesburg, 1939.*
- Stokes, R.G: "The Afrikaner industrial entrepreneur and Afrikaner nationalism," in *Economic Development and Cultural Change*, 22(4). University of Chicago Press, 1974.
- Tereblanche, S: *A History of inequality in South Africa: 1652-2002*, University of Natal Press, Pietermaritzburg, 2002.
- Thompson, L.M: *A History of South Africa*, Yale University Press, London, 1995.

1.2 Ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte

- Ehlers, A: "Die geskiedenis van Trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank beperk tot 1971," Ongepubliseerde D.Phil proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2002.
- Ehlers, A: "Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare 1915-1920," Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1986.
- J.J. Rossouw: "Inflation in South-Africa 1921-2006: History, measurement and credibility," Ongepubliseerde D.Phil proefskrif, Universiteit van Kwazulu Natal, 2008.
- Koen, W.P.G: "SANLAM- Tussen twee wêreldoorloë sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner, 1918-1939," Ongepubliseerde M-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1987.
- Verhoef, G: "The history of Federale Mynbou beperk," Ongepubliseerde navorsingsverslag vir GENCOR, 1993.
- Wasserman, J.M: "The Natal Afrikaner and the Anglo-Boer war," Ongepubliseerde D.lit et Phil proefskrif, University of Pretoria, 2005.

1.3 Artikels

- Benfield, B.C: “South-African life assurance legislation: A survey,” in *South-African Journal of Economics*, 65(4), 1997.
- Giliomee, H: “Western Cape Farmers and the Beginnings of African Nationalism. 1870 – 1915,” in *Journal of South African Studies*, 14(1), 1987.
- Giliomee, H: “Die Afrikaners van 1910 tot 2010,” in *Solidariteit: Helpende Hand, Reddingsdaadkongres*, Kraal Uitgewers, Pretoria, 2009.
- Iliffe, J: “The South African Economy, 1652-1997,” in *The Economic History Review*, 52(1), February, 1999.
- Sadie, J.L: The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy, *Annals of the University of Stellenbosch*, 2002/1, Stellenbosch, 2002.
- Spyrou, H: “The development of insurance businesses in the union of South Africa,” in *South African Journal of Economics*, 23(4), 1987.
- Verhoef, G: “Nationalism, social capital and economic empowerment: SANLAM and the economic upliftment of the Afrikaner people, 1918-1960” in *Business History*, 50(6). November 2008.

1.4 Koerantartikels

- *Die Beeld*: 2/7/80, p.28 (Sanbes se fondse gee meer).
- *Die Burger*: 12/02/1930, p.4 (Volksraad: Spesiale hulpverlening aan boere).
- *Die Burger*: 4/10/1939, p.3 (Skema om die Afrikaner ekonomies sterk te maak).
- *Die Burger*: 17/09/70, p.23 (SANLAM, Santam: Samesmelting afgelas – Dr. Diederichs los ’n bom).
- *Die Fakel*: April 1966, pp.28-29 (Ons kuier by die familie).
- *Die Volksblad*: 6/4/1979, p.19 (SANLAM se vyf vorder mooi).
- *Tegniek*: Oktober 1958, p.8 (Nuwe soort SANLAM-beleggings).
- *Tegniek*: Desember 1959, p.12 (Voorsittersrede van Federale Mynbou, Bpk).
- *Tegniek*: Januarie 1960, p.8 (Maatskappyvergadering – Federale Mynbou Beperk).
- *Tegniek*: April 1964, p.5 (Effektetrust van Suid-Afrika sal vyfde in Suid-Afrika wees).
- *Tegniek*: Februarie 1965, p.5 (Mankor kry belang in vragmotormark).

- *Tegniek*: Mei 1967, p.7 (SANLAM belê in rolprente en bioskope).
- *Tegniek*: Mei 1970, p.1 (SANLAM het nou grootste belang in land se rolprentbedryf).
- *Tegniek*: Julie 1970, p.1 (Sanfinans- nuwe sleutelmaatskappy op finansiële gebied).
- *The Star*: 10/08/1983, pp.1-2 (SA giants scramble for economic control).

1.5 Internet bronne

- Die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Appèlafdeling): “SANLAM vs Rainbow Diamonds (Edms)Beperk,” 19/03/1984, pp.4-5.
<http://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/41.html>. (15 April 2011).

2. OWERHEIDSPUBLIKASIES

- SA: 5/1/4: SANLAMwet: Unie van Suid-Afrika: Private Wet, No.3 van 1954, Artikel 5, ABC Pers, Kaapstad, 1964.
- Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Versekeringswet, no. 27 van 1943.
- Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Wet op Beheer van Effektetrustskemas, no.18 van 1947.

3. PRIMÊRE BRONNE: SANLAM Argief (SA)

3.1 Notules van SANLAM

3.1.1 Hoofbestuurnotules.

SA: Notules van die Hoofbestuurvergaderings, 1918-1980.

3.1.2 Dagbestuurnotules.

SA: Notules van die Dagbestuurvergaderings, 1922-1980.

3.1.3 Direksievergaderings.

SA: Notules van die Direksievergaderings, 1945-1980.

3.2 Notules van Santam se Direksievergaderings.

SA: Notules van Santam se Hoofbestuurvergaderings, 05/12/1917 en 03/05/1918.

3.3 Gepubliseerde Jaarverslae en inskrywings.

SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Voorsittersrede van SANLAM, 1919-1980.

3.4 Gepubliseerde Balansstate van SANLAM.

SA: 5/2/1: Jaarstate en vergaderings: Balansstate van SANLAM, 1921-1980.

3.5 Memorandums en ander dokumente aan die SANLAM Raad.

3.5.1 Beleggingsadministrasie

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Bate en laste in Rhodesië en Zambië, ” 1970-1971 (bylae 3).

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Ekonomiese toestande in Rhodesië.” (bylae) 4/04/1968.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake beleggings in Rhodesië, Zambië en Malawi,” 30/10/1965.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake beleggings in Rhodesië, Zambië en Malawi,” 30/10/1965.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld,” 1967.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: “Memorandum insake Rhodesië as beleggingsveld,” 1967.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: Memorandum: The basis of investment, the safe rent, p.3.SA:3/1/1: Beleggingsadministrasie: DJ Malan: Memorandum insake beleggings in Rhodesië. 07/05/1968.

SA: 3/1/1: Beleggingsadministrasie: P Scholtz: “Memorandum insake beleggings in die Federasie van Rhodesië en Njassaland.” 10/12/1958.

3.5.2 Beleggingsnavorsing

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum aan die raad insake rentekoerse,” 29/07/1953.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum insake beleggings in gewone aandele,” 09/02/1951.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum insake beleggings in gewone aandele,” 1970.

SA:3/1/2: Beleggingsnavorsing: P, Scholtz: “Memorandum insake verwante beleggingshuise,” 03/14/1968.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “SANLAMTrust: ’n opleidingstuk,” April 1967.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Memorandum insake tereinbepalings binne die SANLAM-groep van maatskappye,” 24/03/1953.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: “Wrywing tussen maatskappye binne die SANLAM-groep en die moontlike uitskakeling daarvan.” 18/08/1958.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandum aan die raad insake voorgestelde Pensioenbeleggingsmaatskappy,” 16/03/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandums insake beleggings in gewone aandele,” 18/08/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandums insake beleggings in gewone aandele,” 20/10/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandums insake beleggings in gewone aandele,” 14/04/1959.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandum insake voorgestelde akte van oprigting en statute vir Pensioenbeleggingsmaatskappy,” 26/03/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Beleggingsekretaris: “Memorandum insake voorgestelde finansieringsmaatskappy vir hantering van korttermyn fondse,” 29/04/1953.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: DG Du Plessis: “Memorandum insake nie-blanke besigheid,” 03/07/1958.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake beleggings in gewone aandele,” 09/02/1951.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake die verhouding tussen SANLAM en AHT,” 6/12/1962.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake rentekoerse,” 29/07/1953.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM se Pensioenmaatskappy,” 11/05/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM se Pensioenmaatskappy,” 12/04/1954.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/African Homes Trust verhouding,” 11/12/1962.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/African Homes Trust verhouding,” 14/02/1963.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Hoofbestuurder: “Memorandum insake SANLAM/Bonuskor verhouding,” 05/02/1960.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: JJ. Marais & DJ. Malan: “Bate en beleggingsbeleid van die 4 grootste Suid-Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappye,” (Bylae).

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: JJHeymann & P Steyn: “Memorandum insake korttermynfondse in Rhodesië,” 17/04/1974.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: JJJ Marais: “Memorandum insake beleggings in aandele,” 1961.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Voorsittersrede van Sentrale Finansie Korporasie, 1961.

SA: 3/1/2: Beleggingsnavorsing: Voorsittersrede van Sentrale Finansie Korporasie. 1958.

3.5.3 Diverse dokumente.

SA: 1/2/13/2: Produk promosiemonsters 1918-1934: ’n Brosjyre van SANLAM se industriële lewenspolis, 1920.

SA:3/1: Beleggings: “Memorandum aan alle verteenwoordigers insake eenheidstrust,” 14/09/1966.

SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: “Persverklaring gerig aan Opebare betrekkinge van SANLAM,” 7/09/1971.

SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: T de Villiers: “Brief aan P Du Preez insake Sanbes se portefeuljeplan,” 6/02/1973.

SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: Voorsittersrede van Sanbes, 1969.

SA: 3/1/5: Sanbes/SANLAMtrust: Voorsittersrede van SANLAMtrust, 1972.

SA: 3/1: Publikasies oor SANLAM: *Supplement to Financial Mail*: 26/11/1971 (Die ‘laager’ brei uit.)

SA: 3/2/2: Gebou/dorpsgebiede: “Nuwe dorp aan Natalse Suidkus,” 27/08/1976.

SA: 3/2/2: Gebou/dorpsgebiede: P Steyn: “Memorandum insake dorpsgebied ontwikkeling,” 8/12/1976.

SA: 5/1/1: Stigting: Statute en Akte van oprigting van SANLAM, 1919.

SA: 5/1/4: SANLAMwet: Unie van Suid-Afrika: Private Wet, No.3 van 1954, Artikel 5, ABC Pers, Kaapstad, 1964.

SA: 5/1/3: Santam/SANLAM: “Memorandum insake finansiële verhouding tussen SANLAM en Santam.”

SA: 5/1/3: Santam/SANLAM: “Verhouding tussen SANLAM en Santam deur die algemene bestuurder en sekretaris van Santam en SANLAM.”

SA: 6/1/6G: Gencor: Memorandum aan SANLAM direksie insake Federale mynbou, 19/03/1980.

SA: 8: M.S. Louw dokumente: “Eerste prospektus van Federale mynbou,” 1958.

SA: 8: M.S. Louw dokumente: “Memorandum insake ’n verstandhouding tussen SANLAM, Bonuskor en FVB in verband met ’n verdere kapitaaluitbreiding van Federale Mynmaatskappy beperk,” 11/09/1957.

SA: 8: M.S. Louw dokumente: Eerste prospektus: Mynkor beleggingskorporasie, 1960.

SA: 8: M.S. Louw dokumente: MS Louw: “Die opkoms van die Afrikaner op ekonomiese gebied, Toespraak gelewer aan die kultuurvereniging,” 1950.

SA: 12/1/6: Mediese fondse/Sanmed: *Die Oggendblad*: 20/2/1980 (Sanmed bestee R17 miljoen).

SA: 12/1/6: Mediese fondse/Sanmed: *Die Transvaler*: 20/2/1980 (Sanmed gee 93% terug).

SA: 12/2/3: Effektetrusts, 1976-1984: *Die Transvaler*: 4/3/1978 (Dalk vyfde fonds vir Sanbes).

SA: 12/2/6: Filiale (Alg), 1969-1985: *Insurance magazine*, June 1970 (SANLAM en Santam).

SA: 15: M.S. Louw dokumente (Saambou): MS Louw: Doel en strewe van Saambou – toespraak by die bestuurskonferensie, Oktober 1957.

SA: 16. M.S. Louw dokumente: PR, Rorich: “Memorandum insake Sentrale finansie-korporasie beperk,” 3/02/1955.

SA: 16: M.S. Louw dokumente: “Memorandum aan die raad insake finansieringsmaatskappy,” 20/10/1938.

SA: 16: M.S. Louw dokumente: Voorsittersrede van Sentrale Finasiëkorporasie. 1960.

SA: 16: M.S. Louwdokumente: MS Louw: “Die opkoms van die Afrikaner op ekonomiese gebied.”

SA: 19: M.S. Louw: “South Africa – Its economic development and potential, Address to the Swiss-South African Association at Zurich,” 01/10/1962.

SA: B10: Beleggingsoorsig: JJ Heyman & WS Pretorius: “Memorandum insake beleggingsbegroting: 1971-1972,” 23/10/1971.

SA: B10: Beleggingsoorsig: WS Pretorius: “Memorandum insake beleggingsoorsig en vooruitsigte aan die SANLAM-Direksie,” 28/11/1972.

SA: B10: JJ Heymann & WS Pretorius: “Memorandum insake beleggingsoorsig,” 18/03/1972.

SA: Metropolitan life 1898-1989. (Gebaseer op die navorsing van Eric Rosenthal 1956).

SA: Nuusuitreiking: Mankor Persverklaring, 18/06/1970.

SA: Nuusuitreikings: A. Coetzee: "SANLAM to transfer Zimbabwean business,"
22/02/1992.

SA: Ontleding van finansiële state: "Inhoudsopgawe van bylae tot die finansiële state,"
30/09/1980.